

TAALKOMMUNIKASIE EN TAALBEPLANNING
OP DIE MYNE VAN NAMIBIË

JACOBA JOHANNA FOURIE
M.A.

PROEFSKRIF
VOORGELê VIR DIE GRAAD
DOCTOR LITTERARUM
IN DIE DEPARTEMENT
AFRIKAANS-NEDERLANDS
aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE

HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: PROF. H.G.W. DU PLESSIS

1992

B E D A N K I N G

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

Prof. H.G.W. du Plessis, my studieleier, vir sy inspirerende leiding en nuttige wenke waarby hierdie proefskrif inhoudelik gebaat het;

kollegas van die Akademie met wie ek gesprek kon voer;

die Kamer van Mynwese en die Arbeidsbevorderingsfonds-beheerraad vir steun in die versameling van data;

die Komitee vir Navorsingsprioriteite vir finansiële steun;

almal wat vrywillig meegewerk het om inligting te verskaf;

die Mynbesture vir die vriendelike ontvangs en vir die beskikbaarstelling van senior personeel om inligting te help versamel;

Johan, Jan, Wilna en Pever vir hulle ondersteuning, meelewering en motivering.

TAALKOMMUNIKASIE EN TAALBEPLANNING
OP DIE MYNE VAN NAMIBIË

HOOFSTUKINDELING

1	DIE STAND VAN AFRIKAANS IN NAMIBIË: 1800 - 1991.	BLADSY
1.1	Inleiding	1
1.2	Die praktiese waarde van Afrikaans	2
1.3	Afrikaans as koloniale taal	7
1.4	Die vestiging van Afrikaans as algemene omgangstaal	14
1.5	'n Werkstaal vir die myne	28
1.6	Samevatting	30
2	NAVORSINGSMETODIEK	32
2.1	Inleiding	33
2.2	Doelstelling	37
2.3	Hipotese	41
2.4	Aktualiteit	42

2.5	Onderzoekmetodes en dataversameling	51
2.5.1	Inleiding	51
2.5.2	Informele dataversameling	52
	a) Waarneming	52
	b) Onderhoude en groepbesprekings	58
2.5.3	Formele dataversameling	59
	a) Kursusinligting	59
	b) Die vraelys	62
	Algemene doelstellings	63
	Spesifieke doelstellings	63
	Steekproefgrootte	66
	c) Inhoud	70
	d) Implementering	77
	e) Ontleding	80
3	KOMMUNIKASIE OP DIE MYNE VAN NAMIBIË	81
3.1	Inleiding	81
3.2.	Die kommunikasieproses	82
3.2.1	Die gespreksgenote	87
3.2.2	Steurnisse	87
	a) Kanaalsteunisse	87
	b) Taalsteunisse (lokusies)	90
	c) Taalfunksies (illokusies)	104
	d) Agtergrond (gesprekstrategie	110
	e) Sosiale omgewing (konteks & situasie)	115

3.2.3	Interne en eksterne faktore in botsing	125
3.2.4	Oorsig	135
4	TAALBEPLANNING	140
4.1	Inleiding	140
4.2	Die spraakgemeenskap	141
4.3	Definisie van taalbeplanning	142
4.4	Die doel met taalbeplanning	146
4.5	Taalbeplanningsfases	156
4.6	Samevatting	168
5	AANBEVELINGS: TAALBEPLANNING VIR DIE MYNE BINNE DIE NAMIBIESE KONTEKS	169
5.1	Inleiding	169
5.2	Doel met taalbeplanning	172
5.3	Feiteversameling	179
5.4	Implementering	186
	5.4.1 Taalkursusse	191
	5.4.2 Kursusmateriaal	192
	5.4.3 Spesifieke vereistes	195
	5.4.4 Metodiek	195
5.5	Evaluering	196
5.6	Samevatting	197

6	SINOPSIS	199
7	ABSTRACT	201
BYLAES		
BYLAE A :	DIE TALE VAN NAMIBIë	203
BYLAE B :	DIE VRAELYS EN BEGELEIDENDE STUKKE	204
1	Begeleidende brief	205
2	Instruksies	206
3	Vraelys	207
BYLAE C :	VRAELYSINLIGTING	220
	<u>MYNGROEP 1</u>	220
	MYN 1	220
	MYN 2	234
	<u>MYNGROEP 2</u>	247
	MYN 3 :	247
	MYN 4 :	262
	MYN 5 :	276

<u>MYNGROEP 3</u>	290
MYN 6 :	290
Antwoorden op Vraag 20	308
Antwoorden op Vraag 29	312
BIBLIOGRAFIE	316

HOOFSTUK 1

DIE STAND VAN AFRIKAANS IN NAMIBIË : 1800 - 1991

INHOUD

1.1	Inleiding	1
1.2	Die praktiese waarde van Afrikaans	2
1.3	Afrikaans as koloniale taal	7
1.4	Die vestiging van Afrikaans as algemene omgangstaal	14
1.5	'n Werkstaal vir die myne	28
1.6	Samevatting	30

1.1 Inleiding

Die doel met hierdie studie is om onder andere vir die Kamer van Mynwese die talesituasie op die myne in Namibië te ontleed en na aanleiding van dié navorsing, 'n taal of tale aan te beveel wat onder werknemers gepromoveer kan word ten einde kommunikasieprobleme wat tans op die myne bestaan, te verbeter. Mynbesture in Namibië sou graag taalkursusse tot die beskikking van werknemers wou stel ten einde hulle taalvaardighede in hetsy Engels en/of Afrikaans te bevorder. Tans is Engels die enigste amptelike taal in Namibië, terwyl Afrikaans in werklikheid die "amptelike omgangstaal" van sowat 80% of meer, van die multitalige bevolking is. Soos in Suid-Afrika, speel Fanagalo as gespreksmedium tans nie in

die myne 'n noemenswaardige rol nie en daarom sal net Afrikaans en Engels vir taalbeplanning by die myne in aanmerking geneem word.

Afrikaans het sy amptelike status met onafhanklikheidswording verloor. Die redes daarvoor is volgens die UNIN-verslag (1981:3,8) dat Afrikaans onaanvaarbaar is omdat dit gesien word as die taal van die onderdrukker, 'n koloniale taal wat op die inwoners afgedruk is en wat geen praktiese waarde buite die landsgrense het nie. Op grond van hierdie redes is 'n politieke besluit geneem waarby werklike taalbeplanning geen rol gespeel het nie. Engels is die "onbeplande" enigste amptelike taal; van al die inheemse tale, die taal met die minste aantal moedertaalsprekers.

1.2 Die praktiese waarde van Afrikaans

H.G.W. du Plessis (1987:12) argumenteer dat alle tale, hoe klein ook al, 'n praktiese waarde het en volgens Ohly (1991) kan 'n gemeenskap waarvan 40% van die bevolking ongeletterd is, nie die bestaan van 'n algemene omgangstaal misken nie - al sou die taal geen praktiese waarde buite die landsgrense hê nie. Dit sou neerkom op die uitspraak wat Jan Spies tydens 'n taalforum op 30 Augustus 1989 gemaak het: "vat Afrikaans in Namibië weg, en dis om 'n hele bevolking met doofheid en stomheid te slaan".

Afrikaans het binne Namibië wel praktiese waarde en die rol wat die taal speel, kan nie ontken word nie. Daarom is in die AGN 4-verslag (Suidwes-Afrika, 1982:129) tot die slotsom gekom dat Engels baie belangrik is, maar dat beide tale, Afrikaans en Engels, "nodig is en dat die status quo gehandhaaf moet word". Dit sou in landsbelang wees as albei die amptelike tale van die koloniale regering hul amptelike status sou kon behou.

Ook Ohly (1991) beklemtoon hierdie aspek. Hy verwys na die dekoloniseringsprosesse in Afrika en die daarmee gepaardgaande keuses van amptelike tale in die state wat onafhanklik geword het (vgl. ook H.G.W. du Plessis, 1987:14). Oral is die koloniale taalsituasie behou en in verskeie gevalle is dit later verander om 'n inheemse taal "amptelike" nasionale status te gee - in baie gevalle was dit ten koste van Engels, soos in die Kano-staat in Nigerië waar die implementering van Engels as onderrigmedium, verreikende gevolge gehad het. In Namibië sou Afrikaans, die huistaal van meer as 30% van die bevolking (Van der Merwe, 1989:100) om die bogenoemde redes dus nie te maklik buite rekening gelaat kan word nie.

In die onderstaande grafieke word die persentasies aangedui van die mate waarin Namibiërs Afrikaans bemeester (RGN, 1982: Dele 1 - X11). Die sleutel vir die afkortings in die grafiek is soos volg:

Ba : Basters

Bo : Boesmans

Bl : Alle Blankes

(Duits, Engels en Afrikaans) Ca : Capriviane

Da : Damaras

He : Herero's

Ka : Kavango's

Kl : Kleurlinge

Na : Namas


Ov : Owambo's

Grafieke


Grafiek 1 toon aan in watter mate die verskillende bevolkingsgroepe Afrikaans verstaan.

Grafiek 2 illustreer die mate waarin die verskillende bevolkingsgroepe Afrikaans kan praat.

Grafiek 1: Verstaan Afrikaans



Grafiek 2: Praat Afrikaans



Afrikaans het dus wel binne Namibië praktiese waarde. Die taal het een standaardvorm wat as skryftaal funksioneer en indien die skryftale vir Wambosprekers (die grootste bevolkingsgroep) apart verreken word, het Afrikaans selfs meer gebruikers as enige van die Wambodialekte wat as skryftale funksioneer (Van der Merwe, 1989: 92 - 93). Wambotale word hoofsaaklik deur hierdie een kultuurgroep gebruik, terwyl verskillende kultuurgroepe Afrikaans praat en/of skryf en Van der Merwe (1989:93) haal uit die UNIN-verslag (1981:5) aan waarin daar genoem word dat sprekers van verskillende tale eerder Afrikaans, as hul moedertale vir kommunikasie benut.

Afrikaans is dus die algemeenste omgangstaal in die land en het praktiese waarde.

1.3 Afrikaans as koloniale taal

Volgens die UNIN-verslag (vgl. ook Harlech-Jones: 1988) word Afrikaans beskou as die taal van die onderdrukker wat op die inwoners van die land afgeforceer is. Hierdie twee bronne, sowel as H.G.W. du Plessis (1987) en Van der Merwe (1989) behandel Afrikaans as "'n eenheidstaal", terwyl Cluver (1991:5) verwys na 'n Afrikaanse variëteit (Standaard-afrikaans) wat na 1950 deur die Afrikaanssprekende amptenary en die blanke onderwysers in die skole ingevoer is en

waardeur die ander variëteite van Afrikaans gestigmatiseer is (Cluver, 1991:11). Dit is Standaardafrikaans wat op die inwoners afgeforseer is.

Cluver se aanname is om twee redes nie aanvaarbaar nie. In die eerste plek was Standaardafrikaans al sedert 1925 'n standaardtaal in die land en tweedens word alle tale, ten spyte van hulle heterogene aard, as homogene entiteite ervaar. Ten opsigte van elke taal is daar telkens twee hoofkomponente: 'n standaardvorm wat om verskeie redes as normtaal en skryftaal funksioneer en verskeie variëteite wat in die algemene spreektaal, onder andere 'n identifiseringsfunksie vervul. As na Afrikaans verwys word, sluit dit dus albei hierdie komponente in: die skryftaal en die spreektaal.

Op grond van die geskiedenis van Afrikaans in Namibië, beskou H.G.W. du Plessis (1987) en Van der Merwe (1989) Afrikaans nie as 'n "afgedrukte" taal nie, maar as 'n taal wat reeds in die negentiende eeu deur ander groepe as blankes in die land ingebring is. Volgens Du Plessis is Afrikaans nie 'n koloniale taal nie omdat Oorlamsgroepe reeds teen 1850 in die land gevestig was en hulle het Kaaps-Hollands gepraat.

Ook Van der Merwe ondersteun hierdie feit en verwys ook na die Basters wat 'n soortgelyke variëteit van Afrikaans

gebruik het as die Oorlams, en wat ná die Khoigroepe in 1865 in Namibië aangekom het. Sy wys verder daarop dat daar in 1858 slegs rekenskap gegee kan word van drie blanke gesinne wat in die land woonagtig was, en dat die grootste intog van blankes eers na 1890 plaasgevind het (Van der Merwe, 1989: 22). Voorts verwys Van der Merwe (1989: 24 - 29) na gedeeltes uit die Ryksboek bevattende alle wetten en regten van het Kapiteinschap te Bethanië (1847) en die Wetboek der Rehobother Bastaards (1872 - 1874) om te staaf dat die vroeë Afrikaans (soos vervat in hierdie dokumente) toe reeds as prestigetaal vir hoë funksies in die kerk, in die skool en as regerigstaal gefunksioneer het.

Oor die feit dat ander groepe as blankes met kennis van vroeë Afrikaans (Kaaps-Hollands) die land binnegekom het, is daar nie twyfel nie. Verskeie geskrifte van historici en taalkundiges staaf dit. Wat wel tans algemene diskussie ontlok, is of dié Afrikaans wat as onderdrukkerstaal gesien word, alle variëteite van Afrikaans insluit, of nie.

Cluver (1991:2 - 3) onderskei tussen Namibiese Afrikaans "om te verwys na enigene van 'n reeks variëteite wat uit Oranjerivierafrikaans ontstaan het of sterk daardeur beïnvloed is" en Standaardafrikaans wat in woordeboeke gekodifiseer is en wat in skole, die media, die kerk en na 1950, deur die administrasie gebruik is. Volgens sy uitgangspunt is dit hierdie laasgenoemde variëteit van

Afrikaans wat die gestigmatiseerde variëteit van Afrikaans is - die koloniale taal.

Hy weerlê die uitgangspunte van H.G.W. du Plessis en Van der Merwe en redeneer dat Afrikaans nie in die vorige eeu die prestigetaal was nie, maar dat dit Hollands was. Die redes wat hy vir sy vertrekpunt aanvoer, is dat die Oorlams en die Basters verskillende vorme van gekreoliseerde Kaaps-Hollands as spreektaal gebruik het en dat Hollands die doeltaal en skryftaal was. Hy haal uit die Quellen-stukke (band 7) aan en bewys daarmee dat etlike Oorlams nie die Hollands in die kerk sonder die hulp van 'n tolk kon verstaan nie - Kaaps-Hollands was dus hulle tweede taal (vgl. ook Van der Merwe, 1989:25). Derdens bevraagteken hy die feit dat Du Plessis en Van der Merwe "implisiet 'n lineêre verband tussen Afrikaans van die Khoekhoe en vandag se Namibiese Afrikaans" plaas (1991:4-5) en by implikasie daarmee wil voorgee dat Afrikaans 'n eenheidstaal is. Tog is Cluver (1991:4) van mening dat die vroeë Namibiese Afrikaans "relatief min van Standaardafrikaans verskil" het.

Al drie die aangehaalde skrywers is dit dus eens dat Kaaps-Hollands (vroeë Afrikaans) in die tweede helfte van die negentiende eeu 'n redelik algemene spreektaal was. Cluver se argument dat die spreektaal in 'n groot mate met die latere Standaardafrikaans ooreengestem het, is ook aanvaarbaar, maar sy uitgangspunt dat Hollands die taal met

hoër prestige was, word nie suiwer beredeneer nie. 'n Mens moet onthou dat die skryftaal altyd baie konserwatief is om spreektaalvorme te akkommodeer. Die aangeleerde Hollandse skryftaal sou dus uiteraard in geskifte sterker na vore kom as wat die werklike spreektaal daarin sou figureer. Verder is dit ook so dat Hollands 'n gestandaardiseerde skryftaal was en vroeë Afrikaans nie. As sendelinge of ander "geleerde" leiers dus moes briewe skryf, sou hulle die kode probeer gebruik het wat vir hulle die bekendste was of waarin hulle leerstof kon vind om kinders geskool te kry. (Gebore Namibiërs sê hulle moes tussen 1900 en 1925 Hollands in die skool lees, maar hulle kon "plat Afrikaans" skryf.) Dordens het Afrikaans reeds in 1925 'n gestandaardiseerde skryftaal geword en omdat die spreektaal in die land toe baie nader aan die gestandaardiseerde skryftaalvorm van vroeë Afrikaans was, is dit maklik as die teikenvariëteit deur die Namibiërs aanvaar - "'n resultaat van eie besluit eerder as 'n gedwonge daad" (Cluver, 1991:12).

'n Foutiewe afleiding wat Cluver (1991:9) maak, is om te aanvaar dat "trekboere eerder 'n vorm van Oranjerivier-afrikaans as Standaardafrikaans gepraat het en dat Afrikaans in die suide en sentrale dele van die land 'n soort eenheidstaal was." Daar behoort 'n onderskeid gemaak te word tussen die herkoms en die variëteite van die vroeë trekboere wat soos die Oorlams, hoofsaaklik uit die Kaapprovinsie gekom het, en die latere trekboere wat hulle

na die Eerste Wêreldoorlog in groot getalle uit die Transvaal en die Oranje-Vrystaat in die mandaatgebied van die Unie van Suid-Afrika kom vestig het. Die suide was reeds grootliks beset en hulle het hulle in die sentrale en meer noordelike dorpe gevestig. Hulle variëteite het heelwat verskil van dié van die Oorlams, Basters en die blankes in die suide van die land en was selfs nader aan die teikenvariëteit wat later tot Standaardafrikaans ontwikkel het.

Wat uit die werk van al drie die bogenoemde skrywers blyk, is dat verskillende variëteite van Afrikaans in Namibië teenwoordig was en dat Afrikaans baie goed gevestig was voordat die Suid-Afrikaanse regering hul apartheidsbeleid begin toepas het. Die aanname dat net die standaardvariëteit die "afgedrukte", en die eintlike onaanvaarbare variëteit is, is teen die agtergrond van die geskiedenis van Afrikaans in Namibië en die huidige stand van Afrikaans in die land, nie aanvaarbaar en logies afleibaar nie. Ander variëteite is nie deur die standaardvariëteit onderdruk nie (Cluver, 1991:12), want 'n standaardtaal is nie eintlik 'n spreektaal nie en taalbeginsels wat op alle ander tale van toepassing is, kan ook van die variëteite in Namibië gesê word: die variëteite is die spreektaalvorme wat vir identifiseringsfunksies benut word, terwyl die "chosen variety" (Standaardafrikaans) "has been one with no native speakers at all" (Hudson, 1980:33).

Dit verklaar dan ook waarom verskeie variëteite steeds in die land gepraat word - en wel deur baie Namibiërs wat nooit die standaardtaal in die skool geleer het nie.

Die standaardtaal is die skryftaal en mense streef daarna om in hulle spreektaal nader aan die konserwatiewe "korrekte" skryftaalgewig te kom, maar soos by alle tale, funksioneer die verskillende variëteite aanvullend tot die standaardvariëteit en gesamentlik vorm hierdie twee hoofkomponente 'n homogene entiteit, Afrikaans. Of soos in die vorige eeu: Hollands was die standaardvorm (vgl. Van der Merwe, 1989: 31) wat saam met die verskillende spreektaalvariëteite vroeë Afrikaans genoem kan word. Gesamentlik was dit die voorlopers vir die gestandaardiseerde vorm van die latere Afrikaans. Toe die variëteitsverskille te groot begin raak het, en die kenners van die normskryftaal te min, is 'n bekender en algemener spreektaalvariëteit in 1925 gestandaardiseer en dit het die ou normskryftaal (Hollands) vervang.

Vroeë Afrikaans (Hollands-Afrikaans) was dus in die negentiende eeu al prestigetaal, en gestandaardiseerde Afrikaans en sy variëteite was 'n eenheidstaal en prestigetaal totdat 'n politieke bestel dit as geheel gestigmatiseer het (vgl. ook Van der Merwe, 1989:6).

Afrikaans word in Namibië deur sy sprekers as 'n eenheidstaal ervaar en die taal is as geheel onaanvaarbaar vir diegene wat met die regering van die RSA ontevrede was. Dit het nie sy amptelike status verloor omdat een variëteit wat geskryf word, onaanvaarbaar is nie, maar omdat een groep sprekers die taal as geheel vir hulle alleen as 'n eiesoortige kultuurskat toegeëien het. Die inwoners van die land was ontevrede met die regering wat Afrikaans was en al sou hierdie regering enige ander variëteit van Afrikaans benut het, sou dit by implikasie nie Afrikaans meer aanvaarbaar gemaak het nie. Afrikaans (watter variëteit ook al) sou by implikasie aanvaarbaar gebly het as skole oop was sodat enige Namibiese leerling toegang tot enige Afrikaanse skool kon hê en as leerinhoude ook die lewenswyses van ander bevolkingsgroepe erken het. Dit sou enige variëteit van Afrikaans aanvaarbaar gemaak het.

1.4 Die vestiging van Afrikaans as algemene omgangstaal in Namibië

Volgens Steyn (1980:18) groei of kwyn 'n taal op grond van sy vermeende hoedanighede. 'n Taal is die draer van kultuur en kan groei as dit beskou word as 'n taal van 'n meer hoogstaande kultuur as wat die geval ten opsigte van ander tale in 'n land is (Van der Merwe, 1989: 27) of sprekers kan 'n taal kies omdat dit vir hulle op ekonomiese gebied

voordeel kan inhou, of omdat dit die taal van die militêre of politieke heerser is (vgl. ook Cluver, 1991:6).

Cluver (1991:7 - 8) noem enkele destabiliseringsperiodes en een stabiliserende periode wat vir die verspreiding en vestiging van Afrikaans in Namibië verantwoordelik was, nl.:

1 Militêre destabilisasie het tussen 1830 en 1858 met die binnekoms van die Oorlams in Namibië plaasgevind. Die gevolg van die bloedvergietende oorloë tussen die Namas en die Oorlams, het kulturele en ekonomiese versteuring tot gevolg gehad en die taal van die militêr sterkste Oorlamsgroepe is in die suide en sentrale dele van Namibië gevestig.

2 Met die anneksasie van die gebied deur Duitsland, is inheemse groepe verder vir akkulturasie en taalverskuiwing ontvanklik gemaak. Die stelsel van trekarbeid is ingevoer en alle inheemse tale is tussen 1905 en 1915 deur die "amptelike status" van Duits versteur.

3 Tussen 1916 en 1947 was dit 'n tydperk van stabilisasie waartydens blankes se belange meestal ten koste van die ander inheemse bevolkingsgroepe voorop gestel is, en

4 die periode tussen 1948 tot 1990 was destabiliserend omdat die Suid-Afrikaanse regering toe hulle apartheidsbeleid ingestel en begin toepas het.

Die vroeëre en huidige status van alle variëteite van Afrikaans en dié van al die inheemse tale in Namibië (kyk Bylae A) hang dus nou saam met hulle geskiedenis in Namibië. Op grond van Afrikaans se geskiedenis as skooltaal en omgangstaal, sou 'n mens egter slegs in terme van die laaste 25-30 jaar van sy teenwoordigheid in Namibië, werklik van 'n "koloniale" taal kon praat (Cluver, 1991:7). Duits kon tydens die Duitse koloniale bewind nie in die bestek van so 'n kort tydsverloop (ongeveer 30 jaar) in Namibië as amptelike en/of omgangstaal gevestig word nie (Harlech-Jones, 1988:124) en daarom sou Afrikaans ook nie tans so 'n sterk omgangstaal kon gewees het as dit vir sy gebruiksomvang en groei van die Suid-Afrikaanse regering se apartheidbeleid afhanklik was nie.

Uit 'n oorsig van die geskiedenis van Afrikaans en ander inheemse tale in die skoolopset in Namibië, blyk dit duidelik dat die algemeenste spreektaal in die land telkens in die verlede die skoolmedium bepaal het. Afrikaans is sedert die begin van die 19de eeu eers in die suide en later tot in die verre noorde van die land as die praktiese kommunikasiemedium benut en as sodanig het die taal in die

sendingsskole, en na 1921 ook in die blankes se skole, as medium van onderrig gedien.

Volgens Scholtz (1973:9-11), Heese (1978:255) en die Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Nie-Blanke Onderwys in Suidwes-Afrika (1958:32), was Kaaps-Hollands in die 19de eeu die "lingua franca (van) 'n taamlike groot aantal Hottentotte, veral die Oorlams" (vgl. ook Steyn, 1980). Onderwys het in die negentiende en vroeg twintigste eeu by die onderskeie sendinggenootskappe berus. Hierdie sendelinge wou graag hulle leerlinge in die onderskeie moedertale onderrig, maar het met heftige teenstand van Nama- en Oorlamsouers te doene gekry. Hierdie ouers wou hê dat hulle kinders in Kaaps-Hollands skoolgaan (Heese, 1978: 255 en H.G.W. du Plessis, 1987:4). Wat moedertaalonderrig ten opsigte van die inheemse Afrikatale verder gekortwiek het, was die gebrek aan boeke en onderwysers (Scholtz, 1973:134). Nogtans het Vollmer 'n Namaleesboek geskryf en dit is later wel naas Afrikaans (Kaaps-Hollands) in die skole benut (Heese, 1978:255).

Vir die Herero's is daar aanvanklik in die moedertaal onderrig voorsien aangesien hierdie groep geen kennis van enige Europese taal gehad het nie (Heese, 1978:316), maar met die stigting van die Augustineum in 1886 is drie tale as medium van onderrig in hierdie onderwysersopleidingsentrum benut -- Nama, Herero en Afrikaans (Scholtz, 1973:60; Heese,

1978:316-317; Suidwes-Afrika, 1958:37). Afrikaans is gebruik vir skoolbestuur, Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurstudie en vir die ander vakke is Herero en Nama gelyktydig as medium benut. Op so 'n wyse is onderwysers toegerus om effektief in gemengde skole te kon skoolhou (Suidwes-Afrika, 1958:41) en verder was Herero- en Ovamboëuns se opleiding daarop gemik dat hulle as katekisasiemeesters in die noorde van die land diens kon gaan doen (Heese, 1978:350).

Vanaf 1902 het die Duitse owerheid geld aan die sendelinge beskikbaar gestel om onderrig te kon verbeter en tot en met 1921 is ook met verskeie privaat- en staatskole begin ten einde aan Kleurlinge, Basters en blanke kinders onderwysgeleenthede te gee (Scholtz, 1973:13). Hieruit het verskillende taalvoorkeure geblyk. Die Duitsers wou graag die Duitse taal en kultuur by veral hierdie bogenoemde groepe vestig en sendelinge het steeds moedertaalonderrig voorgestaan, maar het ook terselfdertyd 'n ander Westerse taal benut. Rynse sendelinge het in Afrikaans en die moedertaal onderrig; in die Rooms-Katolieke sendingskole was die moedertaal en Engels die onderrigmediumkeuse (Scholtz, 1973:60); terwyl die Wesleyane en die Anglikane hulle toegelê het op Kleurlingonderwys deur die medium van Engels. Die Owambo's en die Kavango's is deur die Finse sendelinge in hul moedertaal geleer en Afrikaans of Engels is as hulptale gebruik (Lemmer, 1935:190-191).

Volgens Lemmer (1935: 193) was die gehalte van die onderwys in die noorde (Owambo, Kavango en Caprivi) in 1923 nog in 'n aanvangstadium en Harlech-Jones (1988:134) meen dat daar geen bewyse is dat "the latter ever actually used English as medium of instruction for any significant period of time. The agreed practice, in fact, was to use the mother tongue, Nama, or Herero, as a medium of instruction in the first two school years, and then change to Afrikaans as medium."

Die Afrikaanse plattelandse kinders is egter van moedertaalonderrig uitgesluit. Skoolplig is vir blankes ingestel en Afrikaanse plattelandse kinders moes in die Duitse regeringskoshuise inwoon en is deur die medium van Duits onderrig (Heese, 1984:312-313). Die doel was dat Duits by hierdie kinders moes inslag vind. Die Afrikaanse ouers was ontevrede met die regeringskole "niet omdat zij niet willen, dat hun kinderen een vreemde taal moeten aanleeren, in dit geval is het de Duitse taal, maar omdat er geen recht geschiedt aan het Hollandsch" (Naudé, 1913:229 soos aangehaal deur Heese, 1984:234).

Na vele vertoë is Kaaps-Hollands (Afrikaans) op 7 Oktober 1908 op Koës as vak by die Duitse skool (vir die Afrikaanse kinders) aangebied en dit was eers in 1911 dat 'n reglement

na alle regeringskole gestuur is om Afrikaans as vak in alle skole in te voer (Heese, 1984:305-306).

Aanvanklik was die Duitse regering ook bekommerd dat Engels vanuit die Kaapkolonie 'n bedreiging vir Duits en die Duitse kultuur kon inhou, maar die nuwe immigrante uit die Kaap was meestal van Hollandse afkoms en daar was geen sprake daarvan dat Engels uitgebrei het nie (Heese, 1984:334). Engels is derhalwe sedert 1906 in regeringsskole as vak aangebied - voor Afrikaans.

Na die Eerste Wêreldoorlog het Suidwes-Afrika die mandaatgebied van Suid-Afrika geword. Daar is in 1923 toe 'n Onderwyskonferensie in Windhoek belê waaraan al die sendinggenootskappe deelgeneem het (behalwe die Finne van Owambo-land) en waar onderwys vir die eerste keer 'n mate van formele aandag gekry het (Suidwes-Afrika, 1958:41-42). Geen formele besluit is oor taalmedium in skole geneem nie en sendinggenootskappe het tot 1958 hul onderwysarbeid aan die inheemse bevolkingsgroepe voorgesit - in tale waaraan hulle voorkeur gegee het. Die Anglikaanse kerk het in 1924 ook in Owambo begin werk en later het ook die Nederduitse Gereformeerde kerk oral in die res van die land met sendingwerk en "onderwys" begin.

In 1958 het die Kommissie van Onderzoek na Nie-Blanke Onderwys in Suidwes-Afrika ingrypende aanbevelings gedoen.

Dit het neergekom op groter staatsbetrokkenheid in die onderwys aan swartes (Suidwes-Afrika, 1983:46), maar ook was dit die begin van die implementering van die RSA (Suid-Afrika) se seperatistiese beleidsrigting waarvolgens daar met afsonderlike onderwys vir blank en nie-blank begin is (Suidwes-Afrika, 1983:47).

Op die aandrang van swartes na gelyke onderwysgeleenthede, het alle skole in 1978, net soos by die blanke skole, die leerplanne van die Kaapse Onderwysdepartement begin volg. Met die goedkeuring van Wet 30 van 1980 (Suidwes-Afrika, 1983:48) is 'n Christelike en nasionale karakter in die onderwys nagestreef. Dit het by swartes tot ontevredenheid gelei omdat eintlik net die blanke Afrikaner deur die "nasionale" ingesluit is. Gevolglik het Owambo in 1981 besluit om in die senior sekondêre skoolfase slegs Engels as onderrigmedium te erken (Harlech-Jones, 1988:142). Die onderwysers was nie die taal goed magtig nie, en waar hulle dan nie die mas kan opkom nie, het hulle in die moedertaal voortgegaan - met katastrofiese gevolge. (Vir die afgelope twee jaar (1990/1991) het onderskeidelik 7% en 9% van die ingeskrewe kandidate vir matriek in Owambo, die Senior Sertifikaateksamen geslaag en taal is een van die groot bydraende faktore vir hierdie mislukkings).

Die koloniale regering se beleid van moedertaalonderrig is, anders as in die res van die wêreld, gesien as "a means of

inculcating tribal consciousness, the perpetuation of tribal divisions and the reproduction of social, economic and political inequality between whites and blacks" (Harlech-Jones, 1988:144 soos hy aanhaal uit: Hishikushitya, 1985:32).

Volgens Haasbroek en Botha (RGN, 1988:18) is daar in die Nederlandse Antille bevind dat leerlinge swakker presteer as hulle op primêre skoolvlak deur 'n medium onderrig word wat nie voldoende as omgangstaal in hulle samelewing funksioneer nie. Hulle haal voorbeelde aan van studies wat in Uganda, Ghana, Die Republiek van Ierland, Kenia en Zambië gedoen is en wat telkens heenwys na die voordele wat moedertaal-onderrig vir kinders in die primêre skool inhou. Verder wys hulle daarop dat die oorskakeling na 'n vreemde taal geleidelik en op vakgrondslag moet geskied en dat so 'n vreemde taal die leerling moet toerus om tot die beroepswêreld te kan toetree; dat dit die taal moet wees wat in 'n bepaalde streek die meeste gebruik word (Haasbroek & Botha, 1988: xiv).

In die Republiek van Namibië word tans moedertaal in die junior primêre skoolfase gebruik en Engels is die medium van onderrig in die senior primêre en die sekondêre skoolfases. Engels is ook die enigste amptelike taal in die land en talle pogings word aangewend om Engels deur middel van die

elektroniese media en ander instansies, as algemene spreektaal te bevorder.

Uit die voorafgaande blyk dit dat nie die Duitse koloniale regering of die Suid-Afrikaners tot met 1958 veel bemoeienis met onderwys of taalbeleid in skole gedoen het nie (Suidwes-Afrika, 1983:45). Eers in die sestigerjare het die betrokkenheid van die staat toegeneem. Net in die Caprivi was alle onderrig sedert die Suid-Afrikaanse regering se onderwysbemoeienis in Namibië, altyd Engels. Die omgewing was Engels vanweë die inwoners se familiebande met Zambiërs (Suidwes-Afrika, 1983:47) en daarom sou dit sinloos wees om Afrikaans as medium in skole in te voer. Hieruit is verder afleibaar dat Afrikaans dus in die res van die land redelik sterk gevestig moes gewees het.

Hoe sterk Afrikaans reeds aan die begin van die eeu gevestig was, blyk uit die voorafgaande geskiedenis. Die Duitsers was bang dat Afrikaans die Duitse kultuur kon bedreig en as gevolg daarvan is die Afrikaanse kinders (die enigste taalgroep wat nie in hulle moedertaal kon skoolgaan nie) hul taal misgun, terwyl Engels, wat eintlik geen moedertaalsprekers gehad het nie, as skoolvak aangebied is (Heese, 1984:312-313).

Volgens Harlech-Jones (1988: en hy haal Brosnahan, 1963:15 aan) is daar vier basiese faktore nodig om 'n taal as lingua

franca te vestig, nl: dit moet vir 'n redelike lang tydperk deur 'n multilinguistiese spraakgemeenskap wat oor 'n groot area versprei is, gepraat word en verder moet so 'n taal vir die sprekers materiële voordeel inhou. Dit is moontlik die redes waarom Duits nie as algemene omgangstaal in Namibië gevestig kon word nie. Die Duitse koloniale tydperk was te kort en Duits is nie oor 'n groot area en deur so 'n verskeidenheid kultuurgroepe benut soos wat die geval met Afrikaans was of tans nog is nie.

Na die Eerste Wêreldoorlog was Afrikaans reeds die enigste algemene kommunikasiemiddel en toe die voorskriftelike toepassing van 'n Duitse kultuur in skole nie meer van toepassing was nie, het Afrikaans ongehinderd veld gewen oor alle kultuurgrense heen. Dit was die taal van die werkgewers - Afrikaanse en Duitse boere, en reedsgevestigde Duitse sakeondernemings wat werk verskaf het. Dit het vir almal wat die taal van die werkgewer kon praat, materiële voordeel ingehou.

Ook in Owambo het Afrikaans versprei as gevolg van die kontrakstelsel wat deur SWANLA (South West African Native Labour Association) (Suidwes-Afrika, 1948: 1-7) geïmplementeer is. SWANLA was 'n werwingsorganisasie wat soos soortgelyke organisasies in Suid-Afrika, arbeiders vir die plaaslike en Suid-Afrikaanse myne, vir die plaasboere en vir ander instansies, in Owambo, Kavango en Caprivi gaan werf het. Arbeiders mog nie sonder 'n kontrak, buite die

polisiesone, wat die noordelike gebiede afgeperk het, in ander areas van die vroeëre Suidwes-Afrika werk kry nie, en geen inwoners uit streke suid van hierdie sone, kon daar ingaan sonder 'n permit of 'n uitnodiging van 'n inwoner aldaar nie.

SWANLA het gewerf en arbeiders is geklassifiseer volgens ouderdom, opleidings- en taalbekwaamhede en sulke arbeiders is dan uitgeplaas in "geskikte" werksomgewings. 'n Arbeider kon nie kies waar hy wou gaan werk nie, maar afhangende van ouderdom, taal- en ander vaardighede is hulle geplaas by boere, besighede, hotelle of myne. Diegene wat vir die eerste keer uit die Noorde gekom het, was die goedkoopste arbeid. Hulle kon gewoonlik net hul moedertaal praat, was ongeskoold en is gewoonlik gekontrakteer as skaapwagters, huishulpe of gewone plaasarbeiders. Hulle is geklassifiseer as C-arbeiders. Na die eerste kontrak, kon hulle as B-arbeiders, met 'n versoekbrief van die werkgewer, na die vorige werkgewer terugkeer vir 'n tweede kontrak van 2 jaar (later was dit 18 maande). Diegene wat as 'n A-arbeider gegradeer was, is gewoonlik in hotelle of myne geplaas waar 'n mate van opleiding 'n vereiste was. Plaasboere kon selde hierdie soort "opgeleide" arbeider op aanvraag kry (Suidwes-Afrika, 1948:10-16; 24-28).

Die boeregemeenskap, wat meestal Afrikaassprekend was, was die eerste werkgewer. Op die plase het die arbeiders uit

die Noorde, Afrikaans (of Duits in 'n mindere mate) geleer, want die boere was of Afrikaans of Duits. Vroeër het huisvroue in Namibië (veral op die plase) ook selde van vroulike huishulpe gebruik gemaak en as 'n Owambo vir 18 maande of langer die hulp van die plaasvrou was, was vinnige "promosie" en 'n beter gradering as gevolg van taalvaardigheid feitlik vanselfsprekend. Gevolglik het veral Owamboseuns, hul graag as kombuiswerkers laat kontrakteer. Die Owambovrouens kon tot redelik onlangs glad nie uit Owamboland kom nie.

Daar was dus, behalwe vir die kontrakwerkers, baie geringe taalkontak tussen die inwoners van die Noorde en die res van die land se mense, maar die taalkontak wat daar wel was, was grootliks met Afrikaanssprekende werkgewers. Die onderwysstelsel van die sendelinge het die verkondiging van Die Woord ten doel gehad en daarvoor het hulle die moedertaal gepromoveer. Dit is eers sedert die jare sestig dat die Suid-Afrikaanse regering met hul apartheidsbeleid die taalmedium begin bepaal het. Tog het ook hierdie beleid nie so 'n groot invloed op die taalgebruiksvaardighede van arbeiders gehad nie. Die moedertaal is in die junior sekondêre skoolfase gebruik, en voordat Afrikaans as medium op enige kind in die skool geforseer kon word, het baie leerlinge reeds die skool verlaat. Die uitvalsyfer is steeds hoog - selfs na die implementering van Engels as medium van onderrig. Sedert 1981 en in 'n onafhanklike

Namibië word steeds moedertaalonderrig in die junior primêre fase nagestreef, met Engels as die medium van onderrig in die senior primêre skoolfase. Dit kan dalk inhou dat kinders nie juis vaardig in die amptelike taal kan wees as hulle teen standaard 4/5 die skool sou verlaat om op 'n myn te gaan werk nie, en hulle sal ook nie oor basiese Afrikaans beskik om in 'n Afrikaanse werk- en leefsituasie tuis te kan voel nie.

Gewoonlik is dit ook so dat groot industrieë meestal verantwoordelik is vir die bevordering van Engels (Harlech-Jones, 1988: 132). In Namibië was tot nou toe geen noemenswaardige ontwikkeling op sekondêre industriële gebied nie en dit wat tans hier bestaan, behoort grootliks aan Duitssprekendes wat in Afrikaans so vaardig is as in hulle eie taal. Voordat Engelse industriële ontwikkelaars nie aktief gaan begin raak nie, sal Engels ook in hierdie werksomgewing nie kan gedy nie.

Verder wys Harlech-Jones (1988:132) op die feit dat daar in Namibië nie grootskaalse verstedeliking was wat Engels kon bevorder nie. Namibië het maar een stad en volgens Whitely (1984: 74) behoort die taalgebruik wat in die stede weerspieël word, nie as veralgemeende vertrekpunt gebruik te word om die stand van 'n taal te bepaal nie. Die plattelandse aard van Namibië en die gebrek aan

verstedeliking en groot industrieë het ook daartoe bygedra dat Afrikaans in Namibië gegroei het.

Daar was ook nie nasionalistiese bewegings van swartes of 'n Engelse koloniale regering wat kon meewerk om Engels te vestig nie. Alles het meegewerk om Afrikaans in Namibië as die algemene omgangstaal te bevorder.

Volgens De Lange (RGN, 1981) leer swartes nie maklik 'n blanke se taal aan nie. Met Afrikaans was dit anders. Smit van die Windhoek Advertiser (1991: 8, Aug. 14) betwyfel die aanname dat Afrikaans die taal van die onderdrukker is, want "if it is true that Afrikaans is the language of the oppressor, then we say it is very strange that the overwhelming bulk of people of this country adopted it".

1.5 'n Werkstaal vir die myne

Nou is die vraag of dit sinvol sou wees om vir mynwerkers, (veral die laer vlak ongeskoolde en halfgeskoolde werknemers) die amptelike taal kunsmatig te laat aanleer, terwyl Afrikaans in die werksituasie deur 'n natuurlike aanleerproses makliker bemeester kan word. 'n Vreemde taal, soos Engels, sou in die werksituasie selfs dalk groter verwarring kon veroorsaak as wat taalgebreke tans kommunikasie belemmer. Waar sommige werknemers by 'n myn nie taalvaardig was nie, kan die taalvaardigheidsvlak van

werknemers met die invoering van Engels as enigste taal, selfs nog gebrekkiger raak.

Op die myne word Ndonga, Kwangali, Kwanyama en Afrikaans die meeste gepraat, maar Afrikaans is die sterkste gevestig oor die verkillende taalgrense heen en aangesien **kommunikasie, doeltreffende werkverrigting en produktiwiteit** in so 'n onderneming voorop gestel word, sal die mikpunt ten opsigte van taalkeuse ook veral op kommunikasie, beter werkverrigting en verhoogde produksie behoort te val. Die praktiese waarde van Afrikaans kan by die myne moontlik die sterkste oorweging wees om taalgebreke te ondervang. (Presiese inligting in verband met die taalgebruik op die myne, word by die vraelys verder bespreek).

Die doel waarvoor **kommunikasie** verbeter moet word, behoort deeglik oordink te word. Sou dit blyk dat hoëvlakamptenare by die myne hul taalvaardigheid en kommunikasievermoëns moet opknep, sou hulle beter by Engelse taal- en kommunikasievaardighede kon baat, maar andersyds sou ongeskooldes moontlik beter kon baat by Afrikaans ten einde opdragte te kan verstaan, daaglikse pligte te kan uitvoer en onderling, oor taalgrense heen, in hul woonomgewings te kan kommunikeer.

1.6 Samevatting

Afrikaans het as 'n algemene omgangstaal ontwikkel, moontlik omdat daar destabilerings- en stabiliseringsfaktore was wat daartoe bygedra het dat die taal 'n prestigewaarde gekry het. Die taalgebruikers het 'n kultuurverskeidenheid verteenwoordig en sedert vroeg in die negentiende eeu was verskillende variëteite van Afrikaans reeds in die land gebruik.

Cluver (1991:5) vermeld sewe variëteite. Dit is die variëteite van die Oorlams; die Basters, die Kleurlinge (vgl. ook Scholtz, 1973:13) die Afrikaanssprekende boere uit die Kaap, en in 1928 het daar ook 323 Afrikaanse families uit Transvaal via Angola in die land kom vestig (Dorslandtrekkers) (vgl ook Van Schalkwyk, 1980:7). Verder noem Cluver variëteite van die amptenary wat na 1950 in Namibië aangekom het en die laaste variëteit onderskei hy as een wat uit kultuurvermenging voortgekom het. 'n Verdere groep wat nie een van die skrywers aandag aan gee nie, is die trekboere wat tussen 1920 en 1950 uit Suid-Afrika die land binnegestroom het. Baie van hierdie immigrante was uit die Transvaal of die Oranje-Vrystaat afkomstig.

Vir verskillende kultuurgroepe was Afrikaans die moedertaal, of die tweede taal, of het dit die huistaal geword, en as sodanig ook die werkstaal. In Namibië het Afrikaans ook na

die Eerste Wêreldoorlog die skoolmedium vir talle taalgroepe geword. Dit was die tweede taal van Duitse boere en die eerste of tweede taal van werkverskaffers.

Afrikaans is dus oor 'n groot gebied, veral in die streek suid van Owambo, deur verskillende groepe moedertaalsprekers en tweedetaalsprekers gevestig. Oor 'n tydperk van een en 'n halwe eeu was Afrikaans 'n werklikheid in Namibië voordat die koloniale Suid-Afrikaners met beïnvloeding kon begin. Afrikaans is dus nie 'n koloniale taal nie, maar was en is nog steeds 'n dienstaal vir die multilinguistiese spraakgemeenskap in die land.

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSMETODIEK

INHOUD

2.1	Inleiding	33
2.2	Doelstelling	37
2.3	Hipotese	41
2.4	Aktualiteit	42
2.5	Onderzoekmetodes en dataversameling	51
2.5.1	Inleiding	51
2.5.2	Informele dataversameling	52
	a) Waarneming	52
	b) Onderhoude en groepbesprekings	58
2.5.3	Formele dataversameling	59
	a) Kursusinligting	59
	b) Die vraelys	62
	Algemene doelstellings	63
	Spesifieke doelstellings	63
	Steekproefgrootte	66
	c) Inhoud	70
	d) Implementering	77
	e) Ontleding	80

2.1 Inleiding

Volgens Hauptfleisch (RGN, 1978a: 9) behels taalstudie in Namibië "a multiplicity - a multitude of languages, a multitude of cultures and a multitude of influencing factors". Hierdie uitspraak sou ook ten opsigte van 'n taalondersoek na taalaangeleenthede op die myne in Namibië van toepassing wees. Die kulturele verskeidenheid impliseer 'n taalverskeidenheid, en dit (maar ook etlike ander faktore) het 'n invloed op taalgebruik en kan derhalwe taalbeplanning beïnvloed. Die taalsituasie op die myne behoort daarom nie los van die Namibiese konteks beoordeel te word nie.

Ander faktore wat 'n invloed op die taalgebruikspatrone kan hê, hou verband met die taal waaraan die mynbestuur voorkeur verleen, die aard van die myn en die etniese samestelling van die mynpopulasie. Verder noem Mackey (1977: 555) ook ander interne en eksterne faktore wat met taalgebruik en taaloriëntasie kan korreleer. Interne faktore soos die nuttigheidswaarde van 'n taal, gespreksgeleentheid, en bevordering; en eksterne faktore soos etnisiteit, geskooldheid en politieke siening, het by die meeste myne betrekking in soverre dit die interpreteerbaarheid van kommunikasieprobleme betref (kyk ook Hoofstuk 3).

Die myne in Namibië wat by hierdie ondersoek betrek gaan word, behoort tot drie verskillende myngroepe. Elke myngroep het 'n "taalbeleid" wat aan 'n bepaalde taal voorkeur gee. By Myngroep 1 (Myn 1 en Myn 2) word Afrikaans as bestuurstaal en omgangstaal, vir interne sowel as eksterne skriftelike en mondelinge kommunikasie gebruik, terwyl Engels ook vir eksterne kommunikasie benut word. By Myngroep 2 (Myne 3, 4 & 5) en Myngroep 3 (Myn 6) word Engels vir amptelike en formele kommunikasie gebruik. Afrikaans is die werkstaal in die laer vlakke, maar veral by Groep 2-myne, word daar ook op hoër werksvlakke Afrikaans as omgangstaal en werkstaal benut.

Behalwe vir hierdie taalbeleidsverskille, verskil myngroepe ook van mekaar op grond van bestuurstyl en indiensnemingspatrone. Dit kan 'n invloed op kommunikasiepatrone hê en daarom behoort beplanningsstrategieë aan te sluit by die taalvaardigheid en taalgebruik binne hierdie onderskeie kontekste.

Myne verskil van mekaar ten opsigte van hulle aard. Daar is oopgroefmyne soos Myn 1 waar die kommunikasiesituasie gunstig is vir gereelde interpersoonlike taalverkeer. Daarteenoor werk mense in die ondergrondse myne (soos dié van myne 3,4 & 5) meestal in totale afsondering. Ook by die

myn van Myngroep 3 is daar min interkulturele kontak aangesien die myngebiede en aanlegte oor 'n uitgestrekte gebied versprei lê. Die mynbedrywighede van hierdie myn word oor 'n area van 70 kilometer langs die kus af bedryf. 'n Mens sou dus kon aflei dat 'n oopgroefmyn met werksinkels, groter geleentheid vir interpersoonlike en multikulturele gesprekskontak bied en dat werknemers se taalvaardighede by sulke myne vinniger sal kan ontwikkel en positiewer gesindhede en houdings jeens mekaar se tale in 'n meertalige opset tot gevolg sal hê. By Myngroep 3 kommunikeer ongeskoolde en halfgeskoolde werkers hoofsaaklik met die moedertaalgroep in die hostelle en hulle sal derhalwe nie sterk gemotiveerd wees om 'n vreemde taal te probeer bemeester nie (vgl. Fishman, 1977: 567). In die ondergrondse myn daarenteen, is die werksomgewing warm en donker. Groepies wat dikwels dieselfde moedertaal praat, of enkelinge, werk alleen in 'n donker gang. Die fisiese werksomgewing, sowel as die konsentrasie van hoofsaaklik een of twee taalgroepe in die hostel, sal minder bevorderlik wees vir die aankweek van nuwe taalvaardighede (RGN, 1978a: 38).

'n Derde faktor wat die taalgebruik en die taalvaardigheid op 'n myn kan bepaal, is die etniese samestelling van die mynpopulasie. Waar die samestelling van die mynpopulasie min of meer verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling is, sal dit ook taalvaardighede bevorder, terwyl myngroepe

wat hoofsaaklik op een of twee bevolkingsgroepe steun vir ongeskoolde of halfgeskoolde arbeid, groter taalprobleme kan ondervind. Die motivering om 'n vreemde taal te leer praat, ontbreek (Wells, Gordon & Nicholls, 1985: 85), want die moedertaal is in so 'n geval voldoende vir interpersoonlike kommunikasie.

Vierdens kan ander interne of eksterne faktore 'n invloed op taaloriëntasie en taalgebruik hê. Die interne faktore hou verband met die noodsaaklikheid van 'n taal in die werksituasie en met betrekking tot gespreksgeleentheid en/of bevordering (Herman, 1977: 493) en die eksterne faktore het te make met die werknemer se taalbegeertes, of die norme van die in-groep betreffende taalkeuse, taalgebruik en houding jeens 'n taal in die gebruiksituasie (Mackey, 1977: 555). Waar die interne faktore en die eksterne faktore in botsing is, kan dit besluitneming oor 'n gebruikstaal vir 'n myn bemoeilik, want wanneer 'n taal om watter rede ook al, uitgesoek word "to be imposed" (Pattanayak, 1985: 399), kan dit meer spanning veroorsaak as wat dit taalvaardigheid in so 'n gekose taal kan bevorder. In Hoofstuk 3 word verder hierop uitgebrei.

Te oordeel aan die doel wat die Kamer van Mynwese met taalkeuse en verbeterde taalvaardighede vir die myne het, behoort die interne faktore in 'n beplanningstrategie voorop gestel te word. Taalgedrag in die werksituasie behoort die

onderwerp van die beplanningspoging te wees. Dit is egter so dat die beperkinge wat die mynsituasie self, sowel as die beperkinge wat sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele parameters op die beplanning plaas, nie geheel buite rekening gelaat kan word nie (Rubin & Jernudd, 1975: xvii). Alle aspekte wat 'n invloed op taalbeplanning sou kon hê, sal in aanmerking geneem moet word om sinvolle beplanning vir die myne te kan doen.

2.2 Doelstellings

Die doel met hierdie studie is om

- opnuut die belangrikheid van Afrikaans in Namibië te beklemtoon;
- die stand van die taalgebruik in die multitalige kontaksituasies van die myne te ondersoek en dit na aanleiding van 'n sociolinguistiese en 'n pragmatiese kommunikasie-model te ontleed;
- die tipologie van taalfunksies in die mynsituasie te omskryf;
- die aard en omvang van taalgebreke en ander semantiese steurnisse uit te wys en
- aan die hand van die taalbeplanningsteorie aanbevelings te doen waarvolgens taal vir die myne beplan kan word.

Taal en kommunikasie het nie identiese betekenis nie. Taal-in-funksie is moeilik definieerbaar, maar 'n mens sou kon sê dat taal in hoofsaak met linguistiese gegewens te make het. Taal is 'n vorm van sosiale menslike gedrag en word benut om in te werk, te sosialiseer of om 'n gespreksgenoot of -groep tot 'n bepaalde sienswyse oor te haal, te manipuleer of te beïnvloed.

Kommunikasie, daarenteen, is 'n term met wyer betekenisimplikasies. Dié term verwys na linguistiese aanleenthede, maar dit sluit ook nie-linguistiese, semi-linguistiese en ekstra-linguistiese aspekte in. Kommunikasie dui dus op 'n kombinasie van talige en nie-talige menslike gedrag. Met nie-talige gedrag word bedoel: alles wat 'n invloed op taalgebruik, taalvoorkeure en taalkeuse kan hê: alle demografiese, sosiale, kulturele en politieke faktore wat kan meewerk tot die vorming van menings en houdings jeens 'n taal. Vir suksesvolle kommunikasie is nie-talige aspekte volgens Reagan (RGN, 1986: 3) van veel groter belang as die linguistiese. Hy is van mening dat vir die gewone oordrag van 'n boodskap "language per se has very little impact on the effectiveness of communication in the multilingual workplace, and does not ---- appear to constitute a particularly important barrier to communication".

Of taalgebruik werklik so onbeduidend in die werksituasie by die myne is, sal uit die ondersoek na taalgebruik in die verskillende werksomgewings van die myn kan blyk.

Hierdie studie het derhalwe ten doel om deur middel van empiriese en konseptuele ontleding van taalgebruik in multitalige kontaksituasies op die myn, vas te stel in watter mate talige en nie-talige faktore doeltreffende kommunikasie verhoed en/of bevorder. Die verskillende multilinguistiese situasies waarbinne taal en mense betrokke is, word derhalwe in terme van 'n sosiolinguistiese kommunikasiemodel (RGN, 1986) en 'n pragmatiese model (Van Jaarsveld, 1989) beoordeel ten einde 'n volledige beskrywing te kan gee van al die faktore wat kommunikasie in die mynopset beïnvloed .

'n Taalbeleid kan nie geformuleer word voordat die funksies van die tale in kontak beskryf is nie. Daar moet vasgestel word wie watter taal in watter omstandighede praat. Eers dan sal die taalbeplanner kan uitwys of die doel wat werkgewers met 'n taal of taalkursusse het, talige kommunikasie ten doel het, en of slegs semi- of ekstralinguistiese oogmerke nagestreef word (vgl. ook Rubin, 1984: 13).

Ten einde taalfunksie in 'n industriële of mynsituasie te bepaal, moes twee soorte inligting ingesamel word. Die

sosiolinguisties opset waarbinne taal in verskillende kontekste benut word, asook ander sosiale, ekonomiese en politieke tendense en ontwikkelings wat vir besluitneming in terme van beleidsformulering relevant kan wees (RGN, 1986: 32 -33) moes verkry word.

In 'n mynopset gaan dit om produktiwiteit. Dit is 'n "sakeonderneming" en semantiese steurnisse kan 'n industrie baie geld kos as 'n boodskap nie behoorlik begryp word nie of as inligting verdraai of verkeerd oorgedra word. Sulke steurnisse kan die gevolg van onvoldoende taalbeheersing wees, terwyl kommunikatiewe versperrings eerder te make het met interkulturele bewustheid, botsende diskoersstyle, nie-talige misverstande en stereotipering (RGN, 1986: 7). Sulke versperrings kan deur 'n gestruktureerde taalbeleid ondervang word. 'n Taalbeleid kom daarom dikwels voort uit sosiale konflik waarby die spreektaal van verskillende groepe en soms ook hulle sosiale en ekonomiese status betrokke is.

Taalbeplanning gaan derhalwe oor die keuse van 'n taal, maar ook is dit die beplanning van die standvastige verband met ander funksionele tale en die kulturele elemente wat deur dié tale verteenwoordig word (Hartig, 1985: 70).

2.3 Hipotese

Die hipotese is dat daar op die meeste van die myne in Namibië nie slegs taalkommunikatiewe probleme bestaan nie, maar dat gebrekkige kommunikasie-aangeleenthede in 'n groot mate te make het met "unfavourable socioeconomic conditions" (Hartig, 1985: 73). Die konflik rondom taalkeuse en taalgebruik is 'n "siekte" wat deur sosiale ongelykheid veroorsaak is en nou deur politieke verset genees moet word. Daarom is dit afleibaar dat objektiewe taalbeplanning - hoe getrou die teoretiese reëls ook gevolg sou word - nie effektief vir die myne gedoen sal kan word nie. Verskeie oplossingsmoontlikhede sal, voortvloeiend uit 'n wetenskaplike beoordelingsbetoog, aan mynbesture voorgehou kan word, maar 'n "laissez-faire"-beleid (RGN, 1986: 36) sal die enigste effektiewe taalbeleid kan wees. Kultuurgroepe moet alle tale en kultuurgroepe in verdraagsaamheid leer ken en leer om kulturele verskille te akkommodeer. Dit sal rekonsiliësie tot gevolg hê, kommunikasie laat vlot en finansiële voordele inhou.

In die lig van die geskiedenis van Afrikaans in Namibië (vgl. Hoofstuk 1) sou 'n mens kon aanneem dat Afrikaans 'n algemene omgangstaal en werkstaal op die meeste myne kan wees. Verder is dit afleibaar dat daar taalkonflik heers aangesien Engels na die onafhanklikheidswording van Namibië op 21 Maart 1990, die enigste amptelike taal is, en Hartig

(1985 : 75) is van mening dat as " power balances shift, the language question continues to be symbolic of social conflict. Conflict around the issue of language can therefore be seen as indicative of a potential for more general conflict in a society."

Afrikaans is verpolitiseer, en die huidige nasionale status van die taal is feitlik dieselfde as dié van ander inheemse tale. Naas Engels en Duits is Afrikaans egter die enigste ander gestandaardiseerde inheemse taal met 'n redelike lang skryftradisie, 'n wye letterkunde en met sprekers uit al die kultuurgroepe in die land. Solank Afrikaans en Engels die saak van konflik bly, kan 'n mens in Namibië, te oordeel aan Hartig se uitspraak, dalk nie die einde van die taalkonflik bereik het nie.

2.4 Aktualiteit

In Namibië was daar voor onafhanlikheid twee amptelike tale in gebruik: Afrikaans, wat die moedertaal van ongeveer 30% van die bevolking is en die lingua franca van ongeveer 80% van die totale spraakgemeenskap in die land (vgl. Hoofstuk 1). Engels is die taal met die kleinste aantal moedertaalsprekers en tans die enigste amptelike taal van die land. Ten einde Engels te bevorder om lingua franca-status te bereik, word geen Afrikaanse programme meer op die televisie verbeeld nie en die Afrikaanse radiodiens is

verskraal om slegs in bepaalde streke en in nie-spitstye uitsendings te doen.

Die samestelling van mynpopulasies verskil persentasiegewys van die bevolkingsamestelling van die land, maar daar is tog raakpunte met betrekking tot taalaangeleenthede op die myne in vergelyke met die taalsituasie in die land. Verskille tussen die twee taalsituasies kom neer op verskille in die doelstellings waarvoor 'n taalkeuse gemaak moet word, en die omvang vir die implementering van die gekose taal. Wanneer op 'n amptelike taal vir 'n land besluit moet word, sal 'n taal van wyer kommunikasie moontlik die sterkste oorweging wees. Dit moet 'n taal wees waarmee kontakte buite die landsgrense opgebou kan word. Ten einde ook vir al die inwoners in die land gelyke geleenthede te gee, is dit ook die taal wat in opvoedkundige instellings die grootste onderrigvoorkeur gaan geniet. In 'n industrie, moet binne beperkte "grense" en in spesifieke situasies van taal gebruik gemaak word om doeltreffende werkverrigting en produktiwiteit te bevorder. Taalbeplanning vir 'n land, verskil derhalwe van taalbeplanning vir 'n industrie daarin dat die doeltaal 'n ander funksie voor oë kan hê; dat dit 'n kleiner en binnelandse populasie as teikengroep het en dat dit 'n koste-effektiewe oefening moet wees wat die hoogste suksespersentasie kan waarborg. Verder sou daar in landsbelang meer tyd toegelaat word vir taalverandering as wat 'n myn of industrie sou kon toelaat. Taalbeplanning vir

die myne lê dus eerder op die mikrovlak, en beplanning vir 'n land, op die makrovlak, maar die beplanningsteorie wat vir taalbeplanning benut moet word, verskil nie. Daarom sou 'n ontleding van die taalsituasie op die myne in Namibië, ook taalbeplanningspogings vir die land kon ondersteun.

Op die oomblik bestaan daar konflik tussen die werklike taalsituasie en die taalideale van sommige groepe (vgl. ook Hoofstukke 1 en 3). Afrikaans is die algemene omgangstaal, maar as gevolg van politieke dryfvere, is dit by baie inwoners in die land die verwagting dat Engels, wat nou na onafhanklikheid die enigste amptelike taal is, die lingua franca sal word. SWAPO se taalbeleid is deur Harlech-Jones (1988: 3) beskryf as "one of unstable triglossia, with English occupying the prestige (H) position by virtue of its international status, its association with the liberation movement, SWAPO of Namibia, and widespread advocacy of English as 'language of the future'" (a.w.).

Ook Haugen (1966:92) beklemtoon die onstabiele aard van 'n triglossiese of diglossiese taalsituasie in 'n land. So 'n situasie beklemtoon statusverskille, en die bevoorregte posisie waarin twee- of meertalige persone hulle kan bevind - veral as die twee tale albei 'n wyer gemeenskap as net die moedertaalgroep sou betrek. Volgens Kelman (1975:35) behoort 'n regering wat taalverandering ten doel het ten einde 'n verenigde samebindende verenigde politieke sisteem

daar te stel, hulle taalbeleid te rig "towards (eie beklemtoning) the development or establishment of a common language". Dit impliseer 'n geleidelike proses en nie 'n onmiddellike verandering nie. Die onmiddellike toepassing van 'n taalbeleid waar aan 'n "nuwe" taal voorkeur gegee word; 'n taal wat 'n groot persentasie van die bevolking nie kan verstaan of praat nie, is 'n vorm van intimidasie. Ongelykshede word beklemtoon en daaruit kan weerstand volg. Kelman (1975: 37) reken dat so 'n beleid "may hamper rather than enhance the unity and integration of the system".

Tans is Engels nog nie die lingua franca nie, en die taal sal dit ook nie in die volgende dekade kan wees nie (vgl. Hoofstuk 1). Taalgebruik is 'n gedragsvorm en 'n taalaanpassing, soos wat tans in Namibië vereis word, moet as 'n entiteit binne die sosiale konteks gesien word (Rubin, 1975: xviii). Dit kom daarop neer dat 'n wêreldtaal nie in die nabye toekoms die alledaagse funksie van 'n inheemse taal/tale sal kan oorneem nie - veral nie as 30% of meer van die bevolking ongeletterd is nie (Ohly, 1991). Derhalwe is dit ook vir H.G.W. du Plessis (1987: 3) snaaks dat so baie mense reken dat "Afrikaans iewers van die toneel af gaan verdwyn".

'n Onderzoek na die taalaangeleenthede op die myne in Namibië kan derhalwe uitwys dat 'n populasie wat soms algeheel negatief teenoor die amptelike status van Afrikaans

georiënteer is, tog onbewustelik verkies om die taal te gebruik. Dit kan tot gevolg hê dat 'n sterk Afrikaanse bewussyn bly voortleef en uiteindelik kan dit dalk lei tot die heroorweging van die huidige taalbeleid vir die land - al is dit net vir 'n interimfase.

Vir die Engelssprekende eienaars en bestuurspersoneel van die myne is dit gerieflik om die huidige beleid te steun en in die rigting van Engels as die enigste taal vir die myne te stuur. Baie van hierdie bestuurders gaan van die standpunt uit dat een gebruikstaal binne 'n organisasie tot groter effektiwiteit lei, maar hulle kyk egter die beperkinge van 'n meertalige mynpopulasie (land) mis. Volgens Pattanayak (1985: 402) en Eastman, (1983: 12 - 15) is dit nie sinvol om in 'n meertalige land (of myn) slegs een taal as amptelike taal uit te sonder nie. Hy meen dat beperkinge op taalkeuse "is a nuisance and not only uneconomical, but it is politically untenable and socially absurd".

Hierdie navorsing kan moontlik uitwys dat die huidige lingua franca (Afrikaans) inheemse status behoort te geniet en dat die gebruik van Afrikaans op die myne, tot voordeel van die onderskeie industrieë benut kan word en die menslike produk kan komplementeer. Die voordele wat Afrikaans as omgangstaal en werkstaal op 'n myn kan hê, is dat dit makliker in die segmente van die mynpopulasie sal versprei

omdat dit ook buite die werksituasie 'n nuttigheidswaarde het. Dit sou ook gespreksgeleentheid oor die verskillende kultuurgrense heen skep, en as Afrikaans eers baasgeraak is, sal dit makliker gaan om Engels te promoveer.

Om slegs taaltekortkominge in 'n bestaande Afrikaanse werksomgewing aan te vul, is ekonomieser omdat dit vinniger by probleemoplossing sou kon uitkom. As werknemers onbevoeg voel omdat hulle nie die voorkeurtaal kan beheers nie, kan dit eerder spanning verhoog en reedsbestaande vooroordele versterk (Pattanayak, 1985: 400).

Navorsing ten opsigte van taalaangeleenthede op die myne kan uitwys dat die kommunikasieprobleme wat daar bestaan, korreleer met die algemene politieke taalgebruiksvoorkeure in die land en dat gebrekkige Afrikaans nie die ware oorsaak is dat kommunikasieprosesse tussen kultuurgroepe nie slaag nie. Hoe mense oor taalgrense gaan handel in taal, word gedetermineer deur hulle persepsies van die ander groep in die werklikheid, en as groepe mekaar se kulturele waardes nie goed begryp nie, volg misverstande wat aanleiding gee tot die vorming van vooroordele (Allport, 1979: 1 - 50; Verster, 1976: 62).

Hierdie studie kan bewys dat kommunikasieprobleme nie noodwendig op 'n taaltekort dui nie, maar dat kommunikasiegebreke en misverstande die gevolg is van

stereotipering en vooroordele wat tussen verskillende taalgroepe voorkom. Origens is 'n gebruikskennis van die aanvaarbare myntaal vir halfgeskoolde en geskoolde werkers moontlik oorbodig.

Hoewel Afrikaans voorgehou word as die taal van die onderdrukker, is dit merkwaardig dat almal nog oral steeds Afrikaans praat. Met onafhanklikheid agter die rug, en 'n eie verteenwoordigende regering, kan Afrikaans nou loskom van die assosiasies wat daar ten opsigte van die taal geheers het. Dit kan inhou dat die aanvaarbaarheid van Afrikaans moontlik kan verbeter. Engels is tans die formele skryftaal en Afrikaans word gepraat. As Afrikaans as 'n praattaal bevorder kan word, sal sy voortbestaan verder versterk word, want as iemand eers 'n taal kan praat, verminder dit negatiewe houdings (Eastman, 1983: 4 ; Gardner, 1979: 205 -208) en kan dit rekonsiliasie bevorder. Hoe gewild Afrikaans nog oral is, word deur die Minister van Onderwys, mnr. Angula, self bevestig. In April vanjaar, tydens die eerste nasionale adviserende konferensie oor onderwysvorming by Makuti Lodge, het hy die teenwoordigheid van Afrikaans in die land as een van die grootste struikelblokke vir die bevordering van Engels gesien. Meneer Nahas Angula het die onderwyssituasie in Namibië as verregaande beskryf en gesê dat dit vererger word deur 'n kommunikasieprobleem omdat Afrikaans algemeen in sake- en regeringskringe gebruik word (Republikein, 1991:9, Apr. 12).

Hierdie navorsing kan aldus die belangrikheid van Afrikaans as werkstaal en taal waarmee Namibiërs versoen kan raak, beklemtoon. Afrikaans is 'n werklikheid wat nie ontken kan word nie.

Ofskoon Harlech-Jones (1988:3) die mening huldig dat die effektiwiteit van taalbeplanning eerder deur houdings as deur eenvoudige demografiese feite gedetermineer word, is dit ook so dat as die gebruik van 'n taal eers posgevat het, die gesindhede verander en daarom moet mynbesture aangemoedig word om die fokus vir taalontwikkeling ook op Afrikaans te laat val. Dit is die taal wat die interne omgewing kan dien, terwyl Engels vir die eksterne omgewing aangewend kan word.

In die noorde van die land, waar Engels al sedert 1981 die medium van onderrig in die skole is, is die skooluitslae daar in vergelyke met die res van die land, jaarliks die laagste (kyk Hoofstuk 1). As gevolg van min taalkontak met die ander bevolkingsgroepe in die land, swak opgeleide onderwysers en 'n swak onderwysstelsel, heers daar 'n taalarmoede wat tot gevolg gehad het dat hierdie taalgroepe 'n negatiewe houding teenoor die vorige regeringstaal (wat politieke en ekonomiese mag simboliseer het) ontwikkel het (vgl. Kelman, 1975: 35 - 36 ; Gardner, 1978: 204). Al sukkel mense uit die noorde met Engels, voel hulle meer geneë om hierdie taal te leer, al sou hulle die taal nie

instrumenteel benut nie. Hulle praat die moedertale (of Afrikaans), want die sosiale konteks het nie verander nie. Uit hierdie studie kan dit blyk dat sukses nie vanselfsprekend is as die amptelike taal slegs die politieke aspirasies aanspreek nie - veral nie as die omgeswaai na 'n nuwe taal plotseling plaasvind en die sosiale konteks nie in aanmerking geneem word nie.

Taalnavorsing vir die myne kan die belangrikheid van Afrikaans as inheemse omgangstaal en funksionele werkstaal beklemtoon. Taalbeplanning vir die myne kan bydra tot sinvolle taalbeplanning op makrovlak. Verder kan insigte wat uit die taalsituasies op die myne verwerf is, verhoed dat mynbesture (en ook politici in die land) 'n taalbeleid toepas wat in die praktyk "met mense sal mors", ekonomiese verliese tot gevolg het en slegs politieke doelwitte wat nie versoenend van aard is nie, nastreef. Taalvoorskrifte vir 'n myn (of vir die land) kan spanning verhoog en vooroordele tussen die verskillende kultuurgroepe verskerp. Die navorsing kan uitwys dat meer as een amptelike taal in 'n multilinguistiese situasie, 'n praktieser werkbare keuse sal wees. Waar 'n vreemde taal op taalgebruikers afgeforceer word, kan dit juis die teenoorgestelde uitwerking hê. Dit kan die voorkeur vir 'n ander taal stimuleer eerder as wat dit vaardigheid in die voorkeuertaal sal bevorder.

2.5 Onderzoekmetodes en dataversameling

2.5.1 Inleiding

Aanvanklik is al die myne in Namibië as een mynpopulasie beskou. Dit het egter na die eerste waarnemingsbesoek geblyk dat individuele myne die karakter het van die myngroep waartoe hulle behoort. Ofskoon alle myne bepaalde algemene eienskappe het, het myne van 'n bepaalde myngroep besondere en eiesoortige eienskappe wat totaal verskil van myne wat tot 'n ander groep behoort. Mynroepe verskil van mekaar op grond van eienaarskap, bestuurstyl, indiensnemingspatrone en hulle volg verskillende taalbeleide. Al hierdie aspekte het 'n invloed op die kommunikasiepatrone en daarom word die myngroepe (1, 2 & 3), in die ontleding van data, apart hanteer. 'n Gesamentlike hantering van alle data sou 'n skewe beeld van die situasie vir 'n bepaalde myn kon gee. Die inligting van Myngroep 1, Myngroep 2 en dié van Groep 3 is dus afsonderlik verreken, want soos dit uit die data-ontleding sal blyk, lê taal- en kommunikasieprobleme by elke groep op 'n ander vlak.

Die vraelys wys ook op die deelname van Myn 7. Na twee waarnemingsbesoeke het hierdie myngroep egter van die ondersoek onttrek. Inligting wat tydens die besoeke

bekom is, gee 'n algemene indruk van die taalsituasie aldaar en word as sodanig by die waarnemingsdata verreken.

2.5.2 Informele dataversameling

a) **Waarneming**

In Augustus 1987 is die eerste aanvanklike besoek aan die noordelike myne in Namibië gebring. Die doel van hierdie besoek was om vas te stel of hierdie projek uitvoerbaar sal wees.

Daar is besluit om die eerste besoek tot die myne van Myngroepe 1 en 2 en Myn 7 te beperk omdat die wydverspreide ligging van die myne in Namibië dit prakties (en finansieel) onmoontlik gemaak het om alle myngroepe in die eerste kennismaking te betrek. Hierdie eerste besoek sou klein en groot oopgroef-, sowel as klein en groot ondergrondse myne insluit - 'n steekproef wat moontlik 'n goeie weerspieëling van die situasie in die algemeen sou kon gee.

Ongelukkig het die myne van Groep 2 op die aanvangsdag van hierdie eerste besoek, begin staak, en gevolglik moes die waarneming tot Myne 1 en 7 beperk bly. Dit het nogtans 'n goeie beeld gegee, want daar was een myn

met Afrikaans as gebruikstaal en by die ander was die amptelike myntaal Engels. Daarom is daar met hierdie oriënteringsbesoek volstaan en met die beplanning vir die informele en formele versameling van data begin.

Aspekte wat tydens die eerste oriënteringsbesoek in gedagte gehou is, was om

- vas te stel in watter mate die huistaal, die omgewingstaal en die amptelike myntaal in die verskillende gebruiksdomeine saamval en/of afwissel;
- wat die huidige oorheersende taalomgewing impliseer en
- hoe taalondervinding aan die werksituasie gekoppel kan word (RGN, 1978b vol. 11: 7).

Daar is ook gelet op die spraakbewussyn in elke spraakgemeenskap. By die myne wat nie tydens die eerste besoek in hierdie opsig beoordeel kon word nie, is tydens latere besoeke ten opsigte hiervan beoordeel.

Die spraakbewussyn is deel van elke mens se alledaagse wete (Mattheier, 1985: 89). Dit is 'n handelingswete. Sprekers weet nie altyd hoekom hulle 'n taal of variëteit gebruik nie, maar hulle weet hoe om die geskikste taal of taalvorme te kies. Waar 'n bepaalde spraakbewussyn in 'n gemeenskap geld, is dit afleibaar uit die benutting van bepaalde taalgebruiksreëls en

gesprekstrategieë en daaruit is die stand van 'n taal of tale in 'n gemeenskap breedweg vas te stel.

Taalbewussyn hou verband met die "goedkeuringstempel" wat die spraakgemeenskap daarop plaas. In hierdie opsig sou die onbewuste aannames en opinies; die vooroordele en stereotipes wat ten opsigte van 'n bepaalde taal of taalgroep geld, betrekking hê (Mattheier, 1985: 90). Die taalbewussyn kan nie deur onderhoude of 'n vraelys vasgestel word nie, want dit is deel van die waarde- en normesisteen van 'n spreker en dit word onbewustelik sosiaal-psigologies vergestalt in die waarde- en normesisteen van die gespreksomgewing (Mattheier, 1985: 91). Tydens die waarnemingsbesoek en ook by latere besoeke is die taalbewussyn by die verskillende myne vasgestel deur deelnemende waarneming en informele gesprek met individue in verskillende werksituasies.

Ten einde 'n analise te kon maak van moontlike multilinguistiese taalkonflikte, is ook gekyk na normkonflikte waarin individue of groepe hulle kon bevind (vgl. Bartsch, 1985: 193-194). Hierdie aspek is ook tydens latere besoeke by al die myngroepe beoordeel.

Daar is vasgestel in watter mate 'n bepaalde taal die gedrag van mense in die gemeenskap bepaal. Byvoorbeeld: werknemers se eksterne houding teenoor 'n norm is vasgestel deur die keuse van die gespreksmedium by ontmoeting aan hulle oor te laat. In so 'n geval kies die gespreksgenoot uit vrye wil dié norm wat vir hom/haar die aanvaarbaarste is. 'n Tweede "toets" was om in die verwagte taalkeuse te praat en skynbaar foute te begaan. Indien 'n persoon sou aanbied dat 'n gemakliker medium gekies kan word, is dit beoordeel as dat hy of sy neutraal teenoor meer as een norm staan. In enkele gevalle was dit uit die stemtoon en lyftaal afleibaar dat so 'n aanbod eintlik as 'n teregwysing en afkeuring bedoel was. Andersyds, sou die aangesprokene maar die taalfoute en swak taalbeheersing van die spreker se vreemdetaalbenutting verduur, dui dit daarop dat so 'n persoon hierdie norm verkies. Die geldigheid van 'n norm hang dus saam met bepaalde vorme van taalgedrag in die taalgebruiksituasie.

'n Normtaalvorm word deur 'n individu of groep aanvaar as dit as primêre taalvorm en deur 'n natuurlike taalverwerwingsproses aangeleer is, of dit kan die gevolg wees van 'n interkulturele proses. In 'n geval waar 'n mens te make het met die domeine van geldigheid, aanvaarding en regverdigheid wat saamval,

is dit 'n homogene taalgemeenskap sonder taalkonflikte. Daarteenoor, kan die norme ten opsigte van verskillende gebruiksdomeine in 'n heterogene gemeenskap oorvleuel en dit kan taalkonflik tot gevolg hê. By die myne is tydens die waarnemingsbesoek gelet op die moontlike taalomgewings waarbinne onversoembare normesisteme in botsing kan wees. Terselfdertyd is oor moontlike uitkomstes vir sulke konfliktsituasies besin en die saak is met persone wat daarmee saamleef, bespreek.

In 'n onafhanklike Namibië word mense gekonfronteer met taalbeplanning wat 'n normwysiging propageer. Hierdie nuwe norm geld nog nie oral nie - veral nie op die platteland nie - maar is moontlik 'n geregverdigde normwysiging (vgl. Bartsch, 1985: 200). Die meeste mense in die land het egter nog nie die nuwe normtaal bemeester wat deur wetgewing en opvoedkundige beplanning geïmplementeer word nie. Volgens Bartsch (1985:201) sou dit kon inhou dat mense aanvanklik dink dat dit 'n geregverdigde wetgewing is, maar dit sou nie outomaties beteken dat so 'n nuwe norm aanvaar gaan word nie. Hulle kan dit aanvaar as 'n soort voorskrif, maar sal dit moontlik nie internaliseer, en as gevolg van die voorskrif 'n nuwe gedragstelsel ontwikkel nie.

Deur waarneming kon 'n redelike duidelike beeld verkry word van die taalgebruiksnorme en die taalbewussyn met

betrekking tot taalgebruik in die verskillende werksituasies, die sosiale lewe en die algemene onbewustelike benutting van 'n verkeerstaal in die daaglikse omgang by die myne. By sommige myne het drie stelle norme gegeld: soms verskillende norme in verskillende domeine en by ander slegs een of twee norme.

Volgens Josua Fishman (1974: 151) kan taalgebruik en taalkeuse in 'n meertalige opset nie slegs in terme van die kognitiewe vaardighede en affektiewe waardes bepaal word nie. "Additional measures of behavior tendency, taking into account relevant sociological ideological and psycho-logical factors are also necessary."

Sosiologiese faktore hou verband met die keuse van geskikte taalgebruik vir verskillende situasies. Die ideologiese impliseer die simboliese waarde wat taal vir sprekers het en die psigologiese faktore dui op die taalbewussyn en norme wat in 'n gemeenskap geld. Laasgenoemde is die "onbewustelike" taalaspekte wat nie met enige kwantitatiewe metode gemeet kan word nie. Deur persoonlike waarneming is aan hierdie aspekte aandag gegee.

b) Onderhoude en groepbesprekings

Ofskoon formele onderhoude selde gerealiseer het, is heelwat inligting deur informele gesprekvoering in verskeie werkplekke, asook deur enkele meer formele groepbesprekings ingewin. Inligting wat op hierdie wyse bekom is, hou verband met taalkursusse wat tans by sommige myne aangebied word, taal- en kultuurprobleme waarmee in die daaglikse omgang te doen gekry word en taalbehoefte van die gemeenskap in die algemeen.

Waardevolle "ervaringsilgting" is bekom deur besoeke aan ondergrondse werksterreine, werksinkels en aanlegte. Daardeur kon die taalsituasie beleef word. Hierdie besoeke het die kommunikasie-aangeleenthede in perspektief belig en waardevolle insig in die geheel van die probleem gegee.

Deur waarneming, individuele onderhoude en groepbesprekings is kwalitatiewe inligting ten opsigte van taalnorme en taalbewussyn bekom. In aansluiting daarby het dit deurgaans geblyk dat die doeltreffendheid van die bestuursfunksies by 'n myn (beplanning, organisering, leiding en kontrole) net suksesvol is wanneer dit suksesvol gekommunikeer kan word (vgl. Verster, 1976: 1), en bevredigende

kommunikasie lê weer beter rasseverhoudings ten grondslag.

2.5.3 Formele dataversameling

a) Kursusinligting

By die meeste myne word een of ander kursus ter bevordering van taalvaardigheid en/of vir die verwerwing van 'n beter geskooldeheidskwalifikasie aangebied. Daar word verskillende geletterdheidsprogramme, gewone skoolprogramme (en vroeër ook 'n Fanagalokursus) aangebied. Diegene wat die skoolprogramme aanbied, laat skryf die kandidate die eksamens van Sukses Kollege. Hierdie kursusse verloop meestal onsuksesvol omdat dit blyk dat essensiële veranderlikes in die onderrigsituasie buite rekening gelaat word.

Daar behoort in die beplanning van sulke kursusse 'n samehang te wees tussen nasionale en plaaslike veranderlikes, terwyl ook die veranderlikes wat met die student en "onderwyser" verband hou, in gedagte gehou moet word (Brumfit, 1985: 17-18).

Om nasionale veranderlikes te akkommodeer, word 'n skakeling vereis met die algemene opvoedkundige

doelstellings in die land en dit moet binne die bestaande sosiale konteks aanpas. Uit die stel van hierdie veranderlike spreek reeds 'n rede vir die huidige mislukkings. Die algemene nasionale doelstellings vir opvoedkundige programme vereis Engels as onderrigmedium, terwyl die sosiale situasie meer gerig is op 'n inheemse taal.

Die plaaslike veranderlikes hou verband met die mate waarin die kursusse verplig word, die intensiteit van die aanbieding en die nie-amptelike studentemenings en bewussyn. As kursusse nie verplig word ten opsigte van 'n intensiewe opleidingsprogram nie, sal studente nie sterk genoeg gemotiveerd wees om so 'n kursus aan te pak nie. Verder: as die instrukteur-/onderwyser-student-verhouding en die leermateriaal nie gerig is op 'n volwasse leerder nie en daar dikwels onderbrekings in die leerproses voorkom (soos gebeur met die wisseling van skofte), is mislukking feitlik 'n uitgemaakte saak.

Veranderlikes wat verband hou met die student, het betrekking op reedsverworwe vaardighede, gesindhede, motivering, ouderdom en vorige ervaring. Dit hou in dat al sou aan die nasionale en plaaslike veranderlikes voldoen word, en 'n werknemer al 'n gevorderde ouderdom bereik het, reeds 'n algemene kommunikasie-medium

beheers as gevolg van vorige ervaring, hy nie gemotiveerd sal wees om 'n nuwe omgangs- of werksmedium te verwerf nie.

Veranderlikes wat met die instrukteur verband hou, is by die myne ook nie baie gunstig nie. Twee van die myne maak van voltydse instrukteurs/onderwysers gebruik, maar omdat hulle metodiek verouderd is en nie vir die onderrig van volwassenes geskik is nie, is die slaagsyfer laag en dit demotiveer weer die onderwyser en ontnem hom van groter insette. Volgens Brumfit (1985: 4) is dit so dat sulke voltydse instrukteurs nie die rede vir hulle onderrigfoute begryp nie. Daar is konflik tussen "the art of teaching and the science of understanding the nature of teaching". Deeltydse instrukteurs is uiteraard minder bekommerd oor die sukses van hulle studente aangesien hulle buite die organisasie staan en meestal 'n ekstra inkomste as primêre doelstelling nastreef.

Grosjean (1982: 211) haal 'n Portugees-Engels tweetalige aan wat sê: " I think I learned to speak English in that class; what I learned was on the street from the children I played with." 'n Taal word nie sommer in 'n klaskamer aangeleer nie. Dit moet ook die ondersteuning van die omgewing hê (vgl. ook RGN, 1981:223).

Die voorafgaande geld ook vir Fanagalo. Hierdie Pidgintaal is gebaseer op Engels en ander inheemse tale van die RSA. Vir Namibiërs is dit 'n heel vreemde kombinasie en om dit te leer, is vir die taalgebruiksituasie buite die werkplek van geen nut nie. Dit is net 'n ekstra las sonder enige voordele.

b) Die Vraelys

Geen aspekte van taalvaardigheid kan werklik met 'n vraelys "gemeet" word nie. Nelde (1990) noem talle voorbeelde van hoe mense voorgee om 'n bepaalde taal te verkies, of nie te verkies nie, afhangende van die indruk wat gemaak moet word. Nogtans moes in hierdie geval van 'n vraelys vir die versameling van kwantitatiewe inligting gebruik gemaak word. Met die vraelys kon 'n groter en 'n gestratifiseerde monster by elke myn verkry word. Behalwe vir die administratiewe en bestuurspersoneel, werk die meerderheid werknemers skofte. 'n Moeë werknemer wat pas 'n skof agter die rug het, is nie tot deelname aan taalnavorsing geneë nie, en derhalwe moes soveel proefpersone as moontlik in vrye tydgies tussen etes en skofte betrek word.

Algemene doelstellings

Die algemene doel met die vraelys was om op kwantitatiewe wyse inligting te versamel ten einde kommunikasie-aangeleenthede te kan ontleed en taalbeplanningsvoorstelle aan die Kamer van Mynwese voor te lê met die doel om kommunikasieprobleme op te los.

Spesifieke Doelstellings

Met 'n vraelys is gepoog om spesifieke inligting te verkry met betrekking tot:

- * die doel waarvoor 'n taal binne en buite die werksituasie benut word;
- * die frekwensie waarvoor 'n taal vir bepaalde funksies aangewend word;
- * die praat-, lees- en skryfvaardighede wat werknemers binne bepaalde postestrukture moet kan beheers;
- * die menings wat werknemers oor die gebruikstatus van die amptelike tale huldig;
- * die ervaring wat werknemers ten opsigte van bestaande kommunikasieprobleme het en
- * taalhoudings en taalvoorkeure wat op die myne jeens die amptelike tale gehuldig word.

Die vraelys het hoofsaaklik geslote vrae bevat. By hierdie geslote vrae word die aantal response wat by elke vraag ontvang is, by die vraelysinligting in 'n persentasie uitgedruk. Dit is selfverklarend.

Die direkte doel, soos dit in die vraelys vervat is, was om met vrae

- * 9, 10, 11 en 12 inligting te bekom met betrekking tot die frekwensie en die doel waarvoor tale benut word;

- * 13, 14 en 15 taalbedrewendheid ten opsigte van praat-, lees- en skryfvaardighede te bepaal;

- * 16, 17 (en 18) werknemers se menings te vra aangaande die gebruikstatus wat tale - veral Engels en Afrikaans - binne die mynopset het;

- * 19, 20, 21, 22 en 23 die moontlike voorkoms en bewussyn van kommunikasieprobleme te bevra;

- * 25, 26, en 27 die houdings en moontlike taalvoorkeure vas te stel;

- * 28 en 29 aan werknemers moontlike keuses voor te hou waardeur die proefpersone hul eie taalvoorkeur kon laat blyk en motiveer.

Die twee oop vrae by 20 en 29 het 'n indirekte doel nagestreef. Respondente was vry om kommunikasieprobleme in 'n wyer perspektief te stel. Die verwagting was dat hulle moontlik hier kon melding maak van die

organisasie- en taalklimaat waarbinne gekommunikeer moet word, eienskappe van toesighouers kon vermeld en hulle eie rol in terme van die kommunikasieprobleem, die etniese heterogene aard van die werksmag en moontlik ook ander faktore kon noem wat normaalweg problematiese kommunikasie tot gevolg kan hê. Daarom is die antwoorde wat by hierdie vrae ontvang is, apart vir elke myn gegee en aan die einde van Bylae C saamgevat.

Ter wille van die interpreteerbaarheid van die response, is die antwoorde by vraag 20 volgens vyf breë kategorieë gegroepeer om sodoende 'n aanduiding te kon gee van die tipe probleem wat op 'n spesifieke myn van toepassing is, nl.: **taalvaardigheid, lae opvoedkundige peil, kulturele verskeidenheid, die werksituasie of vooroordele.** Die meeste response kon onder taalvaardigheid gegroepeer word, en daarom is dit afleibaar dat taalvaardigheid tog in 'n redelike mate die oorsaak van kommunikasieprobleme is.

In vraag 28 is aan respondente geleentheid gegee om hul taalvoorkeur aan te dui en dit dan in 29 te motiveer. Alle motiverings is in terme van die doeltaal wat gekies is, en die doel wat met die keuse beoog word, ten opsigte van die volgende kategorieë beoordeel: **integreerend** (met ander woorde iemand kies sy

moedertaal, of 'n taal word gekies ter wille van die kultuurgroep waarvan die respondent deel wil wees), **instrumenteel** (m.a.w. dit is nodig), **opvoedkundig** (hoër geskooltheid is nodig) en **emosioneel** (taal ter wille van simboliese eienskappe). Soms kon 'n respons op meer as een van die voorafgaande kategorieë betrekking hê en dit is dan ook so verreken.

By vraag 22 is respondente beperk tot kommentaar ten opsigte van taalkommunikatiewe probleme.

Taal is wel die fisiese veranderlike wat moontlik bydra tot geslaagde kommunikasie, maar vir suksesvolle kommunikasie is eksterne omgewingsveranderlikes, organisasieveranderlikes en individuele veranderlikes ook belangrike faktore in die proses van interpersoonlike kommunikasie (Verster, 1976: 22). Deur die oop vrae, en veral vrae 20 en 29, is gepoog om inligting aangaande hierdie bydraende faktore te bekom.

Steekproefgrootte

Aanvanklik is die onderskeie myne versoek om tussen 10% en 20% van die mynpopulasie vir die ondersoek beskikbaar te stel. Hierdie versoek het nie baie byval gevind nie, want 'n myn soos enige sakeonderneming, is

op produksie ingestel en te veel produksietyd sou moes ingeboet word.

Dit was ten spyte hiervan belangrik dat daar van 'n gebalanseerde formule gebruik gemaak moes word. So 'n monster sou dan moes verhoed dat te veel op produksietyd inbreuk gemaak word, maar sou tog 'n betroubare steekproef moes verseker.

Die gesamentlike populasie van die myne in Namibië is geskat op ongeveer 12 000 en die aantal proefpersone per myn is in verhouding en volgens die volgende formule bereken:

$$n = 1 + \frac{N}{1,96^2 \frac{P}{(1-p)}} \quad (\text{Underhill, 1987: 50})$$

Die aantal proefpersone wat volgens hierdie formule by alle myne betrek moes word, was:

$$\begin{aligned} n &= 1 + \frac{12\,000}{1,96^2 \cdot 0,5 (0,5)} \\ &= 373 \text{ (minimum aantal proefpersone) } (X2) \\ &= 746 \end{aligned}$$

Indien die aantal proefpersone (373) in verhouding tot elke myn se geskatte populasie verdeel sou word, sou daar by die kleiner myne minder as die minimum van 30 persone (Baily, 1982: 100) verkry word en gevolglik is die aantal verdubbel.

Die minimum aantal respondente wat derhalwe by 'n myn gekies moes word, is soos volg in verhouding tot die geskatte grootte van die betrokke populasie bereken:

MYNGROEP 1: Myn 1	$\frac{450}{12\ 000}$	x 746	= 28 (+2)
Myn 2	$\frac{450}{12\ 000}$	x 746	= 28 (+2)
MYNGROEP 3: Myn 6	$\frac{4\ 500}{12\ 000}$	x 746	= 280
MYNGROEP 2: Myn 3	$\frac{3\ 000}{12\ 000}$	x 746	= 119
Myn 4	$\frac{750}{12\ 000}$	x 746	= 124
Myn 5	$\frac{500}{12\ 000}$	x 746	= 30
Myn 7	$\frac{2\ 500}{12\ 000}$	x 746	= 137
TOTAAL:			$\overline{746}$

Die mynopset was 'n vreemde ervaring, en omdat besoeke weens afstand en onkoste nie meermale herhaal kon word nie, is daar deurgaans gepoog om ongeag die formule, soveel proefpersone as wat moontlik was, te betrek. Dit sou vir moontlike wysigings in die

populasiesamestelling voorsiening kon maak, of dit kon die betroubaarheidspeil verhoog.

Die volgende aantal vraelyste is uiteindelik vir die onttrekking van inligting benut:

MYNGROEP 1:	Myn 1	76(+ 20 vraelyste ekstra)
	Myn 2	76
	TOTAAL	152
MYNGROEP 2:	Myn 3	150
	Myn 4	33
	Myn 5	35
	TOTAAL	218
MYNGROEP 3:	A- en B-vlakke	183
	C-, D-, en E-vlakke	80
	TOTAAL	263

(By die laaste myn is 17 vraelyste weggelaat, want hulle was halfpad voltooi)

Volgens Bailey (1982: 100) is 30 response voldoende vir statistiese verwerking van data, maar hy voeg by dat "many researchers regard 100 cases as a minimum". Hiervolgens bereken, was die steekproef by al die myne groot genoeg. Waar dit nodig was om 'n seleksie van vraelyste te doen, is die presiese aantal met behulp van gelykkansige rekenaartabelle uitgesoek.

c) Inhoud

Volgens Cilliers (1977:97) kan die geldigheid van 'n meetinstrument vasgestel word wanneer variasies in een lesing ooreenstem met variasies wat ander kreteria meet. Die ongeskoolde respondente (kyk by vraag 5 op die vraelys) se response in 13 en 15 behoort nie 'n leesvaardigheid aan te dui nie.

Ongeletterdes het soos volg in vraag 12 van die vraelys gereageer:

	AFRIKAANS				ENGELS			
	Lees		Skryf		Lees		Skryf	
	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Nee
MYNGROEP 1	9	13	4	18	3	19	2	20
MYNGROEP 2	2	3	2	3	0	5	0	5
MYNGROEP 3	1	17	2	16	6	13	5	14

Uit die bostaande blyk dit dat die vraelys moontlik nie aan die geldigheidsvereistes voldoen het nie. Net ten opsigte van lees- en skryfvaardighede by Groep 2-myne korreleer hierdie twee veranderlikes. 'n Mens moet egter onthou dat daar heelwat ongeletterdes by die myne van Groep 3 en Groep 1 is wat met behulp van

geletterdheidskursusse wat by die myn aangebied is, geleer het om te lees en te skryf. So 'n moontlikheid is nie by die opstel van die vraelys voorsien nie. Hulle het nie skoolgegaan nie, maar was ook nie meer ongeletterd nie. Verder moet 'n mens nie uit die oog verloor nie dat ongeletterdes en halfgeskooldes wat positief georiënteer is teenoor 'n taal, hulle eie vermoë in 'n taal oorskat ten einde so 'n taal te steun en hul eie beeld te bou. Dit in ag geneem, het die vraelys redelik aan die geldigheidsvereistes voldoen.

Die betroubaarheid van die vraelys kan getoets word indien variasies by die een toepassing ooreenstem met variasies in 'n daaropvolgende alternatiewe toepassing wat dieselfde inligting vra. Hoewel eenderse alternatiewe vrae nie met hierdie spesifieke doel in die vraelys ingesluit is nie, is korrelasiemoontlikhede nie totaal buite rekening gelaat nie.

As die response van vraag 11 met die huistaal vergelyk word, blyk ook daaruit 'n redelike korrelasie. Die taal wat baie gereeld met die vrou/man/meisie/kêrel gepraat word, korreleer soos volg met die huistaal van Afrikaans- en Engelssprekers:

HUISTAAL VRAAG 11: Taal wat baie
gereeld met vrou/man/kêrel/
 meisie gepraat word.

	Afr.	Eng.	Afr/Eng.	Afrikaans	Engels	
1 Myn 1	35.5	1.1	1.1	40.9	3.2	*
2 Myn 2	38.6	1.3	1.3	38.0	1.3	
3 Myn 3	38.0	7.6	1.3	46.4	12.7	
4 Myn 4	64.7	2.9	2.9	64.7	11.8	
5 Myn 5	34.0	8.5	2.1	42.6	8.5	
6 Myn 6: vlak						
A & B	10.4	16.3	1.2	9.6	17.9	
C, D, & E	64.7	2.9	2.9	64.7	11.8	

* By Myn 1 is die Afrikaans/Damara sprekers nie bygereken nie.

Die probleem met die gegewens bo is dat dit nie die totale mynpopulasies insluit nie. 'n Groot persentasie van die mynpopulasies is ongeskoolde en halfgeskoolde werknemers en die ondersoektyd was beperk. Daarom is gepoog om eerder soveel inligting as wat moontlik was, te bekom, eerder as om herhaling in te voer om die betroubaarheid te toets en die vraelys op die wyse te verleng. 'n Vraelys op sy beste, kan in elk geval slegs 'n aanduiding van bepaalde tendense uitwys en te lang vraelyste kan demoraliserend wees (Moser, 1971: 309). Derhalwe is die vraelys so kort as moontlik gehou.

Die betroubaarheid van die inligting op die vraelys wat met iemand anders se hulp voltooi is, wys hoogstens

tendense uit. Die verhouding tussen die respondent en die hulp wat die lys voltooi, sal bepaal watter antwoorde 'n respondent sal kies om die vraesteller te beïndruk. Waar dit nie vir die navorser moontlik was om die inligting op die vraelyste self te voltooi nie, kan die betroubaarheid van die inligting ook nie gewaarborg word nie. Vraelyste aan ongeletterdes en halfgeskoolde persone word ook nie deur teoretiese tekste aangeraak nie - waarskynlik omdat ongeskooldheid en kommunikasieprobleme in oorsese lande nie so 'n wesenlike probleem is as in 'n derdewêreldland nie.

Die praktyk het egter uitgewys dat 'n vraelys aan 'n ongeskoolde of halfgeskoolde slegs met die hulp van 'n ander persoon in 'n onderhoudsituasie ingevul kan word. In sulke gevalle behoort die inligting eerder kwalitatief as kwantitatief van aard te wees. Betroubare inligting behoort dus met behulp van die vraelys bekom te kan word, maar dan moes die onderhoudvoerder deur die navorser opgelei word en so 'n persoon moes self betroubaar en onbetrokke by die taalgebruiksituasie van so 'n instansie wees. By sommige van die myne kon hierdie prosedure gevolg word, maar by ander is interne mense aangewys om die vraelyste te hanteer. Die aangewese persone was meestal deel van die in-groep en derhalwe moes

respondente aan die eise van die groep voldoen en sou hulle antwoorde nie baie betroubaar kon wees nie.

Betroubaarheid kan in hierdie geval nie soseer met rekenaarkorrelasies gemeet word nie, maar deur die handskrif op die vraelys te vergelyk met die stel antwoorde wat deur die hulppersoon voltooi is. As daar byvoorbeeld 20 respondente was wat presies dieselfde antwoorde verskaf het, was daardie groep antwoordstelle onbetroubaar. Daar kon dus hoogstens 'n benaderde betroubaarheidspeil bepaal word.

Die voorafgaande beredenering is nie bedoel as kritiek op diegene wat die vraelyste help invul het nie, maar eerder 'n aanduiding dat sommige van die helpers in die slaggat van "self-fulfilling prophecy" (Bailian, 1985: 85) getrap het toe hulle geïdealiseerde antwoorde op die vraelys wou hê.

Die vraelys in Bylae B was in boekvorm gebind en die maklik-leesbare lettertipe het dit vir halfgeletterdes toeganklik gemaak. Al die antwoorde wat op die oop vrae ontvang is, word by daardie vraagnommer gelys. By die bespreking van die antwoorde, word die spesifieke antwoorde van die onderskeie myngroepe egter afsonderlik bespreek.

Die verstaanbaarheid en toeganklikheid van die vraelys is by Myn 5 getoets. Hierdie myn is gekies omdat dit die naaste myn aan Windhoek is. Sestien respondente het die voorlopige vraelys ingevul en daarna is die vrae aangepas om inligting in makliker taal te vra. Al die inheemse tale is op die lys gelaat, en al het dit die lys onnodig verleng, was dit nodig om nie enige taalgroep te affronteer nie, maar om ook die mense se ingesteldheid teenoor die hele spektrum van tale te toets. Onnodige antagonisme is so afgeweer en dit het 'n oorsig gegee van die algemene taalgebruiksituasie op die myne.

Vir dieselfde redes is die tale binne die vrae telkens in 'n ander volgorde aangebied. 'n Alfabetiese volgorde sou Afrikaans telkens bo aan die lys plaas en dit kon diegene wat negatief teenoor Afrikaans geriënteer is, ongelukkig stem.

In die vraelys is gebruik gemaak van verhoudingskale (Baillian, 1985: 184-186 ; Cilliers, 1977: 99). Soms is die skale omgeswaai om die onnadenkende trek van kruisies uit te skakel. Dit sou 'n getrouer weergawe van antwoorde kon verseker.

'n Ander probleem met hierdie tipe toetsing van ongeletterdes en halfgeskooldes hang ook saam met

afkoms en herkoms. 'n Persoon se waardes en persepsies hou verband met die waardes en persepsies van die etniese groep waartoe hy/sy behoort en dit het 'n invloed op die wyse waarop mense die vraelys beantwoord. Hoe goed een kultuurgroep hul taalgebruik in 'n bepaalde situasie (soos in vraag 13) gaan beoordeel, kan aansienlik verskil van wat 'n ander kultuurgroep met so 'n beoordeling sou aanbied. Wanneer 'n respondēt met 'n bepaalde groep geïdentifiseer wil word, sal hy geneig wees om sy vaardigheid in so 'n taalgroep se taal te oorgradeer, of andersom (Herman, 1977: 495). Dit kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word:

'n Werknemer wat graag goed Afrikaans wil praat, sal sê dat hy dit goed kan praat, terwyl daar van 'n tolk gebruik gemaak moet word om die vraelysinligting aan hom oor te dra. Hy doen dit moontlik omdat hy sy eie waarde oorskakel, of omdat hy bang is dat hy sy werk sal verloor as hy nie goed Afrikaans of Engels kan praat nie, of omdat hy by die groep wat Afrikaans en/of Engels goed kan praat, sou wou inskakel. Andersyds sal 'n ander een sê dat hy nie goed Afrikaans kan praat nie omdat hy hoë eise aan homself stel en sy taalvermoë in die vreemde taal meet aan sy vermoë in sy huistaal. Moontlik bemeester hy ook die taal goed, maar omdat hy nie met die groep wie se moedertaal dit is, geassosieer

wil wees nie, sal hy sy vaardighede ontken (RGN, 1978b: dl. 11:13).

Etnosentrisme, opvoedingspeil, waardes en persepsies kan dus 'n invloed hê op die vertolking en die interpretasie van verhoudingskale en 'n mens wonder of dit moontlik is om so 'n heterogene populasie sinvol met dieselfde meetinstrument te kan meet.

Volgens Moser (1971:308) is die opstel van 'n goeie vraelys "a matter of art rather than a science". Hierdie vraelys het sy tekortkominge gehad, maar die gebreke hou eerder verband met die komplekse aard van die populasie wat met die vraelys getoets moes word.

d) Die implementering van die vraelys

Die onderskeie myne verskil aansienlik in hulle aard en grootte en daarom moes dit in die versameling van data in gedagte gehou word. Die fisiese omstandighede by 'n myn het bepaal watter metodiek gevolg kon word.

Die myngemeenskappe is in talle afdelings georganiseer en werknemers binne elke afdeling verskil onderling ten opsigte van opvoedingspeil, herkoms, taal en politieke sienswyse. Die beste wyse waarop sulke gemeenskappe verteenwoordigend vir 'n steekproef geselekteer kon

word, was om 'n gesistematiseerde gestratifiseerde en gelykkansige seleksie te maak (Baily, 1982: 102). Vir so 'n steekproef kon 'n verteenwoordigende monster met minder response wel verteenwoordigend wees (Moser, 1971: 48). In die mynstrukture van Namibië hou die hiërargiese postestrukture ook meestal verband met die verskillende taallae en/of etniese groeperinge. Daarom is in hierdie opname daarna gestreef om die vraelyste by benadering met die normale verspreiding van etniese, pos- en/of taalgroeperinge binne die onderskeie myne te laat ooreenkom.

By Myn 1 is 'n naamlys van alle werknemers verskaf waaruit 100 persone ewekansig gekies is om die vraelys te voltooi. Hier, soos dit ook by die ander myne die geval was, het die probleem opgeduik dat sommige werknemers as gevolg van skofwerk op daardie bepaalde dag nie beskikbaar was nie. In sulke gevalle is van die oorspronklike keuse afgewyk en is diesulkes deur enige ander beskikbare werknemer in daardie afdeling vervang. Op hierdie wyse is 96 vraelyste met die hulp van drie tolke en 'n opleidingsbeampte voltooi.

By Myn 2 het die personeelbestuurder 'n opsomming gemaak van al die afdelings met posgraderings by elk. Naas die posgradering is die aantal werknemers aangedui en 10% van hierdie getal werknemers uit elke groep, is

genader om die vraelys te voltooi. Op hierdie wyse is 77 vraelyste met die hulp van die personeelbestuurder, senior personeel en 'n tolk voltooi.

Die werkwyse by Myn 6 was min of meer 'n kombinasie van wat by Myne 1 en 2 gedoen is. Vraelyste is in verhouding tot die aantal werknemers in elke posvlak versprei. Op 'n rekenaaruitdruk is die name van al die werknemers uit die C-, D- en E-posvlakke aangedui. Aan elke sewende persoon op die lys is 'n vraelys gegee om in te vul.

Myn 6 is egter 'n baie groot myn wat oor 'n uitgebreide gebied funksioneer - 'n myn met veiligheidsmaatreëls wat vrye beweging beperk. Om die vraelyste by die A- en B-vlakke se werknemers te kon laat invul, was bykans 'n saak van onmoontlikheid. Gevolglik is gereël dat die agt instrukteurs wat op die myn skoolhou, opgelei word om 200 vraelyste by hierdie groot groep werknemers te laat voltooi. Ongeveer 280 vraelyste is van Myngroep 3 ontvang.

By Groep 2 het dit baie druk gegaan met die herinname van personeel na 'n afgelope staking. Op versoek van die personeelbestuurder is die vraelyste vooruit gestuur sodat personeel in vrye en beskikbare tyd daaraan aandag kon gee. Vraelyste is soos by Myn 2 per

afdeling versprei en senior personeel het toegesien dat dit ingevul word. Van Myn 4 is 34 vraelyste ontvang, Myn 5 het 76 ingelewer en van Myn 3 was daar 150.

Geen onwillige of skeptiese persone is aangesê om 'n lys te voltooi nie. Sulke response sou in elk geval nie betroubaar wees nie (Moser, 1971: 310).

Ofskoon daar baie probleme met die gebruik van die vraelys was vir die verkryging van inligting, was dit nie heeltemal 'n nodelose oefening nie. Afgesien van die direkte inligting wat daardeur bekom is, kon ook indirekte afleidings gemaak word uit die gegewens op die lyste.

e) Ontleding

Die vraelysinligting is met behulp van die **Statistical Package for Social Science** (SPSS) op die rekenaar geanaliseer. Slegs die mees basiese inligting is onttrek en enkele korrelasies is gedoen.

HOOFSTUK 3

KOMMUNIKASIE OP DIE MYNE VAN NAMIBIË

INHOUD

3.1	Inleiding	81
3.2	Die kommunikasieproses	82
3.2.1	Gespreksgenote	87
3.2.2	Steurnisse	87
	a) Kanaalsteurnisse	87
	b) Taalsteurnisse (lokusies)	90
	c) Taalfunksies (illokusies)	104
	d) Agtergrond (gesprekstrategieë)	110
	e) Sosiale omgewing (konteks en situasie)	115
3.2.3	Interne en eksterne faktore in botsing	125
3.2.4	Oorsig	135

3.1 Inleiding

Die taalsituasie op elk van die onderskeie myne word voorts onder die loop geneem. Na aanleiding van inligting wat uit die vraelyste (Bylae C) en met waarnemingsbesoeke bekom is, word die kommunikasieprobleme op die myne deur middel van 'n kommunikasiemodel en 'n misverstandmodel beoordeel ten einde in Hoofstuk 5 aan die hand van die taalbeplanningsteorie (soos vervat in Hoofstuk 4) te poog

om moontlike oplossings vir die bestaande kommunikasieprobleme voor te stel.

Die taalgebruiksomgewings op al die myne (en soos dit ook in die land voorkom) is baie kompleks. Verskillende tale word deur verskeie kultuurgroepe vir verskillende funksies benut en daar is talle steurnisse wat doeltreffende kommunikasie kan belemmer. Volgens Van Jaarsveld (1989: 27) is kommunikasie oor kultuurgrense heen 'n soort interpersoonlike aktiwiteit wat op intratalige kommunikasie berus. Die verskil in taalkennis impliseer ook 'n kulturele verskil en 'n verskil in wêreldkennis.

Die elemente waaruit die kommunikasieproses bestaan (RGN, 1986) word as vertrekpunt geneem en in terme van die misverstandsmodeel (Van Jaarsveld, 1989) geïnterpreteer ten einde te kan uitwys hoe verskillende steurnisse ("barriers") in die gespreksomgewing van die spreker (S) of die hoorder (H), 'n effek op interpersoonlike kommunikasie kan hê.

3.2 Die kommunikasieproses

Reagan (RGN, 1986: 72) gebruik die onderstaande kommunikasiemodeel en Van Jaarsveld (1989:30) die misverstandsmodeel om onderskeidelik die werking van die kommunikasieproses en die faktore wat 'n invloed daarop kan hê, te verduidelik.

Albei verwys na kanaalsteurnisse. Hierdie soort steurnisse het baie min effek op enige kommunikasie. Verder verwys Reagan (RGN, 1986) in sy model na semantiese steurnisse, steurnisse wat uit taalfunksies voortkom, agtergrond- (menslike) steurnisse en sosiale steurnisse wat kommunikasieprobleme tot gevolg kan hê. Dit kom ooreen met wat Van Jaarsveld op die misverstandsmodeel ontleed as kommunikasieprobleme wat voortspruit uit die wyses waarop daar met taal gehandel word deur lokusies, illokusies, gesprekstategieë, en die invloed van buite-linguistiese faktore soos die konteks (die linguistiese omgewing) en situasie (nie-linguistiese omgewing) op taaluitings.

Die taalfunksies wat Reagan behandel, kom in 'n groot mate ooreen met die taalhandelinge (illokusies) en gesprekstategieë wat Van Jaarsveld vermeld. Mense wend in gesprekke verskillende taalvorme en strategieë aan om bepaalde taalhandelinge uit te voer of hul gespreksdoel in interpersoonlike gesprekke te probeer bereik. Misverstand wat hieruit voortvloei, is minder ernstig as die bogenoemde faktore, maar kan ernstiger kommunikasieprobleme tot gevolg hê as gewone taalgebreke.

Gewone lokusies dra volgens Van Jaarsveld die minste by tot ernstige misverstand. Dit het betrekking op gewone taalgebruiksvaardighede wat by sprekers op die fonologiese,

semantiese of sintaktiese terreine kan ontbreek en wat op die Reaganmodel as semantiese steurnisse aangedui word.

Van al die steurnisse soos dit hierbo uiteengesit is, dra kanaalsteurnisse die minste tot gebrekkige kommunikasie by.

Die model wat Van Jaarsveld (1989:30) benut om die komplekse aard van interkulturele kommunikasie voor te stel, word soos volg saamgevat:

'n MODEL VIR MISVERSTAND

VLAK 1

Lokusie	Fonologies
	Sintakties
	Semanties

VLAK 2

Illokusie

Hieronder val die identifisering van taalhandelinge, die toekenning van lokusies, die interpretasie van indirekte taalhandelinge waaronder ook ironie, sarkasme, metaforiek en verskillende soorte gespreksimplikasies.

VLAK 3

Gesprekstrategieë

Hier gaan dit om die vermoë om taal strategies ter wille van die bereiking van bepaalde doelwitte te gebruik.


VLAK 4

Foutiewe beoordeling van

- die konteks (linguistiese omgewing);
- die situasie (nie-linguistiese omgewing);
- hoflikheidsbeginsels;
- doelwitte van spreker/hoorder;
- beginsels wat vir bepaalde geïnstitusionele situasie geld;
- gespreksgenoot (houding, mag, status en ander sosiale of sosiolingvistiese veranderlikes);
- gedeelde kennis soos
 - * kulturele kennis,
 - * kennis van kulturele agtergrond, gebruike en gewoontes,
 - * sosiale kennis,
 - * kennis van waardes en houdings en
 - * kennis van gespreksituasie.

Foutiewe aannames oor die gespreksgenoot se taal, gewoontes, gebruike en gelowe en aannames oor die wêreld. (Van Jaarsveld, 1989:30).

Reagan (RGN, 1986:72) stel die kommunikasieproses soos volg voor:



3.2.1 Gespreksgenote

Uit die voorafgaande blyk dit dat die S en die H in verskillende gespreksituasies die gesprekspaar is op wie se uitings verskillende faktore 'n invloed kan hê. Elkeen van die gespreksgenote kom uit 'n bepaalde omgewing en het 'n agtergrond - 'n geskiedenis, van waaruit hulle uitinge maak, boodskappe ontvang en interpreteer. Elkeen, veral waar hulle van verskillende kulturele herkomste is, het 'n bepaalde persepsie van die ander persoon met wie gepraat word. So 'n opvatting van die ander, kan reeds voor 'n gesprek begin, 'n bepalende faktor in die kommunikasieproses wees. 'n Negatiewe beeld, gevestig in kulturele oordrag of uit politieke ervaring, kan 'n boodskap beïnvloed nog voordat dit selfs geuiter is.

3.2.2 Steurnisse

a) Kanaalsteurnisse

Die S kan deur situasionele veranderlikes beïnvloed word sodat sy reaksie nie altyd eenders sal wees nie. Die ideale kommunikasiesituasie vereis begrip vir sy luisteraar, maar ook bepaalde kommunikasie- en taalvaardighede. Taal, die situasie en ander vaardighede moet mekaar komplementeer. Volgens Adair

(1973:37) moet ook kommunikasietodes en die situasie van so 'n aard wees dat dit gesamentlik bydra tot "the meeting of their minds, so that the aim is fully achieved". In die mynsituasie is so 'n ideale situasie nie altyd moontlik nie. In die oopgroefmyne is hierdie bydraende faktore met die oog op geskikte kommunikasie, gunstiger as wat dit in die geval van die ondergrondse myne is.

In oopgroefmyne en in werkswinkels het 'n mens as 't ware 'n fabrieksituasie waar werknemers in goedgeventileerde omgewings werk. Werkers sien hulle toesighouers die hele dag en hulle kry geleentheid om mekaar te leer ken. Dit is makliker om positiewe gesindhede te laat ontwikkel en taal te bevorder, as so 'n taal in 'n sosialiseringfunksie sowel as 'n werkfunksie benut kan word. Die S kan die H in die oë kyk en van positiewe lyftaal gebruik maak om sodoende sy boodskap suksesvol oor te dra (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989:161). Kanaalsteurnisse wat die S in gedagte moet hou, is ook minder.

Daarenteen is die ondergrondse situasie glad nie bevorderlik vir geslaagde kommunikasie nie - al beskik beide die gespreksgenote ook oor die nodige taalkennis. Afgesien van fisiese omgewingsfaktore soos hitte, geraas en warm en nat werksomstandighede, verrig

ondergrondse mynwerkers gevaarlike werk en meestal in donker afsondering. Goeie werk en 'n gesonde verstandhouding kan net verkry word deur "a lot of trust ... because people are compartmentalized; they must be intelligent, and motivated to do their jobs well" (Mynsuperintendent). Die mense werk in isolasie en sien hulle skofbaas hoogstens vir 20 sekondes elke twee uur as hy op sy rondtes verbykom. Die skofbaas loop baie kilometers om hierdie rondtes te voltooi en teen die einde van die skof is albei partye moeg, en as iets dan sou verkeerd loop, is geslaagde kommunikasie byna onmoontlik. Die skofbaas skree om bo die geraas gehoor te kan word en die werker dink dat hy kwaad is. Die gevolg is dat die werker moontlik nie antwoord nie omdat hy bang is om die verkeerde ding te sê en in die proses dalk sy werk kan verloor, of hy gebruik die stilswye as 'n berskermingsfaktor ("barrier") en maak of hy nie verstaan nie, of hy gebruik sy moedertaal.

Omdat daar in so 'n gespreksituasie min geleentheid is om spontaan te sosialiseer, sal taalvaardighede stadig ontwikkel en bestaan daar min geleentheid dat die verhouding tussen die toesighouer en die werker tot 'n ontspanne gespreksvlak kan ontwikkel. Die situasie leen hom nie tot nie-verbale gedrag soos oogkontak en sigbare gesiguitdrukkings wat 'n hoflike handeling kan weerspieël nie (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989: 161).

Om by werkswinkels en by oopgroefmyne taalkommunikatiewe vaardighede te bevorder, sal dus makliker moontlik wees as wat dit by die ondergrondse myne die geval is (vgl. ook Feraz, 1983: 9).

b) Taalsteurnisse (lokusies)

Volgens Van Jaarsveld (1989:34) verreken die pragmaties kontrastiewe komponent (vlak 1) fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese aspekte. Dit kom daarop neer dat 'n gebrek aan taalvaardigheid nie vanselfsprekend ernstige misverstand tot gevolg sal hê nie. Gedeelde kennis van 'n kode sal wel lei tot 'n vlotter gesprek, maar dit bied ook groter kans op ernstiger misverstand, want sodra taalgebruik so gevorderd is dat uitings indirekte handeling kan impliseer, verhoog dit die kanse vir misinterpretasie in 'n groter mate (a.w., 1989: 28 - 34). Hoe laer die tweedetaalspreker se taalvermoë is, hoe minder ernstig is die gevolge van die misverstand.

Waar taal tekort skiet, kan koöperatiewe strategieë aangewend word om die betekenis verstaanbaar oor te dra. Fyn nuanses van die taaloordrag gaan egter verlore as omskrywings vir woorde gebruik word (hamer = yster wat kap; kapper, ens.). Te veel reduksie en

aanpassings in die normale interaksionele strategieë kan soms ook lei tot misinterpretasie in soverre die H die gebrek aan hoflikheidsmerkers as onbeskoftheid interpreteer.

Uit die vraelysinligting het dit geblyk dat die verstaanbaarheid van instruksies en verduidelikings verband hou met die taal waarin dit gegee word, maar ook met die vlak van geletterdheid wat die H bereik het. Uit 'n kruisverwysing tussen vrae 5 & 13 van die vraelys hieronder blyk dit dat instruksies en verduidelikings in 'n redelike mate verstaan sal kan word as die S sy instruksie of verduideliking in Afrikaans sou gee. Veral vir die ongeletterdes en halfgeskooldes is dit die geskikste medium. By Myn 6 lyk dit asof Engels 'n geskikter medium sou kon wees - te oordeel aan die gestruktureerde vrae op die vraelys, maar uit die inligting wat uit die oop vrae verkry is, blyk die teendeel. Die rede vir hierdie diskrepansie is dat die ander myne 'n instrumentele doel nagestreef het in die beantwoording van die vrae, terwyl die doel by Myn 6 was om emosionele redes te beklemtoon (vgl. Bylae C).

DIE VERSTAANBAARHEID VAN INSTRUKSIES IN
AFRIKAANS

		MYN 1& 2		MYN 3,4 & 5		MYN 6	
		Baie goed	Goed	Baie goed	Goed	Baie goed	Goed
<u>Kwalifikasies</u>							
1	Geen skool	10	3	2	3	1	----
2	Sub A-st.2	14	7	3	14	----	3
3	St.3,4 & 5	27	9	10	26	----	23
4	St.6,7 & 8	37	7	70	12	6	31
5	St.9 & 10	14	1	31	1	13	6
6	St.8 & Tegnies	7	2	18	2	8	4
7	St.10 & Tegnies	10	----	25	4	18	7
8	Gegradueer	8	----	7	----	11	3
		91,8%		95,8%		55,0%	

DIE VERSTAANBAARHEID VAN INSTRUKSIES IN
ENGELS

		MYN 1& 2		MYN 3,4 & 5		MYN 6	
		Baie goed	Goed	Baie goed	Goed	Baie goed	Goed
<u>Kwalifikasies</u>							
1	Geen skool	----	2	----	1	----	1
2	Sub A-st.2	----	1	----	1	1	7
3	St.3,4 & 5	----	6	1	4	1	26
4	St.6,7 & 8	5	20	24	35	7	33
5	St.9 & 10	6	8	21	10	25	4
6	St.8 & Tegnies	4	3	12	10	13	1
7	St.10 & Tegnies	4	5	24	10	25	4
8	Gegradueer	7	1	7	1	15	1
		42,4%		67,7%		64,8%	

DIE VERSTAANBAARHEID VAN VERDUIDELIKINGS IN
AFRIKAANS

		MYN 1& 2		MYN 3,4 & 5		MYN 6	
		Baie goed	Goed	Baie goed	Goed	Baie goed	Goed
<u>Kwalifikasies</u>							
1	Geen skool	7	5	1	3	1	---
2	Sub A-st.2	12	9	3	14	----	3
3	St.3,4 & 5	22	13	7	28	----	18
4	St.6,7 & 8	38	6	67	14	7	27
5	St.9 & 10	13	2	32	----	12	8
6	St.8 & Tegnies	7	2	18	2	8	4
7	St.10 & Tegnies	10	----	25	4	16	9
8	Gegradueer	8	----	7	1	11	3
		90,6%		94,9%		52,9%	

DIE VERSTAANBAARHEID VAN VERDUIDELIKINGS IN

ENGELS

MYN 1 & 2

MYN 3,4 & 5

MYN 6

Baie goed Goed Baie goed Goed Baie goed Goed

Kwalifikasies

1	Geen skool	----	1	1	----	----	1
2	Sub A-st.2	----	3	----	1	1	7
3	St.3,4 & 5	1	5	1	5	----	23
4	St.6,7 & 8	5	17	24	34	8	31
5	St.9 & 10	6	7	19	10	18	6
6	St.8 & Tegnies	4	3	12	9	13	1
7	St.10 & Tegnies	4	5	27	8	25	4
8	Gegradueer	7	1	7	1	15	1
		40,6%		67,1%		63,4%	

'n S behoort 'n opdrag in 'n kode aan te bied wat die H sal kan verstaan. In die onderskeie myne is dit 'n algemene verskynsel dat die verskillende vlakke van die postestruktuur ook verband hou met etniese taallae. Indien skool- of professionele kwalifikasies met die huistaal vergelyk word, blyk daaruit die volgende:

MYN 1 & 2:

KWALIFIKASIES

	Primêr	Sekondêr	Professioneel	%
<u>Huistaal</u>				
1 Engels	----	2	1	1,8%
2 Afrikaans	9	42	16	39,5%
3 Ndonga	28	3	----	18,2%
4 Kwanyama	14	5	----	11,2%
5 Herero	1	----	----	,6%
6 Nama/Damara	10	8	----	10,6%
7 Kwangali	22	8	----	17,6%
8 Duits	----	----	1	,6%
9 Afrikaans & Engels	----	2	----	1,2%
	49,4%	40,0%	10,6%	100%

By hierdie twee myne is daar basies twee taallae in die postestruktuur. Op die professionele vlak is feitlik net Afrikaanssprekers, en hoewel baie van die inheemse taalgroepe ook op die sekondêre opleidingsvlak verteenwoordig is, is die Afrikaanssprekers die meeste. Die sekondêre en professionele vlakke in die hiêrargie van die twee myne is Afrikaans en die primêre vlakke van die hiêrargie word redelik eweredig deur 'n verskeidenheid van taalgroepe verteenwoordig. Die kulturele verskeidenheid in die primêre opleidingsvlak "verplig" mense om 'n gemeenskaplike taal te gebruik en omdat die professionele groep Afrikaanssprekers is, versterk dit verder die behoefte aan vaardigheid in

Afrikaans. Vir geslaagde kommunikasie sal boodskappe op hierdie myne in Afrikaans moet geskied.

MYN 3, 4 & 5:

KWALIFIKASIES

	Primêr	Sekondêr	Professioneel	
<u>Huistaal</u>				
1 Engels	----	14	27	16,5%
2 Afrikaans	----	13	13	10,5%
3 Ndonga	52	33	1	34,7%
4 Kwanyama	45	22	1	27,4%
5 Herero	1	1	1	1,2%
6 Nama/Damara	----	2	1	1,2%
7 Kwangali	13	1	----	5,6%
8 Tswana	1	----	-----	,4%
9 Afrikaans & Engels	----	1	2	1,2%
10 Vreemde taal	3	----	----	1,2
	<u>46,4%</u>	<u>35,1%</u>	<u>18,5%</u>	<u>100%</u>

By die voorafgaande drie myne is daar meer Engelssprekers op die professionele opleidingsvlak werkzaam, maar naas Engels is ook Afrikaans en ander inheemse taalgroepe hier verteenwoordig. Op die sekondêre vlak is daar 'n baie verteenwoordigende verspreiding van inheemse taalgroepe en op die primêre vlak werk hoofsaaklik taalgroepe uit die noorde. Die taallae is by hierdie groep myne nie so duidelik te onderskei nie - veral nie in die professionele en

sekondêre opleidingsvlakke nie en dit is moontlik die rede waarom Afrikaans en Engels by hierdie myne redelik gelyke voorkeur geniet. As die taalgroeperinge van die drie myne egter afsonderlik ontleed word, blyk dit dat Myn 5 (naaste aan Windhoek) die sterkste Engelse element bevat. Dit is moontlik ook die rede waarom Fanagalo hier redelik in aanvraag is (vgl. Bylae C). By Myn 4 is die meeste Afrikaanssprekers. Die formele taal van hierdie myn is Engels, en soos by Myn 5, word ook hier Fanagalo ter wille van instrumentele redes versoek (vgl. Bylae C). Die eksterne omgewing van hierdie myne is plattelands en die bewussyn baie Afrikaans, hoewel die voorkeurkeuse by vraag 29 dit nie so sterk uitwys nie. 'n S sou met sukses sy boodskap, in veral formele situasies, in enige van die gestandaardiseerde tale kon aanbied. Afrikaans is by hierdie myn die huistaal van 64,7 % van die werksmag en daarom sou Afrikaans ook maklik kon slaag.

MYN 6:

KWALIFIKASIES

	Primêr	Sekondêr	Professioneel	
<u>Huistaal</u>				
1 Engels	----	3	14	7,1%
2 Afrikaans	4	75	19	41,0%
3 Ndonga	17	13	1	13,0
4 Kwanyama	28	7	1	15,1%
5 Herero	----	5	1	2,5%
6 Nama/Damara	4	16	----	8,4%
7 Kwangali	4	9	----	5,4%
8 Duits	----	1	4	2,1%
9 Afrikaans & Engels	----	3	1	1,7%
10 Vreemde taal	3	----	----	1,3%
11 Afrikaans & Nama/Damara	----	1	----	,4%
12 Afrikaans & Duits	----	2	2	1,7%
13 Afrikaans, Engels & Duits	----	1	----	,4%
	25,1%	56,9%	18,0%	100%

By Myn 6 is daar drie taallae: hoofsaaklik Engels en Afrikaans op die professionele opleidingsvlak; Afrikaans op die sekondêre vlak (veral as ook in aanmerking geneem word dat Namas en Herero's in die suide van die land, en Duitssprekendes ook Afrikaans goed magtig is) en op die primêre opleidingsvlakke van die hiërargie is hoofsaaklik inheemse tale van bevolkingsgroepe uit die noorde verteenwoordig. Op die

kontakvlakke sal Afrikaanssprekers baie met Ndonga-, Kwanyama- en Kwangalisprekers afwaarts kommunikeer, terwyl opwaartse kommunikasie in Engels of Afrikaans sal geskied. Soos dit in die oop vrae deurskemer, is Afrikaans die omgangstaal afwaarts, maar die vraelysinligting by die gestruktureerde vrae laat dit anders blyk. Taalvaardighede word ontken omdat sprekers Afrikaans as 'n koloniale taal sien, maar dit het ook uit die wyse waarop die vraelyste voltooi is, geblyk dat baie antwoorde gemanipuleer is om die aanvaarde politieke beeld van die groep uit te dra. Ook op hierdie myn waar Engels baie prominent behoort te wees, is Afrikaans die algemene omgangstaal in die werkplek en suksesvolle kommunikasie kan in die werksomgewings van die laer geskoolde werksmag van die myn net deur die medium van Afrikaans geskied (vgl. Bylae C).

Uit die voorafgaande blyk dit dat verskillende kultuur- en taalgroepe die basiese werksmag van myne uitmaak. In baie gevalle beheers hierdie mense hoogstens hulle huistaal en/of Afrikaans as tweede taal. Die sekondêre werksmag in die hiërargie, is grootliks Afrikaanssprekend, terwyl die bestuursgroep in baie gevalle, afhangende van die myngroep, Engels, of Afrikaans, of Engels en Afrikaans as eerstetaal (T1) benut. Dit hou in dat die taalboodskap van die S, wat

'n bepaalde doel moet bereik en wat 'n spesifieke funksie moet vervul, gewoonlik vir die H in 'n vreemde taal en vanuit 'n vreemde kultuur aangebied word; of dat die S taalfunksies in 'n vreemde taal moet uitvoer om 'n vreemde kultuurgroep te bereik. Dit is 'n onnatuurlike kommunikasiesituasie en daarom is dit moontlik dat veral sosiale steurnisse en/of pragmaties kontrastiewe aspekte misinterpretasie tot gevolg kan hê.

Volgens Cluver en Scheffer (RGN, 1984: 42) gebruik 'n ingenieur, tegnikus en ambagsman min of meer dieselfde taal en terminologieë, en argumentshalwe sou dit beteken dat een taal vir 'n myn die oplossing sou wees. Ten opsigte van metalurgiese aanlegte en gespesialiseerde werksinkels sou dit moontlik die geval kon wees. Op die Namibiese myne vorm hierdie spesialiste egter 'n klein persentasie van die werksmag. Die myne verskil ook baie van mekaar in hulle bedryfsmetodes en aktiwiteite sodat so 'n uitgangspunt 'n veralgemening is wat in baie gevalle nie heeltemal ter sake is nie. 'n Tinklipkapper, 'n diamantrotsveër of 'n ertsfragmotorbestuurder het nie gespesialiseerde taal nodig nie. Hierdie werknemers moet net instruksies deur middel van taal kan uitvoer en opdragte kan verstaan en'gee - in gewone taal wat ander kan verstaan en meestal is die vereiste kode dan Afrikaans.

Suksesvolle kommunikasie kan afhang van 'n S of H se taalvaardigheid, maar kan ook deur ander sosiale en psigologiese faktore beïnvloed word. 'n S of H se persoonlike en kulturele siening kan wees dat hy nie 'n meerdere weerspreek nie en daarom kan hy besluit om nie te antwoord nie, of as 'n moontlike antwoord ekonomiese verlies kan beteken, hou hy hom "dom".

Wanneer die taalkennis tekort skiet, is dit pragmaties kontrastiewe aspekte wat kommunikasie verhoed; as sy houding jeens die sender negatief is of as hy homself sou wil beskerm, kan so 'n persoon 'n gebrek aan taalkennis veins (Van Jaarsveld, 1989 : 9).

'n Tweedetaalspreker kan ook kennis van die tweede taal (T2) ontken om homself te beskerm. Hulle kan soms T2 (in hierdie geval Afrikaans) baie goed verstaan en praat, maar maak of hulle dit nie verstaan nie omdat dit vir hulle voordeel inhou. In hierdie verband kan die volgende voorbeelde genoem word:

'n Man wou 'n swaarvoertuigbestuurder wees, maar het nie 'n lisensie gehad nie. Hierdie versoek en die res van die gesprek oor die noodsaaklikheid van die lisensie voordat hy as bestuurder aangestel sou kon word, was 'n gemaklike tweerigtingkommunikasieproses

deur die medium van Afrikaans. Toe dit later blyk dat die lisensie wat hy kom aanbied het, 'n vervalste dokument was, moes 'n tolk ingeroep word om 'n mate van kommunikasie te kon bewerkstellig.

In gevalle waar duur masjinerie as gevolg van agterloosigheid beskadig raak, gebeur min of meer dieselfde. Ten einde die werk te bekom, toon die werknemer sy taalvaardighede, maar as hy gekonfronteer word met die groot koste wat aan sy agterloosigheid toegeskryf kan word, verstaan hy geen taal behalwe die moedertaal nie. In so 'n geval is taal "an aid and barrier to involvement" (Kelman, 1975: 21). Dit is 'n kultuurkenmerk wat gebruik word om kommunikasie te laat misluk en hom te beskerm. Sy gebrek aan kommunikatiewe "aptyt" het in hierdie geval 'n nuttigheidswaarde.

Daar is dus eksterne en interne faktore wat moet korreleer ten einde kommunikasie te laat slaag. Interne faktore hou grootliks verband met taal- en kommunikasievaardighede en die werksituasie. Die S moet in die geskikte medium en deur middel van die korrekte kommunikatiewe metodiek sy boodskap oordra, maar ook die situasie waarbinne gekommunikeer word, moet geskik wees en nie vir die H moontlike ekonomiese nadele impliseer nie.

Die eksterne faktore hou verband met taaloriëntasie as gevolg van sosiale (menslike) en agtergronds-faktore - mense se persepsies van ander met wie gekommunikeer moet word en hulle taal/tale. Hierdie interne en eksterne faktore moet korreleer ten einde kommunikasie te laat slaag (Mackey, (1977:555).

c) Taalfunksies (illokusies)

Taal word in 'n werksituasie vir verskillende funksies benut. Reagan (RGN, 1986:45) onderskei sewe verskillende taalfunksies waarvan hoofsaaklik ses binne die industriële opset vir 'n sosialiserings- of vir 'n werksfunksie benut kan word. Hierdie funksies kan 'n implisiete of 'n eksplisiete dimensie hê. Volgens Van Jaarsveld (1989: 350 - 352) is taal in so 'n werksituasie H-gesentreerd en word daar van die H verwag om die betekeniswaarde van veral implisiete taalhandelinge korrek te interpreteer.

Reagan (RGN, 1986: 45) verwys in die eerste plek na die verduidelikende funksie van taal. Die eksplisiete oordrag van verduidelikende inligting, kan soos volg lyk:

"As jy hierdie knoppie druk, sal die pomp die water begin uitpomp."

Dit is 'n lokusie, maar dit kan ook as 'n illokusie implisiete handeling veronderstel deurdat die verwagting kan wees dat die H op die verduideliking moet reageer.

Misverstand kan voorkom as die werkgewer gepidginiseerde taal gebruik in 'n poging om 'n tweedetaalspreker tegemoet te kom met byvoorbeeld 'n eenvoudiger soort Afrikaans, terwyl die H dit kan interpreteer as dat hulle intelligensie en taalvermoë onderskat word (Van Jaarsveld, 1989: 411). Voorbeelde waarna Van Jaarsveld (a.w.) verwys, hou verband met leksikale invoegings van byvoorbeeld onnodige Engelse terme; sintaktiese afwykings soos: "By watter plek jy kry hom"; of kontrole vrae soos: "Sien?", "Jy verstaan?" of onnodige herhalings van die H se woorde. Hierdie soort taalgebruik kan die H laat voel dat die S dink dat hy dom is of dat die S reeds antisipeer dat die H 'n fout sal begaan en dit vroegtydig wil uitskakel. In so 'n geval sal eerder misverstand as inhoud oorgedra word (Van Jaarsveld, 1989: 412 - 414).

'n Uiting soos:

"Die skofte verwissel na Werkersdag,"

het 'n inligtingsfunksie wat eksplisiet inligting gee. Dit is 'n lokusie wat waar of vals kan wees, maar dit kan ook 'n implisiete handeling veronderstel, nl.: "Dan gaan die staking begin." (vgl. ook RGN, 1986: 13). As die uiting nie binne die konteks beoordeel word nie, kan die implisiete betekenis verlore gaan.

Die gebruik van taal in 'n bevelende funksie is moontlik die algemeenste vorm van taalgebruik met betrekking tot die basiese werksmag in 'n myn. Voorbeelde soos:

"Bring die pik," of

"Loop daarlangs verby,"

word eksplisiet as lokusies in die werksplek gebruik, terwyl hulle implisiete teenhangers volgens Reagan, (RGN, 1986: 15) meer in die sosiale gespreksomgewing aangewend word. Dit is egter so dat 'n vraag wat oënskynlik inligting versoek, of 'n stelling wat eksplisiet inligting oordra, in die in die werksituasie ook implisiet 'n waarskuwingsfunksie of 'n bevelende funksie sou kon bevat, byvoorbeeld:

"Waar is die hamer ?" (m.a.w.: "Soek die hamer en gee dit aan. ")

of

"Dit word laat,"

kan implisiet beteken dat hulle moet gou maak. As die H die taal nie goed bemeester nie, kan misverstand die gevolg wees.

Deur die vraende funksie van taal kan dus eksplisiete inligting gevra word (soos bo) of versoeke of bevele kan implisiet gerig word. 'n Lokusie wat inligting vra, hoef egter nie noodwendig in vraagvorm te wees nie, vgl:

"Hy sê die hamer is hier by julle," (m.a.w.: "Is die hamer hier by julle ?")

of

"Waar is die hamer ?"

vra eintlik albei dieselfde inligting.

Taal in 'n evaluatiewe funksie bevat gewoonlik implisiete oordele of waardes (RGN, 1986: 16), byvoorbeeld:

"Die werk is gedoen,"

kan eksplisiet beteken dat die werk klaar is, maar afhangende van die konteks waarin die uiting benut word, kan dit evaluatief wees as dit implisiet die betekenis wil oordra dat die werk nou nie goed gedoen is nie, maar dat dit darem op 'n manier afgehandel is.

'n Uiting soos:

"Omdat ek Kersfees gewerk het, wil ek Nuwe Jaar vry wees,"

het 'n onderhandelingsfunksie. Daar is ook 'n verband tussen hierdie taalfunksie en die verduidelikende of informatiewe funksies. Informasie word by aldie gegee, maar onderhandelings hou altyd 'n implisiete handeling in. Dit kom daarop neer dat die inligting wat gevra word, nie noodwendig dit is wat geëis word nie. Enige ander vry dag sou dalk ook onderliggend aanvaarbaar kan wees.

Taaluitinge in die fatiese funksie word selde in die mynopset benut. Sulke uitinge dra geen informasie nie en het slegs sosiale aanvaarbaarheid ten doel (RGN, 1986: 17). Hier sou 'n mens egter al die stereotipes kon klassifiseer. Om te sê:

"Afrikaans is die Boere se taal en daarom wil ek dit nie praat nie,"

gee nie eintlik informasie nie, want almal weet dit in elk geval, maar dit maak die spreker sosiaal aanvaarbaar vir sy sosiale groep. Met taal in die fatiese funksie word dikwels op die myne na Afrikaans verwys (vgl. Bell, 1976).

Taal in 'n verduidelikende funksie kan inhou dat 'n T2- of T3-spreker nie die implisiete handeling uit die verduideliking kan aflei en werklik die handeling wat veronderstel word, gaan uitvoer nie. Misverstand kan derhalwe die gevolg wees. Verduidelikings en inligtinggewende taal behoort in die gevalle waar die ontvanger 'n T2- of T3-spreker is, suiwer lokusies te wees wat geen implisiete informasie veronderstel nie (vgl. Van Jaarsveld, 1989:30).

Taal word ook in 'n groot mate in die bevelende en vraende funksie by die myne benut. Volgens Van Jaarsveld (1982: 148 - 151) is versoeke hofliker as bevele, maar in die mynsituasie is versoeke skaars. Bevele word gegee om die werk gedoen te kry en vrae word gevra om die sondebokke aan te keer. Dit is wel direkte lokusies wat, soos bo genoem, die minste dubbelsinnig is en waarvoor min taalkennis nodig is om

ten volle die betekenis van die oordrag te snap, maar dit is ook ongelukkig dié taalfunksies wat die minste bevorderlik is vir beter menseverhoudige. Bevele en vrae is dié taalfunksies wat gewoonlik gepaard gaan met negatiewe lyftaal ('n woedende gesig of swaaiende arms), metataal (soos stemtoon of stemkwaliteit) en vloekwoorde (a.w.). Laasgenoemde is bosegmentele kenmerke van taal, en lekseme wat positiewe en/of negatiewe gesindhede jeens 'n groep en hulle taal vestig, en daartoe kan bydra dat 'n boodskap nie sy kommunikatiewe doel bereik nie; of dat vooroordele jeens 'n taalgroep posvat.

d) Die agtergrond (gesprekstrategieë)

Die agtergrond van individue is ook van belang in terme daarvan dat elke individu 'n bepaalde stel waardes, gelowe, houdings, veronderstellings en vooroordele het wat die aard en vorm van kommunikasie kan beïnvloed (RGN, 1986: 58). Die S moet derhalwe sulke moontlike menslike steurnisse in gesprekke in ag neem. Die sosio-kulturele status van die sosio-kulturele groep waarvan die H lid is, is vir suksesvolle kommunikasie van belang.

Dit is nodig om kennis te dra van die effek wat persepsieverskille in die kommunikasieproses kan hê. Sosiale persepsie is belangrik by interkulturele kommunikasie, want elke bevolkingsgroep dink en handel vanuit 'n eiesoortige verwysingsraamwerk. Hierdie verskil in uitgangspunte het 'n invloed op die beoordelingsaspek van uitinge en handelinge, en gevolglik ook op die verhoudinge tussen verskillende bevolkingsgroepe. Indien 'n uiting of handeling vanuit die S se eie verwysingsraamwerk, in plaas vanuit die H se verwysingsraamwerk beoordeel word, kan misverstand die gevolg daarvan wees (vgl. Verster, 1976 : 55 - 56).

Hieruit volg dat die werker byvoorbeeld soms ja sal antwoord, nie omdat hy die taalfunksie en die boodskap verstaan het nie, maar omdat hy gehoor het, en wil behaag (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989:46). Die toesighouer kan dit vanuit sy eie verwysingsraamwerk interpreteer en dink dat die H die instruksie, of die versoek verstaan het, en dan volg die misverstand.

Volgens Van Jaarsveld (1989:172 - 173) is dit baie moeilik om in 'n vreemde taal hoflik te wees. Hoflikheidsreëls verskil van taal tot taal. Wat in die een taal as hoflik beskou sou word, kan by 'n ander geïnterpreteer word as onderdanigheid. Wat by die een

kultuurgroep hoflikheid impliseer, kan vir 'n ander grens aan onbeskoftheid. Dikwels verskil die aard van die kulture en is dit nie die kleurverskille wat die oorsaak van misverstand is nie, maar die aard van die samelewings waaruit die gespreksgenote kom, veroorsaak die misverstand.

Die blanke samelewing is ongestruktureerd met redelike vryheid, terwyl swartes in 'n rigied gestruktureerde samelewing individualiteit nie as 'n bate sien nie (Van Jaarsveld, 1989: 39 - 43). In hierdie verband kan verskeie oorsake van misverstand uit die mynsituasie genoem word:

1 Erfgewoontes veroorsaak misverstand en daaruit vloei konflik voort. Swartes wil alle familiebegrafnisse bywoon, nie soseer net om emosionele redes of om van die werk af weg te bly nie, maar eintlik omdat die erflating meestal by die begrafnis verdeel word en diegene wat nie daar is nie, kry niks. Dikwels verstaan werkgewers dit nie, want die blanke staan in diens van die tyd, terwyl tyd in diens van swartes staan (vgl. Van Jaarsveld, 1989: 44).

2 Swartes kommunikeer selde opwaarts. Dit is so omdat sulke mense dikwels uit 'n baie streng sosiale omgewing kom en uit die aard van hulle tradisie het

hulle geleer dat hulle nie vir 'n meerdere vertel wat hulle ondervind het en dink nie (Van Jaarsveld, 1989: 139). Dikwels gebeur dit dat ongeskooldes in 'n myn ervaar dat die opdrag van die ingenieur nie prakties uitvoerbaar is nie, maar dan niks daaroor sê nie. Hulle doen wat hy versoek het en as dit nie werk nie, kan die ingenieur dikwels nie verstaan waarom hulle nie 'n baie duidelike fout gerapporteer het nie. Terugvoering ontbreek meestal totaal en spontane reaksie of kritiek van die H is seldsaam en dit verhoed dat 'n vertrouensverhouding kan ontwikkel.

3 Ongeletterdheid en swak geskooldheid veroorsaak dat baie werkers nie begrip het van die koste verbonde aan duur toerusting nie. Die motivering om oplettend en oppassend te wees en te bespaar, ontbreek. Die uitgangspunt is dat as die duur toerusting in die eerste plek iewers vandaan kon kom, nuwes ook weer daar verkry kan word. Dit veroorsaak kommunikatiewe misverstande.

4 Min blankes probeer die kultuur van die swartes verstaan. Hulle is die werkgewers en verwag dat die ongeletterde werknemer kennis van sy kultuur moet hê. Daarom gebeur dit dat die voorman byvoorbeeld kwaad word as 'n ondergeskikte nie op 'n instruksie antwoord nie (omdat hy nie verstaan het nie); as hy sit wanneer

hy moet staan; as hy tussen gespreksgenote deurloop (omdat hy nie 'n skelm is nie); as hy sy probleme die werkgewer s'n maak (omdat sy meerdere oor hom moet besluit). Dit gee aanleiding tot misverstand en gevolglik ook tot die vorming van vooroordele wat suksesvolle kommunikasie kan belemmer (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989: 172 - 173).

5 Vir swartes is ouderdom die belangrikste verwysingsgroep en as jonger en betergeskooldde werkers oor die oueres moet toesig hou, kan dit 'n nadelige invloed op die uitvoering van instruksies hê.

Die mensgeoriënteerdheid van die swarte teenoor die doelgeoriënteerdheid van die blanke is dikwels die grootste oorsaak vir misverstand (Van Jaarsveld, 1989: 48).

Hoe mense dus oor kulturele grense heen gaan handel en kommunikeer, word gedetermineer deur hulle persepsie van die ander gespreksgenoot in die werklikheid en as twee sprekers mekaar se kulturele waardes nie ken en begryp nie, kan dit tot misverstand aanleiding gee en dit lei weer tot die vorming van vooroordele en stereotipering. Dit is persoonlike en nie-verbale steurnisse wat kan verhinder dat selfs mense wat oor

die nodige taalvaardighede beskik, nie suksesvol met mekaar sal kan kommunikeer nie.

e) Sosiale omgewing (konteks en situasie)

Die sosiale omgewing waarbinne kommunikasie plaasvind, het 'n groot invloed op die kommunikatiewe gebeure self, maar ook op die S en die H as sodanig. Die blankes, en veral die blanke Afrikaner, word in die meeste werksomgewings in Namibië en in die myne, gesien as die bevoorregte etniese groep en dit is 'n sosio-strukturele veranderlike wat alle kommunikasie kleur (RGN, 1986: 58) en wat taalverhoudinge kan beïnvloed.

Sprekers se aannames oor mekaar, die wêreld en die kommunikasiesituasie is die ernstigste oorsaak vir mislukte kommunikasie. Volgens Van Jaarsveld (1989: 37) word die gesprekswêreld indirek gesimboliseer deur taal wat gedagtes en waardes uitdruk. Foutiewe aannames oor die gespreksgenoot se taal, gewoontes, gebruike en gelowe lei tot die vorming van houdings en menings oor die groep en dit het misverstand tot gevolg.

Houdings jeens 'n taalgroep of taal word in die ouerhuis of deur die in-groep waarvan die werknemer lid is, gevestig. Allport (1979) beskryf in sy boek The

nature of prejudice hoe die mens in sy wese 'n groeppvormende karakter openbaar. Groepe word gevorm op grond van geloof, taal, politieke standpunt, etniese herkoms, woonomgewing of agtergrond, of werksomgewing. (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989:251). Wanneer een individu 'n ander leer ken, byvoorbeeld 'n Skot wat baie suinig is, skryf hy hierdie eienskap toe aan alle Skotte. Hy veralgemeen en sien dan alle Skotte as suinige mense. Hierdie veralgemeende siening dra hy oor aan sy kinders en/of in-groep en later is dit die wyse waarop die hele groep dink. Almal dink dan dat Skotte suinig is.

Dit kom daarop neer dat mense van 'n bepaalde groep ander individue kategoriseer as behorende tot 'n bepaalde tipe met bepaalde veralgemeende kenmerke. 'n Werker van 'n bepaalde kultuur wat in die myn 'n paar blankes geleer ken het met onaanvaarbare kwaliteite en hulle taal sou Afrikaans wees, kan daardie kenmerke veralgemeen om alle blankes wat Afrikaans praat, in te sluit. Dit is stereotipering. Stereotipes oor die groep kan dan ook na die onaanvaarbare groep se taal oorgedra word (Van Jaarsveld, 1989: 175). Teenoor Afrikaans, die taal wat baie blankes praat, word gestereotipeer met uitings soos:

"Afrikaans is die taal van die Boere";

"Afrikaans het nie as taal in hierdie land geslaag nie"; ens. (kyk Bylae C).

Stereotipes groei uit die veralgemening van 'n "kernel of truth" (Allport, 1979: 50), maar so 'n veralgemening is gewoonlik nie goedgefundeerd nie en het in die meeste gevalle 'n negatiewe konnotasie. Die voorbeelde van stereotipering hierbo genoem, is gedeeltelik waar, maar nie goedgefundeerd nie. Afrikaans is die taal van die Boere (Afrikaanssprekende blankes). Dit is die kern van waarheid, maar dit is ook die eerste taal van etlike ander kultuurgroepe (o.a. die Basters, Kleurlinge, Riemvasmakers, swart Van der Merwes, e.a.) en daarom is sulke redes eerder emosionele stereotipes as goedgefundeerde feite. Met ander woorde : die houding of vooroordeel wat via die in-groep of die huisgesin by die individu jeens 'n bepaalde groep posgevat het, word dikwels ook sonder reg op die taal van die groep geprojekteer, en in Namibië, word dit selfs verder uitgebrei om ander kultuurgroepe se huistaal te stigmatiseer. Dit is irrasionele kategorisering wat dikwels op hoorsê berus en dikwels is dit interkulturele kommunikasie wat stereotipes versterk (Van Jaarsveld, 1989:175).

Volgens Van Jaarsveld (a.w.) is daar drie aspekte van belang vir die bestudering van stereotipering in die

taal. Dit vorm 'n dimensie van houdings en waardes wat deel is van 'n kultuur; dit vorm 'n raamwerk van sosiokulturele verwagtings en dit dien as kontrole vir individuele persepsies.

Deur te stereotipeer bly 'n persoon binne die raamwerk van sosiokulturele verwagtings en verdien hy erkenning. Bereidwilligheid om sonder rede of deeglike kennis af te keur of goed te keur, kan vir 'n individu die goedkeuring en die erkenning van sy in-groep wen, en daarom stereotipeer mense soos al die ander in die groep waarvan hulle lid wil wees. Diegene wat hulle so onvoorwaardelik aan vooroordeel verbind, het geen probleme nie, maar sou die individu met kennis die waarheid deurgrond, kan hy "lidmaatskap" van die in-groep verloor. Hy sal onaanvaarbaar word en uitgestoot word. Op grond hiervan sou 'n mens stereotipering as 'n vorm van intimidasie kon interpreteer (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989:249).

Op al die myne (by sommiges in 'n mindere mate) is dit negatiewe houdings, vooroordele en stereotipering wat die sikliese aard van die kommunikasieproses ondermyn. Uit die vraelys het dit geblyk dat teenoor alle kultuurgroepe gestereotipeer word, byvoorbeeld:

"Swartes is te dom om die amptelike taal baas te raak;"

"Ons moet Engels praat, want die Bestuur is mos Engels;"

"Afrikaans is die Boere se taal."

(kyk ook Bylae C).

Ofskoon sulke redenasies neerkom op irrasionele kategorisering, sal dit nie eensklaps verwyder kan word nie. Uit die vraelysinligting blyk dit dat hooggeskooldes soos ook die ongeskoolde en halfgeskoolde werksmag by die myne, stereotipeer (vgl. Bylae C). By die laasgenoemde groepe word die meeste gestereotipeer waarskynlik omdat hulle as gevolg van hul geskooldheidsagterstand 'n groter behoefte aan erkenning het. Deur te stereotipeer, voel hulle deel van die groep. Deur byvoorbeeld nie die taal van 'n sekere groep te wil aanvaar nie, is 'n teken van hulle onwilligheid om die norme van die daardie groep te aanvaar en op so 'n wyse hulle lidmaatskap van die ingroep te verseker (Bell, 1976:101).

Buitelinguistiese faktore het dus 'n invloed op die aard van taaluitings en daarom is die konteks belangrik vir die interpretasie van sulke uitings.

Daar bestaan wel 'n korrelasie tussen positiewe verhoudinge, taalmilieu en taalvaardighede (RGN, 1978c : 36). By Myn 1 is heelparty werknemers wat nie

hulself behoorlik in die algemene omgangstaal van die myn kan handhaaf nie. Uit die totale populasie van 442 mense, is 89 ongeskoold, 32 het slegs gevorder tot in sub. B en 79 het nie verder as st. 2 skoolgegaan nie. Bykans die helfte van die mynpopulasie is dus ongeletterd of halfgeskoold - sommige met 'n baie gebrekkige kennis van Afrikaans. Uit die oop antwoorde op Vraag 20 het dit geblyk dat die gebrek aan taalvaardighede op hierdie myn hoofsaaklik in terme van taalgebreke in Afrikaans geïnterpreteer is (vgl. Bylae C). Dit sluit aan by die antwoorde van vrae 9 - 12 op die vraelys. Afrikaans is die algemene omgangstaal van die werksituasie. Die gebruiksfrekwensie van Engels en al die ander inheemse tale, is heelwat laer. Buite die werksituasie, word Afrikaans minder gebruik, maar dit is steeds die taal wat meer as enige ander taal kultuurgrense moet oorbrug. Dieselfde tendens blyk uit die antwoorde by vrae 13 - 15. Die meerderheid is bedrewe in Afrikaans en die sosiale omgewing waarbinne gekommunikeer moet word, vereis dat werknemers Afrikaans moet ken. Die voorafgaande geld ook vir Myn 2 (vgl. Bylae C).

Taalkommunikatiewe probleme wat wel by hierdie myne bestaan, setel hoofsaaklik in 'n gebrek aan vaardighede in Afrikaans. Die oorgrote meerderheid van die mynpopulasie kan Afrikaans as werkstaal benut en

hierdie taalmilieu stimuleer kommunikatiewe verhoudinge en laat die begeerte by T2-sprekers ontstaan om Afrikaans te wil leer. Taalontwikkeling in Afrikaans is by Myn 2 die uitvloeisel van 'n ontspanne taalmilieu. Die taalbewys is Afrikaans en die waarde- en normesisteme van die sosiale en werksomgewings is Afrikaans. Die aanvaarding van Afrikaans as normtaal, is die gevolg van 'n interkulturele proses. By hierdie myn bestaan daar geen taalomgewings waar die normesisteme in botsing is nie.

By Myne 3, 4, & 5 het die antwoorde op die oop vrae, 20 en 29, nie suiwer met taalvaardigheidsgebreke te doen nie (vgl. Bylae C). Daar word hoofsaaklik instrumentele redes vir kommunikasieprobleme aangevoer en hoewel die meeste van hierdie redes wat gegee word, taaltekortkominge aanspreek, word etniese verskeidenheid en lae geskooldheid gesamentlik as hoofredes vir kommunikasieprobleme genoem.

Volgens Verster (1976: 62) is lae geskooldheid dikwels die rede vir 'n gebrek aan inherente gemotiveerdheid. Hierdie myne is ondergrondse myne en sterk gemotiveerde werkers is nodig vir die suksesvolle bedryf daarvan. Hierdie myne neem tans ook nie meer totaal ongeskoolde werkers in diens nie en daarom is taal as sodanig nie

so 'n groot probleem as wat die kulturele verskeidenheid en lae opvoedingspeil van die basiese werksmag is nie. Al sou werkers dus een of meer van die algemene omgangstale op die myn kan praat, kom daar probleme voor wat voortspruit uit swak motivering. Swak gemotiveerdes is sku vir opwaartse kommunikasie en die nodige pragmatisme om vertikale kommunikasie te bevorder, kan slegs bereik word deur hoër geskooldheid in die algemeen te bevorder (RGN, 1978a: 2). Volgens hierdie uitgangspunt van Hauptfleisch is daar by hierdie Myngroep (Myne 3, 4 en 5) wel 'n korrelasie tussen taalvaardigheid en positiewer verhoudinge. By hierdie myne geld twee stelle norme in verskillende domeine en hoewel tale in die domeine soms oorvleuel, word geen norm vir die laer werksmag gepropageer of voorgeskryf nie. Die spraakbewussyn ten opsigte van die informele, sosiale en werksomgewings is Afrikaans. Engels is die formele skryf- en bestuurstaal.

By Myn 6 weer, het 'n mens die indruk gekry dat die "aptyt" om te kommunikeer, ontbreek. Hier het taal die "traditional... poliriser" (RGN, 1978a: 38) geword. Tweedetaalsprekers se gewilligheid om T2 te gebruik, word beïnvloed deur hulle politieke ingesteldhede, en hulle taalvaardighede in T2 en T3. Afrikaans (T2) waarin hulle die vaardigste is en wat hulle in die werksituasie beter sou kon benut, wil hulle om

politieke redes nie benut nie, en T3 (Engels) wat hulle wil benut, het hulle nie die vaardighede in nie. Die vraelys weerspieël hierdie botsende uitgangspunte. Die spraakbewussyn weerspieël verskillende tale.

Die probleem lê daarin dat 'n taal om emosionele redes deur die in-groep "voorgeskryf" word, terwyl meer tale nodig is aangesien die taalgebruikers nog nie die vereiste taal as gedragsvorm geïnternaliseer het nie. Elke taal funksioneer by hierdie myn in 'n ander domein - Engels is die bestuurstaal, Afrikaans die werkstaal, en die huistaal is die sosiale taal. Drie tale is vir elke taalgebruiker nodig om in so 'n taalmilieu suksesvol te kan kommunikeer - 'n baie komplekse situasie. In die huistaal het die werknemers kognitiewe vaardighede, die voorkeurtaal kies hulle om affektiewe redes, terwyl psigologiese faktore Afrikaans as werkstaal aanvaar (vgl. ook Bell, 1976: 101).

Aan die kompleksiteit van die motiverings wat vir die taalkeuses by vraag 29 gegee is, blyk dit dat daar baie swak verhoudinge heers wat voortspruit uit gebrekkige taalkennis van die taal wat mense verkies om te praat. Ofskoon die vraelysinligting (vgl. Bylae C), dit wil laat voorkom asof Afrikaans nie 'n faktor op die myn is nie, word dit weerspreek deur die antwoorde wat by vraag 20 verstrekkend is. Afrikaans word in die laer vlakke

van hierdie myn ook as omgangstaal gebruik (kyk Bylae C).

Ook die antwoorde by vraag 29 ondersteun hierdie feit. Telkens word met emosioneel-politieke redes gemotiveer - nie waarom Engels verkies word nie, maar waarom Afrikaans nie gekies is nie. Die vraelysinligting by hierdie myn gee dus nie soseer 'n aanduiding van die behoeftes en gebruiksfrekwensies van die verskillende tale nie, maar dit is eerder 'n weerspieëling van negatiewe houdings wat as omgewingsfaktor suksesvolle kommunikasie benadeel.

In so 'n situasie kan die verhouding tussen gespreksgenote gespanne raak en sosiale steurnisse kan suksesvolle kommunikasie verhinder as een van die gespreksgenote T2 - die taal wat hulle nie wil praat nie - as gespreksmedium kies.

Die sosiale omgewing waarbinne kommunikasie plaasvind, moet ook moontlik breër gesien word as net die omgewing van die myn self. Uit die inligting wat verkry is van Myngroep 1 (Myne 1 & 2) blyk dit dat daar by Myn 2 goeie taalverhoudinge heers, maar dat 22,8 % respondente se taalkeuses 'n integrerende doel beoog, teenoor die 6,5 % antwoorde wat by Myn 1 vir hulle taalkeuse 'n integrerende doel nastreef. Diegene wat

hulle huistaal kies om as die myntaal te dien, doen dit gewoonlik omdat hulle nie taalvaardig in die myntaal is nie. By Myn 2 is Riemvasmakers werkzaam. Veral die oueres kan nie Engels praat nie, en net soos die Owambo's by hierdie myn, respondeer hulle dan ten gunste van hulle moedertaal (Afrikaans). Verder moet 'n mens nie uit die oog verloor nie dat die mense in die suide van die land en op die platteland hulle baie swakker kan behelp in Engels en daarom kies die Afrikaanssprekendes (waaronder die Riemvasmakers) en die Owambo's by hierdie myn hul huistaal as uitweg tot vlotter taalgebruik. Taalverhoudinge sou op hierdie myn maklik gespanne kan raak indien 'n vreemder taal as Afrikaans die enigste myntaal sou word.

Die S en H moet derhalwe die sosiale omgewingsfaktore en bestaande taalvaardighede in ag neem ten einde suksesvolle kommunikasie te verseker en sosiale steurnisse te vermy.

3.2.3 Interne en eksterne faktore in botsing op die myne

Eksterne faktore soos etniese herkoms, geskooldheid en politieke siening; en interne faktore soos die nuttigheidswaarde van 'n taal, gespreksgeleentheid en bevorderingsmoontlikhede as gevolg van bepaalde taalkennis, het by al die myne betrekking in soverre dit die

interpreteerbaarheid van die kommunikasieprobleme betref. Die eksterne faktore hou verband met 'n persoon se eie begeertes en/of die norme van sy groep, en die interne faktore hang saam met die noodsaaklikheid van 'n taal in die werklike werksituasie (Herman, 1977: 493). Enersyds bestaan daar by sommige myne konflik tussen die interne en die eksterne faktore en andersyds ontwikkel daar soms konflik waar die norme van 'n groep die een taal voorstaan (ekstern), maar die individu se eie persoonlike behoeftes daarvan verskil.

Die groepfaktor op die myne (en ook in Namibië as 'n geheel) omvat derhalwe drie kragte wat 'n invloed op taalgebruik en taalkeuse kan hê, nl.: persoonlike behoeftes, die onmiddellike situasie en die agtergrondsituasie (vgl. RGN, 1978c: 7 - 8).

In die praktyk is hierdie konfliksituasie reeds by sommige myne 'n werklikheid. Persoonlike behoeftes verskil van die behoeftes wat die werksituasie vereis en hierdie twee verskil weer van die behoeftes vir die agtergrondsituasie. Dit kom daarop neer dat 'n Owamboman byvoorbeeld graag 'n Owambotaal op die myn sou wou benut, maar dat die werksituasie vereis dat hy 'n gebruikskennis van Afrikaans moet hê om met sy toesighouer te kan kommunikeer, terwyl die in-groep waartoe hy behoort, Engels as normtaal verkies.

By die myne waar net die eerste twee groeppfaktore in botsing is, kan die kommunikatiewe probleme tot 'n groot mate met taalkursusse beredder word, want "language as an object of planning is language in use - a generally spoken language" (Eastman, 1983: 4), maar Eastman is ook van mening dat as taal eers die objek van aandag geword het "and people develop opinions about it, it becomes an entity with component parts that may be subjected to planning" (Eastman, 1983: 30). Taalkursusse kan dan nie noodwendig taalkommunikatiewe probleme oplos nie.

By sommige myne is bevind dat geletterdheidsprogramme en/of taalprogramme besonder goed slaag. Ander myne is minder suksesvol met die aanbieding van sulke programme. Hieruit kan 'n mens aflei dat die doeltreffendheid van sulke kursusse wel die mate waarin die groeppfaktore in botsing is, weerspieël. By die myne waar die kursusse met minder sukses aangebied word, is die doel van die kursusse nie altyd in lyn met die kragte wat die belangrikste groeppfaktore manipuleer nie.

By verskeie myne het ongeskoolde werknemers die geleentheid om 'n geletterdheidsprogram van een of ander aard te volg. Sommige doen dit deur die medium van Engels en ander doen dit in Afrikaans. Vir 'n derde groep word aanvangsonderwys vir die volwassenes in hulle moedertaal aangebied. Die mate van sukses wat die ongeletterdes in sulke gevalle behaal,

kan verband hou met hulle intelligensie en aanleg, maar dit verklaar dan nie waarom werknemers van die een myngroep in die geheel groter sukses met sulke geletterdheidsprogramme het as dié van die ander myne nie. Ander faktore wat in hierdie onderhawige kursusaanbiedinge wel betrekking kan hê - en wat ook as uitvloeisel van hierdie studie tot die implementering van moontlike taalkursusse van toepassing kan wees - is:

- 1 die toepaslikheid van die leermateriaal;
- 2 die metode van aanbieding;
- 3 die geskiktheid van personeel (instrukteurs /onderwysers);

maar die heel belangrikste bly steeds:

- 4 die doel met die taalkursusse
- en hierdie doel hou spesifiek verband met
- 5 die gesindheid of die oriëntasie van die student-werknemer (Jakobovits, 1970: 62; Giles, & St Clair: 1979: 188).

Tweedetaalverwerwers kan een van twee oogmerke hê met die studie van taal. Hulle kan eerstens 'n integrerende doel nastreef. Dit is die doel wat immigrante dikwels beoog met die aanleer van 'n vreemde taal in 'n vreemde land. Hulle leer dan die taal omdat dit hulle begeerte is en omdat dit vir hulle lidmaatskap tot die nuwe kultuur bied. So 'n persoon is gevolglik simpatiek georiënteerd ten opsigte van die vreemde groep se taal, want hulle word genoodsaak om dit

daaglik te gebruik en daarom slaag die aanleerproses altyd. Hulle leer derhalwe die tweede taal baie vinnig aan (Lambert, 1972: 182).

'n Tweedetaalspreker in Namibië sal selde 'n integrerende doel nastreef met die aanleer van die tweede taal. Die doel sal vir die inwoners in die multilingistiese omgewing van die myn of die land, eerder van 'n instrumentele aard moet wees. Dit beteken dat hulle 'n taal sal leer as dit vir hulle 'n nuttigheidswaarde het. Hierdie nuttigheidswaarde kan verband hou met bevordering in 'n beroep en/of kommunikasie met ander mense in die omgewing; of vir noodsaaklike taalvaardigheid vir die werksituasie. 'n Taal met nuttigheidswaarde is derhalwe 'n taal wat sal moet beantwoord aan die interne groepsfaktore. So 'n taal sal die individu help om sinvol in die gemeenskap en die werksituasie aan te pas. Die taal word geleer omdat dit nodig is en hoe minder 'n persoon so 'n taal gaan nodig kry, hoe kleiner sal die inset wees om dit te beheers (Jakobovits, 1970:62; Lambert, et al. 1977: 473 - 476). As 'n taalverwerwer negatief georiënteerd is teenoor die T2 wat hy baie nodig kry, sal daar weinig vordering in die aanleerproses wees. Positiewe oriëntasie en nuttigheidswaarde van 'n taal is dus gesamentlike vereistes vir suksesvolle taalverwerwing van 'n tweede taal by volwassenes.

Waar mense onsimpatiek georiënteerd is teenoor 'n groep, het dit ernstige implikasies, nie soseer wat taalkeuse betref nie, maar ook met betrekking tot die aanleerproses van die taal waarteenoor hulle simpatiek georiënteerd is. In hierdie verband kan die implikasies aan die hand van die suksesse van geletterdheidsprogramme en/of taalkursusse by drie myne vergelyk word:

Myn 6:

Op hierdie myn word Afrikaans deur die meerderheid van die werknemers verstaan en/of gepraat (Bylae C), maar as gevolg van 'n negatiewe oriëntasie, voortspruitend uit eksterne groepsfaktore, is die houding jeens die blanke Afrikaner baie onsimpatiek. Hulle is simpatiek ingestel teenoor Engels omdat dit die wêreldtaal is en gevolglik word alle kursusse en geskooldheidsprogramme in Engels en in die moedertaal aangebied.

Kursusse en leermateriaal word gekies om so min as moontlik gebruik te maak van materiaal wat deur blankes in Suid-Afrika opgestel is. Vir die ongeskooldes word die "Namibian Literacy Programme" gebruik. Hierdie kursus gaan oor in 'n laerskoolprogram wat konsentreer op Engels en Wiskunde. Werknemers wat st. 8 of st. 10 wil voltooi, moet Engels en Wiskunde as hoofvakke aanbied en sodanige studente word onderrig aan die hand van lesings wat wel van die 'Sukses Kollege in Suid-Afrika verkry word. Sertifikate word aan

suksesvolle kandidate uitgereik. Alle ander inligting en omsendbriewe aan werknemers, word in Engels en 'n Wambotaal versprei.

'n Mens sou kon dink dat die leerproses in hierdie geval ten volle geslaagd sal wees en dat menseverhoudinge met betrekking tot die werksomgewing ideaal sou kon wees. Daarenteen is die bywoning van die taalklasse en ander geskooldeheidsprogramme nie werklik effektief nie. Die redes wat by die oop vrae vir gebreke aangevoer word, is dat die mense nie die vrywillige taalklasse bywoon nie (Bylae C) of dat die taal te moeilik is om te leer, maar die leerproses is moontlik eerder onsuksesvol omdat:

1 Die aanleer van T2 en die geletterdheidsprogramme hoofsaaklik die bevrediging van emosies ten doel het en nie soseer streef na taalwins ter wille van die individu nie. Die taalprogram is nie gemik op 'n instrumentele doel nie.

2 Die aanleer van T2 (T3) is oorbodig, want dit het nie 'n nuttigheidswaarde nie. In die werksituasie gebruik hulle Afrikaans en buite die werksituasie verkry hulle alle inligting deur die medium van hulle moedertaal. Gevolglik ontbreek die motivering om hierdie tweede taal (eintlik T3) te leer (Mackey, 1977: 567).

3 Die metode waardeur T2 onderrig word, is dril oefeninge wat "at best, can serve only to automatize phonological production skills" (Jakobovits, 1970: 21). Die leerling kan nooit outomatiese praatgewoontes deur dril oefeninge aanleer nie omdat niemand deur middel van drilpatrone 'n ontelbare aantal variasies, soos dit in die gewone spreektaal voorkom, in die klaskamer kan aanleer nie. Die drilmetode skep dus slegs die illusie van taalvaardigheid wat telkens teleurstel en ontmoedig as taal in werklike situasies gebruik moet word. Indien leerlinge sulke gespreksituasies nie suksesvol kan hanteer nie, word hulle gedemotiveer en begin hulle dink dat hulle nooit die taal sal kan baasraak nie (vgl. Bylae C: Engels is te moeilik om te leer).

By die keuse van 'n taalkursus is dit dus baie belangrik om die houding van mense in ag te neem, maar dan moet die instrumentele doel ook nie totaal uit die oog verloor word nie.

By Myn 7 is nie voldoen aan die vereistes vir die suksesvolle onderrig van geletterdheidsprogramme aan volwassenes soos UNESCO dit uiteensit nie (Fishman, 1977:701). Geletterdheidsprogramme word by hierdie myn deur die medium van Engels aangebied omdat die mense moontlik positief georiënteerd is teenoor Engels, maar eintlik is dit omdat die bestuur Engels georiënteerd is dat slegs Engels

aangebied word. Min welslae word behaal en geen sertifikate word vir enige suksesse toegeken nie.

Hierdie kursusse slaag moontlik nie omdat die instelling gepoog het om geletterdheid direk in T2 (eintlik T3) te laat verwerf. Dit is 'n taal "in which their children have become literate", (Fishman, 1977:701 haal uit die UNESCO-verslag aan) maar UNESCO waarsku dat "such a desire should be discouraged, especially if the gap between the mother tongue and the foreign language is very wide; for if they do try to read in a foreign language, most of them will never become truly literate" (a.w.). Volgens die verslag kan geletterdheid die gouste bereik word deur "two short jumps (that is from illiteracy to literacy) in the mother tongue and from literacy in the mother tongue to literacy in the second language" (a.w.). Indien 'n geskikte kursus nie in die inheemse taal bestaan nie, beveel UNESCO aan dat die eerste stap deur die lingua franca moet wees. Dit moet 'n taal wees waarin die persoon kan dink en wat hy kan praat. Op dié wyse hoef hy dan nie twee taalsisteme tegelyk aan te leer nie.

Voorts moet ook in gedagte gehou word dat "an adult will continue to learn only as he sees that his literacy will further his economic, social or cultural improvement" (Fishman, 1977: 702). Dit is moontlik ook 'n rede vir Myn 7 se powere slaagsyfers. 'n Sertifikaat, bonus of hoër

posgradering kan moontlik die mense inspireer om vlytig aan 'n kommunikasieprogram mee te doen.

By hierdie myn word beloning nie direk gekoppel aan prestasie in taalkursusse nie en die instrumentele doel om die leerproses vir Engels te motiveer, ontbreek in die basiese vlakke van die mynhiërargie.

By Myn 1 blyk dit uit die vraelysinligting en waarnemenig dat die meeste mense Afrikaans magtig is. Gevolglik word die geletterdheidsprogramme van Nasionale Opvoeding in Afrikaans aangebied. Dit kom neer op Eastman (1983: 4) se standpunt dat die taal wat die meeste gebruik word in die daaglikse omgang, ook vir kursusse benut word. Die mense verstaan die taal en kan daarin dink. Hulle hoef net een skryfsisteem baas te raak en dit is dan ook die rede waarom almal wat vir die kursus ingeskryf het, dit geslaag het. Die leerlinge was positief georiënteerd en dit wat hulle geleer het, het 'n nuttigheidswaarde gehad. Hierdie nuutgeletterdes het selfs daarop aangedring om self die vrae op die vraelys te lees en te interpreteer.

Hulle wil ook graag Engels leer, maar negatiewe houdings is nie so sterk sinoniem met Afrikaans nie. T2 waarin hulle geskool word, is nuttig en nodig en as gevolg van die sukses

wat hulle met hulle studies behaal, is hulle gemotiveer om ook vorentoe Engels baas te raak.

3.2.4 Oorsig

Na aanleiding van die welslae of tekortkominge wat daar tans ten opsigte van kursusaanbiedinge op sommige myne bestaan, moet beoogde kursusse die persoonlike behoeftes, die onmiddellike werksituasie en die agtergrondfaktore laat korreleer in die beplanning van kursusmateriaal. Verskeie faktore kan bydra tot die sukses of die mislukking van opleidingskursusse om T2 te bemeester, maar enige kursus sal kan slaag as 'n instrumentele doel nagestreef word.

Volgens Gardner (1979: 204) berus die sukses in die verwerwing van T2 in 'n monolinguistiese konteks suiwer op intelligensie en motivering. Indien werknemers egter net in die klaskamer gespreksgeleentheid kry en hierdie nuutverworwe kennis nie op 'n informele wyse kan verryk nie, sal taalvaardigheid kovarieer met motivering. Min of geen gespreksgeleentheid sal vordering vertraag en motivering laat afneem.

Gardner (1979: 205 - 208) noem vier oorwegings wat in gedagte gehou moet word by die suksesvolle aanleerproses van 'n vreemde taal:

1 Die houdingsingesteldheid moet korreleer met die motivering. Dit kom daarop neer dat waar die antwoorde op die vraelyste gemanipuleer is om 'n bepaalde keuse en houding van die in-groep te weerspieël, dit sal verskil van die individu se persoonlike motivering om van enige taalaanleerpoging 'n sukses te maak.

2 Die indeks van motiveringskorrelate moet verband hou met sukses in die T2-verwerwingsproses. Dit hou in dat die onderwyser geskik moet wees, die metode doeltreffend, die leermateriaal interessant en die taal moet nodig wees sodat die leerling as 't ware verseker kan wees dat hy sukses sal behaal en as gevolg daarvan sal hy gemotiveerd bly.

3 Enige korrelasie van houdings met sukses sal verswak as die effek van die motivering gedeeltelik uit die houding geneem word. 'n Werker sal byvoorbeeld positief teenoor Engels ingestel kan wees en selfs vorder in die verwerwing van hierdie tweede taal, maar as dit vir hom in die werksituasie min gaan beteken, sal sy motivering om die taal te leer, verminder.

4 Die korrelasie van motivering en sukses word behou selfs al word die korresponderende houding verwyder. As 'n

persoon dus Afrikaans geleer praat en gebruik het, en sukses behaal het, sal hy dit gebruik al sou sy houding verander het om 'n positiewer gesindheid jeens Engels te openbaar.

Volgens Wells en Nicholls (1985:85) sal enige iemand, ongeag sy verstandelike vermoëns, 'n ander taal kan leer praat as hy dit nodig het. "The really important dimension seems to be motivation." Voorts suggereer empiriese data sterk dat die sosiale milieu 'n belangrike rol speel by die aanleer van 'n tweede taal. As 'n tweedetaalspreker hoofsaaklik met sy in-groep hoef te kommunikeer, sal die motivering om T2 aan te leer, ontbreek. As die T2-vaardighede dan nog aan die einde van 'n dag se harde werk in die klaskamer verwerf moet word, en die werknemer elke tweede week agter raak as gevolg van skofte, kan dit die motivering verder laat afneem.

Die taalsituasie op sommige myne is baie kompleks, maar dit wil voorkom asof hierdie kompleksiteit afneem namate die populasiesamestelling meer heterogeen raak. Myne met 'n min of meer gelyke verdeling ten opsigte van die bevolkingsamestelling in hulle werksmag, het die minste kommunikasieprobleme, en omgekeerd. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die verskeidenheid bevolkingsgroepe wat nie

mekaar se tale ken nie, moet saamwoon. Hulle moet met mekaar klaarkom en kommunikeer en daar kan nie groot ingroepe gevorm word wat die res van die populasie uitsluit nie. In sulke situasies kies mense gewoonlik die taal wat die meeste van hulle kan verstaan en praat en gevolglik ontwikkel kommunikasievaardighede vinnig as gevolg van gereelde informele gespreksgeleenthede.

Die myngroep wat verkies dat werknemers 'n mate van taalvaardigheid in Engels en/of Afrikaans moet hê, het 'n taalvaardiger arbeidsmag en hoef minder op tolke te steun. Die moontlikheid bestaan dat tolke die boodskap van die S kan verdraai en vertikale kommunikasie daardeur kan benadeel. 'n Taalvaardiger arbeidsmag verminder derhalwe nie slegs die moontlikheid van taalsteurnisse nie, maar tweetaliges is minder geneig tot negatiewe gesindhede teenoor ander tale (RGN, 1978c: 38) en gevolglik sal ook vooroordele teenoor tale en taalgroepe verminder.

Daar bestaan wel 'n korrelasie tussen positiewe gesindhede en taalvaardighede. Hoe minder konflik daar in die groepfaktore voorkom, hoe positiewer sal die taalgesindheid wees en hoe beter sal 'n industriële taalkursus slaag. Hoe meer van tolke gebruik gemaak word, hoe minder sal die motivering wees om T2 te bemeester en hoe sterker word die

eksterne omgewingsfaktore gemanipuleer om positiewe taaloriëntering teen te werk.

TAALBEPLANNING

INHOUD		
4.1	Inleiding	140
4.2	Die spraakgemeenskap	141
4.3	'n Definisie van taalbeplanning	142
4.4	Die doel met taalbeplanning	146
4.5	Taalbeplanningsfases	156
4.6	Samevatting	168

4.1 Inleiding

Die myne in Namibië het almal 'n taalbeleid wat 'n bepaalde taal as die "amptelike" taal van die myn of myngroep bepaal. By die Suid-Afrikaanse myne van Myngroep 1 word Afrikaans vir interne korrespondensie sowel as vir die omgangstaal op die myne gebruik. Myngroepe 2 en 3 en Myn 7 gebruik Engels vir amptelike interne en eksterne korrespondensie, en as formele gesprekstaal. Hierdie onderskeie taalbeleide is egter nie sonder probleme nie.

Daar word by Myngroep 3, waar baie Owambowerkers werksaam is, ook van 'n Owambotaal of van tolke gebruik gemaak om intern inligting aan werknemers in hulle omgangstaal

beskikbaar te stel. By Myn 7 en Myngroep 3 is die omgangstaal in die werksinkels en in die mynsituasie self, hoofsaaklik Afrikaans . Hieruit wil dit blyk of die blote formulering van 'n taalbeleid nie noodwendig eenvormige taalbenutting kan verseker of taalprobleme in die multitalige taalgemeenskap by 'n myn kan oplos nie. Daarom wil mynbesture poog om hul werknemers se taalvaardighede, in watter taal ook al nodig mag blyk, met taalkursusse te verbeter.

Om egter bloot te aanvaar dat taalgebreke in die amptelike taal van die myn of die land vir kommunikasiegapings verantwoordelik is, kan 'n wanopvatting wees. Eers na 'n grondige ondersoek en omvattende taalbeplanning, kan die probleme wat wel bestaan, geïdentifiseer en georganiseer word om die aard van taalprobleme in 'n taalgemeenskap te bepaal en dan na aanleiding daarvan, oplossings daarvoor te probeer vind.

4.2 Die spraakgemeenskap

Volgens Bloomfield (1933:29) is 'n spraakgemeenskap "a group of people who use the same system of speech signals". Gumperz (1962: 31) sien 'n spraakgemeenskap as 'n sosiale groep. So 'n sosiale groep kan 'n hele bevolking wees of dit kan enige kleiner groep omvat. Die meeste moderne skrywers interpreteer egter 'n spraakgemeenskap eerder in

terme van sosiale as linguistiese kriteria (Okonkwo, 1977: 57).

Okonkwo (1977: 58) onderskei tussen taalgemeenskappe wat homogeen in hulle taalgebruik is en heterogene taalgemeenskappe. Eersgenoemde groep het min kontak met ander taalgroepe in die buitewêreld. Die heterogene taalgemeenskappe weer kan oorgangsgroepe wees waar taalkontak redelik jonk is of dit kan gestabiliseerde gemeenskappe wees waar kulturele en linguistiese kontak met betrekking tot die buitewêreld reeds 'n lang geskiedenis het. In heterogene taalgemeenskappe heers die situasie dat meer tale in kontak met mekaar is en dat daar gewoonlik ook meer etniese groepe aanwesig is wat 'n taal vir wyer kommunikasie benodig (vgl. ook Lawton, 1980: 167). In terme van die voorafgaande is dit gewoonlik by die heterogene gemeenskappe wat in die oorgangstadium is dat taalbeplanning gedoen moet word om taalkonflikte te voorkom. By stabiele heterogene taalgemeenskappe is korpusbeplanning gewoonlik reeds 'n aaneenlopende proses en by homogene taalgemeenskappe kan taalbeplanning eerder in terme van taalverryking gedoen word (Okonkwo, 1977: 59).

4.3 Definisie van taalbeplanning

Taalbeplanning veronderstel dat daar 'n taalprobleem van een of ander aard bestaan of dat daar in die toekoms 'n

taalprobleem kan ontwikkel. Of so 'n taalprobleem waarvoor taalbeplanning gedoen moet word, op die makrovlak en vir die hele bevolking bedoel moet wees en of dit vir 'n kleiner sosiale groep op mikrovlak betrekking het, sal eenderse beplanningsbeginsels vereis. Dieselfde beginsels sal van toepassing wees. Waar 'n ongewenste taalsituasie by enige groep heers, hoe groot of hoe klein so 'n gemeenskap ook al is, en daar 'n beter moontlikheid is om na te streef, kan taalbeplanning gedoen word om die ideale situasie te probeer bereik. Dit hou in dat 'n hele bevolking nie taalkundig en kultureel geïntegreerd hoef te wees nie en dat taalbeplanning selfs vir 'n instelling binne 'n groter taalgemeenskap gedoen kan word.

Taalbeplanning het primêr ten doel om die kode, die ^{des} instrument vir beter kommunikasie, te bevorder of te verander. Die probleem kan derhalwe betrekking hê daarop dat die kode onvoldoende ontwikkel is, of dat die status van 'n taal bevorder moet word. Hierdie twee tipes beplanning staan nie los van mekaar nie, maar dek verskillende beplanningsterreine. Eersgenoemde word korpusbeplanning genoem en dit het meer betrekking op die taalkundige aspekte van taalbeplanning, terwyl statusbeplanning meer die sosiopolitieke aspekte van taalbeplanning raak (H.G.W. du Plessis, 1989: 37; Okonkwo, 1977: 42-43).

In Suid-Afrika is dit onder andere die funksie van die Taalkommissie en die Akademie vir Wetenskap en Kuns om die korpusbeplanning vir Afrikaans te doen. Op hierdie liggame dien verkose lede en hulle besin oor moontlike veranderinge wat in die taalstruktuur, soos die spelling, uitspraak of die leksikon van Standaardafrikaans aangebring kan word. Hierdie wetenskaplikes is as 't ware die mondstuk van die "spraakmakende volk" (H.G.W. du Plessis, 1989: 37) en hulle het hoofsaaklik 'n standaardiseringsfunksie.

Statusbeplanning moet dikwels antwoorde soek op 'n gemeenskap se "ontevredenheid" met 'n bepaalde taal. Waar die taal se status in die gemeenskap bevorder moet word, word statusbeplanning gedoen. Taal is 'n vorm van sosiale gedrag en daarom korreleer taal ook met sosio-ekonomiese en politieke gegewens (a.w.; Rubin & Jernudd, 1977:4). Indien bepaalde sosio-ekonomiese doelwitte deur middel van taal beoog word, soos byvoorbeeld om die verspreiding van inligting in 'n industrie te bevorder, familiebeplanning te inisieer of landbou-advies te gee, sal statusbeplanning ter sake wees. Maar wat ook al beoog word, waarsku Rubin en Jernudd (a.w.: 5) dat "unless we understand how changes in language code or speaking relate to and are motivated by social concerns, we cannot do proper planning".

Taalstatus hang af van die aard en status van die taal as 'n instrument vir kommunikasie; of van die status van 'n taal

versus ander tale in die gemeenskap. Laasgenoemde aspek het nie betrekking op taal as kommunikasiemiddel nie, maar kan betrekking hê op ideologiese, sosio-ekonomiese of politieke sienswyses omtrent 'n taal in 'n spraakgemeenskap.

Waar taalprobleme voortvloei uit belemmerende sosio-ekonomiese toestande, moet sulke probleme eers opgelos word voordat taalbeplanning met sukses aangepak kan word. Rubin en Jernudd (1977: 5) bewys met 'n voorbeeld uit 'n skool in die VSA dat verandering in die skool, sonder verandering in die gemeenskap, net gemik was op die simptoom en nie op die oorsaak van die probleem nie. 'n Variëteit uit die gemeenskap is as skooltaal ingevoer ten einde die onderwysers bewus te maak van die leerlinge se taal- en sosio-ekonomiese agterstand en aldus groter begrip vir hierdie probleme van die leerlinge te probeer bevorder, maar die oefening was onsuksesvol. Daarom is baie remediërende programme dikwels onsuksesvol. Dit staan verwyder van die werklike situasies in die alledaagse lewe. 'n Taalprobleem wat in 'n bepaalde sosiale opset ontstaan, moet volgens die behoefte van die teikengroep in daardie opset beplan word, anders sal die probleem nie deur enige taalbeplanning verander kan word nie. Taalprobleme wat 'n uitvloeisel is van sosio-ekonomiese en sosio-politiese "simptome" sal ontgroei word as hierdie simptome uit die weg geruim word. Die oomblik wat die probleem (Okonkwo, 1977: 49-50) op

sosiale en politieke gebied nie meer bestaan nie, verdwyn ook die taalweerstand of die taalprobleem.

4.4 Die doel met taalbeplanning

Kelman (1975: 39-40) waarsku teen die strewe waarvolgens gepoog word om nasionale eenheid deur middel van taal te probeer bereik. Wanneer so 'n suiwer politieke doel met behulp van taalkeuse nagestreef word, kan probleme ontstaan. Die minderheidsgroepe kan dit ervaar as pogings van beleidmakers om hul groeidentiteit te onderdruk. Taalbeplanningspogings behoort derhalwe daarna te streef om kommunikasiepatrone te vestig wat die behoeftes en belange van almal binne 'n gemeenskap, 'n instelling of sosiale groep, sal dien. Verder moet gepoog word om aan alle mense van verskillende linguistiese repertoires (etnies of sosiale klas) toegang te verseker tot geleenthede sodat elkeen kan deel in vooruitgang. Dit beteken nie dat 'n mens wat die veronderstelde prestige-taal gaan praat, in die geïdealiseerde kultuur aanvaar gaan word nie. Okonkwo (1977: 72) stel dit so: "I doubt very much if people could really restore their self-esteem in this manner because they would be aware that they are only dressed in 'borrowed clothes'."

Kortom beteken dit dat taalbeplanners werklike probleemoplossing ten doel moet hê. Taalbeplanning

veronderstel volgens H.G.W. du Plessis (1989: 36) 'n "probleem-verwante oplossingsmodel" wat toekomstgerig is en taalverandering ten doel het (vgl. ook Rubin & Jernudd, 1975: xvi). Die verandering wat nagestreef word, behoort egter 'n demokratiese sosiale proses te wees wat die kommunikatiewe taalbehoefte van sprekers in aanmerking sal neem, maar wat nie die buite-linguistiese faktore en sentimente van die gemeenskap oor die hoof sal sien nie (Alexander, 1989:19; vgl. ook Harlech-Jones, 1988). In 'n taalbeplanningsmodel moet derhalwe die kommunikatiewe sowel as die simboliese funksies van taal in aanmerking geneem word.

Alexander (1989: 19) waarsku ook dat beleidbepalers nie deur 'n politieke besluit 'n taal moet kies waaruit 'n nuwe soort klassestruktuur kan ontwikkel en tot gevolg kan hê dat 'n bevolking deur taalgrense gekompartementaliseer word nie. Alexander verwys, soos Ohly (1991) na die invoering van Engels of 'n ander vreemde Westerse taal as die amptelike taal in baie Afrikastate. Hierdie amptelike taal het die vorming van 'n elitistiese groep Engelssprekers in die onderskeie lande tot gevolg gehad, terwyl die gewone bevolking die inheemse tale vir alledaagse kommunikasie bly gebruik.

Volgens Okonkwo (1977: 104-105) is daar paradokse vervat in 'n demokrasie. Dit is 'n paar elite wat regeer en wat nie

noodwendig al die mense in 'n land verteenwoordig nie. So 'n regering bepaal die beleid, maar daar is ook beïnvloeders: die geldbase, intellektua, politieke drukgroepe en ander belangegroepe wat medebepaal. Die waardes en sienwyses van hierdie elite kan van dié van die massas verskil. So verskil dit wel in verskeie Afrikalande wat reeds vir etlike jare taalbeleide toepas waarin tale wat wyer kommunikasie moes bewerkstellig, eintlik nie hierdie doel kon bereik nie.

Volgens 'n artikel van Bernd Heine in die Observer (1991: 2.02, Mrt. 21) blyk dit uit gegewens verkry van die universiteit van Cologne dat slegs 20 % van die sprekers in Afrikalande waar Engels, Frans of Portugees die amptelike tale is, in staat is om hierdie amptelike tale te praat. Die rede waarom 'n Westerse taal dikwels gekies word as amptelike taal, is dat dit kommunikasiemoontlikhede met die buitewêreld behoort te bewerkstellig. Volgens Heine kan net 2 % van diegene wat Frans as amptelike taal het, dit vloeiend gebruik, en daarin dink. In Nigerië praat meer as 20 % van die bevolking goeie Engels, maar in Angola en Mosambiek kan skaars 10 % van die inwoners hul amptelike taal, Portugees, praat. Net die hoë- en middelklassprekers kan oor tradisionele en kulturele onderwerpe in die amptelike taal gesprek voer.

Westerse tale is in Afrikalande as amptelike tale ingevoer met die hoop dat dit as die lingua franca sal ontwikkel en mettertyd die plaaslike tale sou verplaas soos dit in Latyns-Amerika gebeur het. Verder is ook gehoop dat ekonomiese ontwikkeling die vinnigste sou geskied, as die voorbeeld van die ekonomies-sukksesvolle gemeenskappe nagevolg word. Volgens Heine (a.w.) is geredeneer: "In order to be successfull, copy the successfull." Europese tale word gesien as 'n geskikte implement om armoede en onderontwikkeling te oorkom. Afrikatale word ongelukkig gekoppel aan ekonomiese stagnasie en agterlikheid, maar Heine meen dit is eerder so dat agterlikheid die uitvloeisel is van die benutting van 'n vreemde taal en dat dit ontwikkeling strem. Die gaping tussen die Derde Wêreld en die res van die Westerse wêreld word net steeds groter.

Rubin (1975: 240) wys ook op die benutting van Engels naas Amharic in Etiopië. Engels is al tot met st. 6 deur Amharic verplaas en die verwagting is dat dit later selfs die medium van die universiteit sal word - sonder dat die taal 'n noemenswaardige letterkunde het. Vertalings word gebruik. Rubin e.a. (1975: 141, 150-152) wys ook op die toename in die gebruik van Kiswahili in Tazanië en Kenia. In Tanzanië is Kiswahili verbind met die Islam en Engels simboliseer mag.

Daar is in Kenia geen definitiewe taalbeleid geformuleer nie, want sou Engels aangekondig word, kan dit in terme van neo-kolonialisme vertolk word en "opstand" tot gevolg hê.

Hoewel deeglike navorsing nog nie op hierdie terrein gedoen is nie, kan dit moontlik wees dat die toepassing van 'n verkeerde taalbeleid 'n rol kon gespeel het in die remming van ontwikkeling in Afrika. 'n Gebrek aan verstaanbare kommunikasie op nasionale vlak, kan oningeligtheid tot gevolg hê en daartoe bydra dat ontwikkelingsprogramme nie slaag nie. Heine (a.w.) gaan verder en sien die gebruik van 'n onverstaanbare taal as 'n handvatsel vir 'n regering om mense te manipuleer.

(Taalbeplanners behoort nie te wag en uiteindelik hul beplanning te rig op die herstel van skade nie, maar moet ingestel wees daarop om voorkomend te beplan. Beplanning moet toekomstgerig wees en daar moet in gedagte gehou word dat taal nooit 'n probleem is nie totdat dit benut word om te diskrimineer (Okonkwo, 1977: 121-122). Taalkonflik is ook nooit die gevolg van instrumenteelgebaseerde griewe nie, want as mense die opsie het om hulle taal en kultuur te behou en taal te gebruik waar hulle dit nodig het, is hulle ook baie gewillig om 'n ander kultuur wat vir hulle ekonomiese en ander voordele inhou, te aanvaar.

Nasionale eenheid kan in 'n multilinguistiese samelewing makliker deur die benutting van meer as een taal bereik word as wanneer gepoog word om nasionalisme met een taal tot stand te probeer bring. Volgens Kelman (1975:37) is dit eerder moontlik dat 'n goedgeorganiseerde organisasie of 'n doeltreffende regering by die doel van nasionale eenheid sou kon uitkom indien so 'n bestuursliggaam maksimale geleenthede vir al sy mense bied - ongeag ras, kleur, herkoms, geloof, taal of sosiale klas. Die doelbewuste pogings om nasiebou deur een gemeenskaplike taal te probeer bereik, is dikwels minder suksesvol as wanneer meer tale in 'n land sou kon funksioneer. Waar 'n bepaalde taal reeds 'n omvangryke funksionele basis het, is dit ook nie sinvol om so 'n kommunikasiemedium summier ter wille van 'n ander prestigetaal te verander nie. Volgens Haugen (1975: 282) is 'n offisiële taal "only a means, not an end". Om derhalwe in 'n taalbeplanningsmodel slegs die simboliese, of andersyds, slegs die kommunikatiewe funksie van 'n taal of tale in aanmerking te neem, sou nie 'n suksesvolle beplanningsprogram kon waarborg nie. Albei aspekte moet geakkommodeer word, en waar 'n taal reeds grootskaals benut word, kan die bestaan daarvan nie ontken word nie en is dit nie oornag vervangbaar nie. Haugen is effe eng in sy vertrekpunte, maar daar steek tog waarheid in sy sienswyse dat "neither a language as a whole nor any part of it is replaceable like a sparepart in a machine; it is not to be

discarded like an old coat, and it cannot be bought at the store like a new one" (a.w.).

Indien beleidmakers 'n ander taal beoog as wat die mense op 'n bepaalde stadium benut, sou so 'n verandering oor 'n lang termyn nagestreef moet word. Taalverandering moet soveel voordele inhou as nadele. Veranderinge sal deur sommiges gesien word as 'n wins en deur ander as 'n verlies. Iewers tussen die twee ideale moet die ewewig behoue bly (Jernudd, 1975: 264). Dit is egter baie moeilik om in 'n evalueringsanalise die werklike verskille tussen die verskillende menslike taalwaardes te bepaal, en uiteindelik is dit hoogstens moontlik om by benadering 'n afleiding te maak van hoe mense presies oor so 'n verandering voel.

Taalverskuiwing geskied geleidelik en hoe groter die verskil tussen tale is, hoe stadiger geskied die verskuiwing. "It is as if similar languages attract each other and dissimilar ones repel." (Jernudd, 1975: 246.) Taalverskuiwing kan makliker voltrek word tussen byvoorbeeld taalgroepe van Germaanse herkoms as wat die geval sal wees tussen byvoorbeeld Nama, en Engels, Duits of Afrikaans.

Taalverskuiwing impliseer twee of meer tale in kontak en daar sal 'n oorgangsperiode van tweetaligheid verloop voordat 'n verskuiwing voltrek kan wees selfs al sou al die parameters ten gunste van 'n verskuiwing meewerk. Waar

addisionele belemmeringsfaktore ook nog aanwesig is, kan so 'n verskuiwing selfs dalk oor meer generasies verloop. 'n Ander faktor wat 'n invloed op taalverskuiwing sou kon hê, is wanneer jong mense van verskillende taalgroepe nie meng nie. Dit kan so wees omdat 'n politieke bestel dit verhoed (soos dit in Suid-Afrika en Namibië die geval was), of as groepe op grond van die ekonomie of ten opsigte van godsdienstbeoefening nie interaksioneel verkeer nie, dan kan taalverskuiwing langer as een generasie duur (Mackey, 1980: 39).

Ook Kelman (1975: 21, 34) is van mening dat die doelbewuste aanwending van taal om in 'n multilinguistiese gemeenskap 'n nasionale bewussyn te bevorder, soms meer ontwrigtend werk as wat dit eenheid kan bevorder. Volgens hom kan nasionale eenheid verkry word, nie deur minderheidsgroepe van hul taalregte te ontnem nie, maar deur die minderheidsregte van alle kultuurgroepe te verdra. Volgens Okonkwo (1977: 126) kan verdraagsaamheid ten opsigte van taalvryhede "enrich and solidify the nation". Verder is hy van mening (1977: 132) dat as 'n taal van 'n minderheidsgroep erkenning gegee word, dit selfs die belange sou dien van diegene wat 'n ander taal sou wou "afdruk". Volgens hom werk nasionale integrasie en kulturele onafhanklikheid nie noodwendig botsend op mekaar in nie, maar komplementeer dit eerder mekaar.

'n Sterk verband bestaan tussen taal en mense en hierdie verband verskil in bepaalde kontekste. Taalbenutting van plattelanders en die taalgebruik van stedelinge sal nie dieselfde wees nie en daarom behoort taalbeplanners te streef na ontwikkeling, demokratisering, eenheid en die verbetering van buitelandse betrekkings deur 'n taamodel wat beide die stedelinge en die plattelanders sou insluit. In Namibië is byvoorbeeld maar een stad en daarom sal die taalgebruik van die grootste gedeelte van die bevolking dié wees wat kenmerkend van plattelanders is (vgl. ook Thornburn, 1975: 253).

Taalbeplanning het derhalwe te make met die uitoefening van keuses. Daar moet uit 'n aantal alternatiewe om 'n probleem op te los, gekies word en dan behoort die beplanner die moontlike gevolge van so 'n keuse uit te wys. Nooit sal met sekerheid gesê kan word wat werklik sal gebeur nie, want waar mense en so baie ander faktore interaksioneel aktief is, kan foutiewe afleidings tog wel voorkom. As egter gekyk word na ander lande en voorbeelde van taalbeplanning en taalkeuses, kan dit help om rigting te gee ten einde beplanning sinvol te kan doen.

In 'n endoglossiese taalgemeenskap sou 'n keuse van een taal nie noodwendig "werk" nie. Ten einde eenheid, demokrasie, buitelandse betrekkings en ontwikkeling na te streef, sou meer as een taal groter sukses kon waarborg. Okonkwo (1977: 139, 205) is van mening dat "a nation does not have to be

rich in order to support with reasonable comfort the development of two or three endoglossic languages".

Daar kan byvoorbeeld "provinsiale tale" wees wat koëffisiesel tesame met die eksoglossiese amptelike taal gebruik kan word. Verder kan 'n nasionale taal endoglossies eenheid bewerkstellig ten opsigte van nasiebou, en ook ekonomiese en opvoedkundige ontwikkeling steun, terwyl die amptelike taal eksoglossies vir buitelandse betrekkings benut kan word.

Dit is dikwels die doel van bestuurders en regerings om in 'n multilinguistiese sisteem, hul taalbeleid in die rigting van een algemene taal te stuur. Die doel is om 'n samebindende (politieke) sisteem daar te stel (Kelman, 1975: 37), maar so 'n beleid kan juis politieke ongelykheid meebring, weerstand laat ontstaan en eerder die eenheidstrewe benadeel as wat dit enige voordeel daarvoor sal inhou. Ook in Namibië word so 'n "funksionele" benadering nagestreef. Net een taal word in die multilinguistiese situasie as offisiële taal erken terwyl al die ander inheemse tale nasionale status het. Engels is die taal met die minste moedertaalsprekers en die redenasie is dat almal ewe veel deur hierdie beleid benadeel word. So 'n afleiding is egter nie heeltemal korrek nie. Volgens Okonkwo (1977: 220) is die sienswyse dat Engels 'n "neutrale" taal is en dat dit "equally handicap the component ethnic groups in the nation ... is a myth". Dit

waarborg nie gelykheid vir alle groepe nie en hy is van mening dat instrumentele oorwegings 'n hoër prioriteit behoort te wees as enige prestige kenmerke wat aan taal geheg word. Volgens hom hoef taalbeplanning nie slegs op nasionale vlak beoefen te word nie, maar kan dit selfs met beter gevolge op groepsvlak hanteer word om beide die simboliese en instrumentele taalaspekte van taalgebruik in aanmerking te kan neem.

In Namibië word diegene wat ander Westerse tale kan praat, bevoordeel. Die blankes, Kleurlinge en Basters word bevoordeel, want hulle gebruik Westerse tale en kon vroeër met Engels as vak in die hoërskool reeds in die internasionale wêreld die mas opkom, maar dit is die swarttaalsprekers wat jaar na jaar in standerd 8 en 10 uitsak omdat hulle nie Engels kan slaag nie (Observer, 1991: 02.2, Mrt. 21; Republikein, 1990: 3, Feb. 5 & 6). Dit lyk dus asof 'n eentaalbeleid juis die ongelykhede in Namibië gaan beklemtoon.

4.5 Die taalbeplanningsfases

Die taalbeplanningsproses verloop in verskillende fases. 'n Probleem word geformuleer en dan word feite in verband daarmee versamel. Na aanleiding van die inligting wat bekom is, word doelstellings geformuleer wat al die alternatiewe oplossings stel. Die taalbeplanners kies dan 'n model vir

die funksionele oplossing van die taalprobleem en ondersoek elke moontlike alternatief. Daarna word die gevolgtrekkings met die doelstellings vergelyk in die evalueringsfase en eers dan word besluit op een moontlikheid wat die nouste saamhang met die doelstellings, maar wat ook koste-effektief sal wees en die volle menslike hulpbron in die land sal komplementeer (Rubin, 1975; Okonkwo, 1977; Fishman, 1977; Haugen, 1969).

In die feiteversamelingsfase kan inligting uit sensusopnames of ander taalnavorsingsdokumente wat inligting oor die taalgebruikspatrone in die land bevat, verkry word. Daaruit kan vasgestel word hoe mense optree met betrekking tot taal en daar kan ook vasgestel word watter gesindhede en waardes in terme van die gebruik van verskillende tale in die land heers. In 'n multilinguistiese gemeenskap word verskillende tale vir verskillende funksies aangewend . Sulke funksies slaan gewoonlik op domeine en het breedweg betrekking op kommunikatiewe of simboliese funksies (Okonkwo, 1977: 38 soos hy aanhaal uit Bühler; Ervin-Tripp; Halliday; Garvin en Jakobson). Uit die versameling van taaldata sal dit derhalwe nodig wees om vas te stel watter taal vir watter funksies aangewend word, maar ook moet bepaal word hoe verspreid 'n taal voorkom, en hoe taalwaardes in verskillende geografiese areas met mekaar verband hou en/of verskil.

Okonkwo (1977: 38) en Eastman (1983: 31-32) is dit eens dat nie slegs die lojaliteit van etniese groepe aan hulle eie taal in aanmerking geneem behoort te word nie, maar dat die taalbeplanning ook die behoefte van die hele gemeenskap moet dien en 'n " uniform and efficient means of communication" moet deur die beplanningsprogram ingesluit word (Eastman, 1983:31-32). Okonkwo (a.w.) onderskei egter tussen sentrale beplanning ter wille van groter effektiwiteit en sentrale beplanning wat gebaseer word op totalitêre besluitneming. Laasgenoemde behoort nie gedoen te word nie. Taalfunksies behoort in gedagte gehou te word en daaruit sal dit blyk dat taalgebruikers in 'n multilinguistiese opset, hul moedertaal gaan gebruik om emotiewe, poëtiese en ander kultuurgebonde funksies te vervul. Die moedertaal word as interpersoonlike, etniese identiteitsmerker gebruik. In wyer kontekste waar meer inheemse groepe taalgrense moet oorbrug, sal die algemeenste omgangstaal die kontekstuele funksie vervul en wanneer die ideologiese gekommunikeer moet word, sal moontlik 'n derde taal (of die moedertaal, as die kennis van die derde taal ontbreek) wat met hierdie waardes konnoteer, as gespreksmedium aangewend word.

Taalbeplanning het gewoonlik taalverskuiwing ten doel - taalverskuiwing in terme van die wyse waarin bestaande tale in 'n taalgemeenskap funksioneer. Vir so 'n funksieverskuiwing sal verskeie faktore die aanvaarbaarheid daarvan bepaal. Mense leer 'n taal of aanvaar 'n

verandering as hulle baat daarby kan vind (Haugen, 1977: 285; Okonkwo, 1977: 68). Taalverskuiwing sal kan plaasvind as mense deur die kennis en ander gebruik van 'n taal, uit 'n posisie van minderwaardigheid tot 'n hoër ontwikkelingsvlak kan styg; as hulle afhanklikheid kan ruil vir onafhanklikheid; as enige persoonlike voordeel met die verandering geassosieer kan word.

Nou is dit ook so dat faktore wat by een gemeenskap taalverskuiwing tot gevolg het, nie noodwendig in 'n ander taalkonteks vrug sal afwerp nie. Dit is so omdat taalverbondenheid sosiaal en psigologies 'n onafskeidbare deel is van etniese affiliasie. Etniese waardes word onbewustelik gereguleer, en daarom is dit onvoorspelbaar om te bepaal wat die normatiewe gedrag van 'n bepaalde groep taalgebruikers gaan wees (Denison, 1980: 335). Dit lyk egter of dit die tendens is dat hoe minder tale 'n groep benut, hoe stadiger sal verskuiwing plaasvind, en hoe meer tale 'n groep op 'n bepaalde stadium benut, hoe makliker sal taalverskuiwing plaasvind.

'n Taalbeplanningsoefening moet derhalwe alle parameters in ag neem voordat 'n beplanningsprogram geformuleer word. Al die alternatiewe situasies waarbinne taal funksioneer, moet ontleed word en dan eers kan 'n besluit geneem word. Daar sal besluit moet word of die taalbeplanning vir die hele land gesamentlik gedoen moet word, en of dit slegs op

streeksgrondslag aangepak moet word. Dit is ook nodig om te weet of die beplanning gemik moet wees op binnelandse kommunikasie en of die inwoners van die land deur taalbeplanning beter gerat wil raak vir eksterne kontak. Verder is dit belangrik om te weet of die geskrewe vorm van die taal beplan moet word, en of slegs mondelinge kommunikasie ter sake gaan wees, en laastens moet beplanners duidelikheid hê omtrent die teikengroep waarvoor beplan gaan word. Die uitgangspunt sou ook verskil as onderwysdoeleindes vir skole tersake gaan wees, teenoor taalbeplanning wat vir volwassenes van stapel moet kom (Thornburn, 1975: 254-255).

Taalbeplanning is 'n interdisiplinêre vakterrein. Al gaan dit ook oor taalgebruik, sluit taalbeplanning aan by sosiopolitiese beplanning en derhalwe sal enige taalbeplanningsaksie deur 'n gesamentlike poging van politici, taal- en letterkundiges, filosowe, leksikograwe, die gewone landsburgers, navorsingsinstitute en ander taalakademici beplan moet word. Hierdie kundiges moet objektief fokus op probleemoplossing en nadat die beplanningsterrein afgebaken en feite versamel is, kan hulle gesamentlik probeer om 'n beplanningsdoel te formuleer wat die optimale en geskikste alternatief kies om die gestelde doel te probeer bereik (Kennedy, 1984: 4).

By die formulering van 'n doelstelling vir 'n taalbeplanningsmodel behoort linguistiese, semi-linguistiese en ekstralinguistiese doelstellings in aanmerking geneem te word (H.G.W. du Plessis, 1989: 42). Linguistiese doelstellings het betrekking daarop dat doeltreffende taalgebruiks-gewoontes nagestreef word. Taalgebruikers moet gelei word om hul taalgewoontes te verander en dit met nuwe taalgebruiksgewoontes te vervang. Die bevordering van die instrumentele ("tool-like") aard van 'n nuwe taalkode moet in terme van hierdie linguistiese doelstellings die mikpunt wees.

Die semi-linguistiese doelstellings het betrekking op die aard van die taalsisteem. Rubin (1975: 278) noem in hierdie verband verskeie moontlike veranderinge wat in die skryfsisteem, die spelvorme, uitspraak en gespreksreëls herbeplan kan word. Ofskoon dit lyk asof sulke aanpassings in 'n bestaande taalsisteem maklik implementeerbaar is, is daar gewoonlik sterk sosiologiese en psigologiese faktore wat beplanning vir 'n leek op hierdie gebied problematies kan laat verloop. Vir hierdie tipe beplanning is 'n besonderse soort spesialis nodig om sulke veranderings te motiveer en deur te voer.

Die ekstra-linguistiese doelstellings in 'n taalbeplanningsmodel, neem die sosiopolitiese aard van taal in meertalige kontekste as uitgangspunt. Taalverandering word in terme

van hierdie doelstellings in lyn met taalhoudings en taalmenings wat binne die taalgemeenskap bestaan, geformuleer. Waar verskillende taalgroepe in verskillende taalkontekste ontmoet, sal die wedersydse ervaring van mekaar, ook die gesindheid teenoor mekaar se taal bepaal. Taalverandering in die rigting van 'n bepaalde taal, is moontlik indien 'n positiewe houding uit die kontaksituasie sou blyk. Taalverdelings het egter die nadeel dat instrumentele konflik tussen groepe daartoe sal lei dat fundamentele identiteitsverskille in fokus kom en dat dit in 'n sentimentele konflik kan oorgaan (Kelman, 1975: 37).

Al drie hierdie tipes doelstellings behoort in 'n taalbeplanningsmodel vervat te wees. Taalbeplanning is die vertrekpunt van 'n taalbeweging en taalbeplanners kan deur hulle doelstellings verseker dat 'n taalbeweging nie in 'n suiwer politieke beweging omsit nie. Volgens L.T. du Plessis (1989:8) is dit so dat taalbewegings gewoonlik 'n politieke en/of godsdienstige ideaal nastreef, maar volgens Kelman (1975: 40) is dit nie wenslik dat taalbeplanning slegs op sentimentele grond aangepak moet word en dan te hoop dat die beplanning 'n nasionale taal tot gevolg sal hê nie.

In die meeste multilinguistiese gemeenskappe waar taalkonflik heers, verkeer die ekonomies swakste groep in die swakste posisie. Hulle is ekonomies die swakste daaraan toe en het nie toegang tot beter geleenthede nie. Ook berus

die ekonomiese en politieke mag in die hande van diegene wat die gewildste taal praat. Uit so 'n situasie kan negatiewe taalhoudings voortkom en taalverandering hoofsaaklik op grond van politieke doelstellings gepromoveer word. 'n Totale ommekeer sal in so 'n geval groot geloofwaardigheid hê omdat dit 'n vernuwende belofte inhou. Fishman (1975: 5) vind so 'n motivering vir die keuse van 'n nuwe taalkode problematies, want hy is van mening dat "the more stress on real authenticity, therefore, the more danger of regionalism and ultimate secessionism. The more stress on unification ... the less authentication."

Waar 'n nasionale ideologie 'n eenheidstrewe, modernisering en geloofwaardigheid ten doel het, kan taal nie beplan word om slegs hierdie doelstelling te bevorder nie. Ook Haugen (1966: 199) stel drie kriteria wat taalbeplanners as vertrekpunte kan benut om 'n taalbeleid en beplanning op te grond: "efficiency" wat die linguistiese doelstellings impliseer; "adequacy" om die graad van taalkorrektheid in terme van die semi-linguistiese doelstellings in te sluit en "acceptability" omvat sosiologiese en politiese doelstellings.

Ook Jernudd en Das Gupta (1975: 196) is van mening dat taalbeplanning logies is wanneer dit taal as 'n menslike gegewe erken. Die belangrikheid van hierdie hulpbron hang

saam met kommunikatiewe en identifiserende waardes wat die hele taalgemeenskap aan een of meer tale heg.

Om die doelstellings te formuleer, is eintlik die ware beplanningsaksie. Gedurende die feiteversamelingsfase en die tweede fase van doelformulering, kan die evalueerder van groot hulp wees. Naas doelstellings, moet ook strategieë bedink word en moontlike uitkomste gekonstrueer word. Hier kan die evalueerder reeds 'n inset lewer. Die evalueerder sal tydens, en na afloop van die implementeringsfase, die plan moet beoordeel en daarom sou hy ook in die versameling van feite en in die stel van doelstellings moet kan bepaal in watter mate hierdie aspekte met die res van die beplanningsmodel vereenselwig kan word. Waar 'n nuwe taal die objek is, sou hy moet vasstel of daar 'n balans sal wees tussen die ontwikkeling van die individu binne die sosiale gemeenskap, en tot voordeel van die gemeenskap, (Rubin, 1975: 221-222).

Dit is nie altyd moontlik om voorspellings te waarborg nie. Waarskynlike uitkomste kan gestel word, maar aanpassings kan moontlik later in die program nodig word. Die rede kan wees dat informante tydens die eerste fase nie hul politiese waardes wou bekend maak nie, of dat die taalomgewings verander het of nie volkome leesbaar was nie. Die voorkeure ten opsigte van gestelde doelwitte kan ook verander. Onvoldoende befondsing of 'n verandering in beleidsrigting

kan aanpassings vereis. Die evalueerder sal moontlik ook van die evalueringstegnieke moet aanpas as te veel koersaanpassings in die vorige fases noodsaaklik was (Rubin & Jernudd, 1975: vvii).

Die implimenteringsfase is die fase waarin uitvoering gegee moet word aan dit wat as doelstellings gestel is. In 'n meertalige gemeenskap, sal tweedetaalverwerwing dikwels die objek van implementering wees. Die koste aan 'n tweedetaalbeplanningsaksie is dikwels duur, veral as mense voel dat hulle nie daarby gaan baat nie (Rubin, 1975: 224). Hiervan sê Rubin (1975: 225): "If however, the politicians feel that a second language is needed for unity, for national mobilization, or for wider communication, the cost might still be considered worthwhile, and the necessary incentives and opportunities might better be included as part of the strategies used."

Die strategieë vir die implementering van taalbeplanning sal grootliks bepaal of die plan suksesvol kan verloop. Die onderwysers moet goed opgelei wees, die taal ken en gemotiveerd wees. Hulle moet die taalbeweging as't ware begin en aan die gang hou. Vir hulle moet dit 'n funksionele verandering impliseer wat positiewe gesindhede ontlok. Ook by die leerlinge/studente is motivering om die taal te leer van die uiterste belang. Gardner (1979: 204) meen dat "motivation would largely determine whether a

student found any opportunities to speak the language, and thus acquire extra skill".

Taal moet funksionele waarde hê en leerlinge moet dit in gesprekke met maats, familie en binne en buite die skool kan gebruik. Ook die elektroniese media moet die taalverwerwingspoging steun. Verder moet boeke en biblioteekfasiliteite of enige ander steundienste beskikbaar wees om aan onderwysers en leerlinge die geleentheid te gee om 'n metodiek te kan volg wat tweedetaalverwerwing moontlik maak. Kortom: die hele opvoedingsstelsel moet die taalverandering steun en dit vir onderwysers en kinders maklik maak om die beleid ten uitvoer te bring (Rubin, 1975: 225-227). Dit is derhalwe die taak van die beleidbepalers en opvoedkundige instellings om toe te sien dat "people ... develop feelings about their national language much as they do about their mother tongue - they need to be sentimentally or primordially attached to it" (Eastman, 1983: 35).

Ook die implementeringsfase van die taalbeplanningsmodel moet deurlopend geëvalueer word en daar moet 'n raamwerk wees waarbinne die ontleding gedoen word (Jernudd, 1975: 268). Na aanleiding van die deurlopende evaluering, kan inligting dan aan beleidmakers deurgegee word. Sulke inligting moet verband hou met die "validity, reliability and objectivity" van die beleid in terme van die vordering

wat in die uitvoering van die plan bereik is (Rubin, 1975: 229). Uit die evaluering moet beleidmakers na aanleiding van die terugvoering, kan aflei of die betekenis, die tersaaklikheid, die omvang, die aanvaarbaarheid, die tydigheid en die doeltreffendheid van die taalbeleid in terme van die besluit, enige geldigheid het (Rubin, 1975: 229). Die doel van taalverandering kan moontlik geregverdig wees, maar die voorwaardes vir die invoering daarvan moet ook geskik wees en die waardes van al die komponente in die samelewing evalueer.

As al die alternatiewe in aanmerking geneem word wat taalbeplanning kan beïnvloed, kan 'n mens soos Eastman (1983: 30), wil begin soek na 'n beplanningsproses waarvolgens "language can be 'unplanned' or 'liberated'". Ongelukkig het taal in die breë 'n "connection-function" (Hartig, 1985: 67) en by implikasie beteken dit dat taal nie 'n organisme is wat fisiese wette gehoorsaam nie. Dit is 'n vorm van menslike tradisionele gedrag, en taal, veral 'n vreemde taal, moet aangeleer word as 'n vaardigheid wat met 'n groep mense geïdentifiseer kan word. "It is not what people are but what they do." (Mackey, 1980: 35-36.)

Dit maak ook nie saak hoe "groot" of hoe "klein" 'n taal is nie. As 'n taal 'n funksie het, kan hy praktiese bestaans en soos Mackey (1980: 35) tereg met 'n aanhaling opmerk, kan oor taal nie meer die sienswyse gehuldig word dat dit 'n

ding is nie. Dit is net nie moontlik om taal metafories in verband te bring met handeling wat kenmerkend van diere is nie en te redeneer dat: "If a small fish gets in contact with a big fish, it is the smaller which is more likely to disappear."

4.6 Samevatting

Taalbeplanning is 'n toekomsgerigte proses wat dit ten doel het om 'n taalprobleem wat reeds bestaan of wat moontlik in die toekoms by 'n taalgemeenskap kan ontwikkel, op te los. Sodra die probleem geïdentifiseer is, kan taalbeplanners doelstellings formuleer, en strategieë beplan om na aanleiding daarvan 'n probleemoplossende model te kies om hierdie probleme koste-effektief te probeer oplos. Deur al die faktore in aanmerking te neem wat moontlik op die linguistiese, die semi-linguistiese en ekstra-linguistiese doelstellings 'n effek kan hê, is dit moontlik om 'n breë uitkoms te voorspel. Die hele proses: die feite-insamelingsfase, die doelformulering en die implementering van die program, moet egter deurgaans geëvalueer word en bevindings omtrent die effek wat die beplanningspoging op die spraakgemeenskap het, moet van tyd tot tyd aan die beleidbepalers teruggevoer word.

Op hierdie teoretiese grondslag sal die taalkontaksituasie op die myne in Namibië ondersoek word.

HOOFSTUK 5

AANBEVELINGS: TAALBEPLANNING VIR DIE MYNE BINNE DIE NAMIBIESE KONTEKS

INHOUD

5.1	Inleiding	169
5.2	Doel met taalbeplanning	172
5.3	Feiteversameling	179
5.4	Implementering	186
5.4.1	Taalkursusse	191
5.4.2	Kursusmateriaal	192
5.4.3	Spesifieke vereistes	195
5.4.4	Metodiek	195
5.5	Evaluering	196
5.6	Samevatting	197

5.1 Inleiding

Afrikaans het in Namibië 'n baie lang geskiedenis. Die taal het maklik gevestig geraak omdat verskillende kultuurgroepe met verskillende Afrikaanse variëteite die land binnegekom het. Namibië was nooit 'n Engelse kolonie nie en sonder die "kompetisie" van hierdie sterk Westerse koloniale taal of enige ander ontwikkelde taal, het Afrikaans vinnig versprei en word dit tans dwarsoor die land as omgangstaal benut.

Die taalgemeenskappe in Namibië en op die myne is heterogene gemeenskappe in hulle oorgangstadium (kyk Hoofstuk 4). Die amptelike taal in die land is Engels en die spraakbewussyn van die oorgrote meerderheid taalgebruikers in die land verkies Afrikaans as algemene omgangstaal en dit is ook die taal wat die meeste mense in die werksituasies benut (RGN, 1982 (Totale bevolking): 47 - 53).

Uit 'n kruistabellering van die verskillende huistaalgroepe by die myne se response oor die belangrikheid van Afrikaans en Engels in hulle werk, het dit geblyk dat Afrikaans vir die meeste taalgroepe 'n belangrike werkstaal is. Slegs die persentasies van die response op die intervalskale vir Baie belangrik en Belangrik is in aanmerking geneem.

By Myngroep 2 was daar twee faktore wat die inligting vir die vraelys kon beïnvloed het: die verhouding tussen huistaalgroepe en die professionele beroepe was nie heeltemal proporsioneel verteenwoordig nie en daarom kan die persentasies wat hieronder by hierdie myngroep aangegee word, onbetroubaar wees; en daar moet ook in gedagte gehou word dat die inligting vir die vraelys by Myngroep 2 na afloop van 'n staking ingesamel is en dat dit tot gevolg kon gehad het dat response eerder 'n verwagting as 'n ervaring weerspieël.

AFRIKAANS

Baie belangrik & Belangrik	MYNGROEP 1	MYNGROEP 2	MYNGROEP 3
	%	%	%
<u>Huistaalgroep:</u>			
1 Engelssprekers	1,2	11,2	5,6
2 Afrikaanssprekers	36,6	8,8	37,6
3 Ndongasprekers	15,6	7,6	11,6
4 Kwanyamasprekers	11,6	4,0	15,1
5 Hererosprekers	0,6	0,4	2,5
6 Nama/Damara	10,5	0,8	8,4
7 Kwangalisprekers	15,6	3,2	5,4
8 Duitssprekers	0,6	-----	-----
9 Ander	1,8	0,8	3,0

ENGELS

Baie belangrik & Belangrik	MYNGROEP 1	MYNGROEP 2	MYNGROEP 3
	%	%	%
<u>Huistaalgroep:</u>			
1 Engelssprekers	1,2	16,0	6,8
2 Afrikaanssprekers	24,6	10,4	39,8
3 Ndongasprekers	3,6	33,2	6,3
4 Kwanyamasprekers	4,2	27,6	5,5
5 Hererosprekers	0,6	1,2	1,2
6 Nama/Damara	6,6	1,2	4,8
7 Kwangalisprekers	4,2	6,0	3,5
8 Duitssprekers	0,6	0,4	-----
9 Ander	-----	2,4	5,9

Wat wel ter sake is, is dat Afrikaans oor die hele spektrum van huistaalgroepe, selfs by dié wat negatief georiënteerd behoort te wees, as 'n belangrike taal vir die werksituasie uitgewys is. Taalbeplanning vir die myne sal derhalwe teen hierdie agtergrond en binne die konteks van die taal se geskiedenis in Namibië vir die myne in Namibië gedoen word.

5.2 Doel met taalbeplanning

By die formulering van 'n taalbeplanningsdoel - of dit nou vir die mikrovlak gedoen moet word, en of dit op die makrovlak gerig gaan wees - behoort die multitalige spraakgemeenskap in ag te neem. In die eerste plek moet die taalkommunikatiewe behoeftes aangespreek word, maar ook die sosiopolitieke aard van taal in multitalige kontekste moet betrek word. Ten einde linguistiese sowel as ekstra-linguistiese faktore in ag te neem, kan slegs 'n twee- of meertalige beleid met sukses gevolg word. Dit behoort te gaan oor taal vir wyer kommunikasie - en by implikasie sou dit inhou: wyer kommunikasie tussen inheemse groepe en wyer kommunikasie tussen inheemse en uitheemse taalgroepe. Vir so 'n doel, sou hoofsaaklik Afrikaans en Engels die beplanningsobjekte kon wees.

Albei hierdie tale se kodes is gestandaardiseerd. Engels het amptelike status en Afrikaans het in terme van die ander inheemse nasionale tale, die meeste sprekers. Naas Engels

is dit die enigste nasionale taal wat ook buite die landsgrense benut kan word.

Taalbeplanning in Namibië kan dus fokus op korpusbeplanning van die swakkerontwikkelde nasionale tale, maar statusbeplanning behoort vir Afrikaans in samehang met Engels gedoen te word aangesien hierdie twee tale in hoofsaak betrek kan word in 'n doelstelling wat gemik is op die sosio-ekonomiese opheffing van groepe wat deur 'n apartheidsbestel agtergelaat is.

Taal korreleer met sosiale gedrag en politieke gegewens en daarom sou taalbeplanning vir die myne ook die Namibiese konteks in aanmerking moet neem. Die huidige taalkonflik op sommige myne, maar ook in verskillende taalgebruikssituasies in die land, is 'n uitvloeisel van politieke en sosio-ekonomiese toestande wat voor onafhanklikheid bestaan het en nou nog voortbestaan. Die verandering van taalgewoontes na Engels, streef daarna om 'n nuwe politieke sisteem te steun, maar vir 'n verandering van die sosio-ekonomiese opset moet Afrikaans benut word om die opheffing van die inheemse bevolking te steun.

Uit die geskiedenis van taal in Namibië blyk dit dat kulturele diskriminasie daartoe gelei het dat verskeie taalgroepe nie geleentheid tot maksimale ontwikkeling gehad het nie. Na onafhanklikheid skuif die kleurdiskriminasie na

taaldiskriminasie en steeds word die swakkerontwikkelde groepe van sosio-ekonomiese vooruitgang weerhou omdat hulle nie oornag die nuutgekose taal kan benut nie. Weldra kan sulke groepe agterkom dat dit "geleende klere" (Okonkwo, 1977: 72) is en dat die taalverandering wat vereis word, nie ekonomiese voorspoed beteken nie.

Taalbeplanning moet toekomsgerig wees en probleemoplossing nastreef. Namibië is 'n demokratiese land en in die Namibiese grondwet word aan alle inheemse tale nasionale status gegee. Daar is egter te veel inheemse tale om funksioneel die wyer taalgemeenskap binnelands te bereik. In die praktyk kom dit daarop neer dat die amptelike taal, wat min mense behoorlik kan verstaan en wat 'n simboliese funksie het, nou benut moet word om instrumentele doelwitte te bereik. Inligting moet gevolglik deur middel van tolke en tussengangers bekom word en dit is uiteindelik manipulatief en ondemokraties (Heine, 1991: 2.02).

Volgens De Lange (RGN, 1981: 209) is basiese geletterdheid noodsaaklik om funksioneel in die daaglikse lewe oor die weg te kan kom. In Namibië is ongeveer dertig persent van die bevolking ongeletterd en baie het slegs basiese geletterdheid in Afrikaans. Deur net die amptelike taal te benut, word die persentasie van ongeletterdheid verhoog en die sosio-ekonomiese agterstand van diegene wat 'n mate van

basiese geskooltheid in Afrikaans gehad het, verlaag tot ongeletterdheid.

Verder is De Lange (RGN, 1981: 213 - 214 en hy haal uit die verslag van UNESCO aan) van mening dat:

- 'n volwassene 'n taal moet kan praat om daarin te kan leer lees en skryf;
- daar lees- en leermateriaal in die taal wat aangeleer word, moet bestaan ;
- die taal van die werkgewer in ag geneem moet word en
- daar in Namibië hoofsaaklik met 'n plattelandse taalgemeenskap gewerk word.

Volgens Rubin (1984: 7) is die verklaring van 'n beleid, nie beplanning nie. Die beleidmaker moet ook die agtergrondinligting in ag neem en daarmee rekening hou dat die plan met ander sosiokulturele en -ekonomiese prosesse moet koördineer anders is dit "more than likely to remain just a policy" (Rubin, 1984: 7). As 'n beplanningspoging vir die myne nie spesifiseer watter vaardighede werknemers moet baasraak; in watter mate hulle hierdie vaardighede sou nodig kry en watter sosiale waarde dit sou inhou nie, kan so 'n plan misluk.

Doelstellings vir taalbeplanning moet dus op verskillende vlakke gestel word. Die wetgewer stel algemene doelstellings (bv. Engels moet die amptelike taal wees).

Daarna sal die instellings (bv. die myne) wat die beleid moet uitvoer, meer spesifieke doelwitte moet formuleer. Hierdie doelwitte sal die beskikbaarheid van fondse, personeel, tyd, uitvoerbaarheid en die noodsaaklikheid vir aanpassing in ag moet neem, en dan eers kan die implementeerders in terme van die plaaslike situasie die direkte doelwitte formuleer. Indien die bevordering van 'n taal op grond van politiese, historiese of ideologiese vertrekpunte gepromoveer moet word, moet die onderwyser/instrukteur se vermoë om die taal aan te bied, baie goed wees ten einde mislukking te voorkom (Paulston, 1984: 66 - 67).

Cluver (1989b: 2 - 6) bespreek die voor- en nadele wat die amptelike status van Engels vir Namibië inhou en hy wys ook op die redes wat gelei het tot die onaanvaarbaarheid van Afrikaans as amptelike taal. Hy wys op Engels as die simbool van onafhanklikheid, 'n wêreldtaal wat toegang bied tot informasie en 'n taal wat Namibiërs sosiaal, ekonomies en polities kan integreer - op die lang termyn - maar wat diskriminerend op die kort termyn kan wees deurdat dit meer politieke as sosio-ekonomiese betekenis het en mense taalkundig vreemdelinge in hulle eie land kan laat word. Boonop sal die implementering van 'n vreemde taal as amptelike taal, groot finansiële implikasies hê aangesien opleidingsgeleenthede en Engelsvaardige onderwysers en instruksieurs skaars is (vgl. ook Von Kleist, 1985: 51 - 52).

Dit sluit aan by wat Haugen (1987: 57) die absolute "bureaucratic solution" noem. So 'n oplossing gaan uit van die standpunt dat die meerderheid mense se belange buite die landsgrense lê, terwyl die teenoorgestelde eerder waar is. Mense se belange lê by hul huise, hulle werk en by hulle vriende en daarvoor het hulle nie 'n taal nodig wat buite die landsgrense benut kan word nie. Voorts is Haugen (a.w.) van mening dat "the imposition of another language merely for its national or international advantage is disruptive of the life pattern, leaving people uprooted, lonely, aggressive, and unsocial". Daar moet dus in Namibië na meertaligheid gestreef word wat vir almal gelyke geleenthede sal gee. Khubchandani (1984: 108) staan 'n soort progressiewe differensiasie voor waarvolgens by die lokale taal begin word en na 'n elite-model toe gewerk word. Wat uit die voorafgaande blyk, is dat tegnologiese ontwikkeling, modernisering en verwestering by implikasie op twee aspekte betrekking het en dit is: daar is die tegnologiese ontwikkeling enersyds en sosiale en inheemse geleenthede andersyds en albei hierdie behoeftes moet bevredig word.

Die voorafgaande kom daarop neer dat daar twee benaderings is wat met taalbeplanning gevolg kan word: 'n beleidsbenadering of 'n verrykingsbenadering (Paulston; 1984: 57). In Namibië en op sommige van die myne word die

beleidsbenadering gevolg. Dit hou in dat die regering (of die mynbestuur) dikteer. Hulle maak die taalkeuse en dit affekteer veral die swakker ontwikkelde en ekonomies ondergeskikte groepe by wie sterk houdings jeens taal kan ontwikkel.

Andersyds kan taalbeplanning 'n verrykingsbenadering nastreef en taalspesialiste, sielkundiges, taalonderwysers en gewone burgers by die beplanningspoging insluit en diegene laat besluit oor die offisiële en nasionale status van 'n taal of tale. So 'n beleid kan die taalgedrag van sowel die beleidmaker-elites en die gewone burgers affekteer en tot gevolg hê dat almal die taal sonder emosies aanvaar. Die beplanner se rol moet derhalwe wees om die beste oplossing vir die probleem te vind en in die proses 'n beplanningsdoel te formuleer wat regeringsleiers en die hele taalgemeenskap ten goede sal dien.

Die doel met taalbeplanning vir die myne kan derhalwe soos volg opgesom word:

- Die geskiedenis van tale in Namibië en die heterogene aard van die taalgemeenskap in 'n oorgangstadium moet as vertrekpunt geneem word en
- Afrikaans en Engels behoort in die beplanningsmodel betrek te word omdat dit
- doeltreffende kommunikasie tot gevolg sal hê en
- 'n demokratiese taalbenuttingsituasie sou kon skep waarmee
- nasionale eenheid of 'n mynidentiteit makliker bereik sou kon word en waardeur
- instrumentele sowel as simboliese taalwaardes tot hulle reg sou kon kom om sodoende
- sosio-politieke en sosio-ekonomiese mikpunte te bereik sodat daar in Namibië en op die myne vir alle mense 'n beter bedeling kan ontwikkel.

2 Feiteversameling

Uit die inligting wat met die vraelyste bekom is, maar veral met dit wat deur waarneming en informele gesprekvoering ingewin is, blyk dit dat die drie myngroepe ook drie tipes taalsituasies verteenwoordig. By Myngroep 1 is die algemene taal vir interne horisontale en vertikale kommunikasie in al die werksvlakke hoofsaaklik Afrikaans, en eksterne

kommunikasie geskied in Engels of Afrikaans. 'n Kennis van Afrikaans het binne sowel as buite die werksituasie 'n nuttigheidswaarde met 'n vertikale en horisontale kommunikatiewe funksie. Omdat almal in die noodsaaklike taal informele gespreksgeleentheid kry, ontwikkel taalvaardighede vinnig. Daar is een funksionele taal wat nie op amptelike, sosiale of streeksgrondslag met ander tale kompeteer nie en daarom is die situasie stabiel.

Dit ondersteun Kelman (1975: 34) se standpunt dat vaardigheid in 'n algemene taal ook instrumentele geneenthede tot gevolg het. Taalkeuses by hierdie myne (kyk Bylae C) hou hoofsaaklik verband met instrumentele redes en "instrumental attitudes in turn facilitate the development of sentimental ones by encouraging the discovery of cultural commonalities, and sentimental attitudes increase by enhancing trust, and so the process continues to feed on itself"(a.w.). By beide die myne, maar veral by Myn 1, bestaan daar geen negatiewe houdings jeens Afrikaans nie. Die sinvolheid van vraag 18 op die vraelys is bevraagteken, maar by Myn 6 was daar konfrontasie oor hierdie "politieke vraag". By Myngroep 1 speel politieke aspirasies wat met taal gekoppel kan word, nie 'n noemenswaardige rol nie en dit blyk ook uit die taalkeuse by vraag 29. Taal is grotendeels gekies vir die instrumentele waarde wat dit vir die taalgemeenskap inhou en die belangstelling in Engels was ter wille van 'n begeerte vir hoër geletterdheid.

By Myngroep 2 is alle eksterne kommunikasie en interne vertikale kommunikasie tussen die middelvlak en die bestuursvlak in Engels, terwyl horisontale kommunikasie by die bestuursvlak sowel as afwaartse vertikale kommunikasie by die middelvlak, hoofsaaklik Afrikaans is. In die laer vlakke word die moedertale vir horisontale kommunikasie benut en opwaartse vertikale kommunikasie geskied hoofsaaklik deur die medium van Afrikaans. Sterk negatiewe gesindhede jeens 'n taal is nie by hierdie myngroep ervaar nie. Anders as by die ander myngroepe word vereis dat alle werknemers 'n gebruikskennis van Afrikaans en/of Engels sal hê voordat hulle in diens kan tree. Taalvaardigheid kweek positiewe gesindhede en aangesien daar vir die laer werksmag nie 'n spesifieke taal voorgeskryf word nie en hierdie groep werknemers soos by Myngroep 1 'n redelike kultuurverskeidenheid omvat, het die veelsydiger taalgemeenskap en die taalvaardighede tot gevolg dat daar 'n positiewer taalgebruiksoriëntasie gevestig is.

Myngroep 3 (Myn 6) benut Engels vir eksterne en interne kommunikasie in die professionele vlakke, terwyl afwaartse kommunikasie in die werksituasie tussen die middel- en laer vlakke van die werksmag, Afrikaans benut. Horisontale kommunikasie geskied in die laer posvlakke van die hiërargie in die huistale en formele vertikale kommunikasie tussen die

bestuursvlak en hierdie groep werknemers is in Engels en die huistale (Ndonga/Kwanyama).

In die hoër posvlakke van hierdie myn werk hoofsaaklik Engelssprekers; die middelvlak is kosmopolities (heelwat Afrikaanssprekers) en in die laer posvlakke werk hoofsaaklik Owambo's. Werknemers uit die boonste posvlakke werk en bly in 'n dorpsituasie waar Engels die algemene omgangstaal is. Mense van die laer posvlakke woon in homogene huistaal-omgewings (hostelle) naby die mynbedrywighede en dit is soms tot 70 km. buite die dorp. Dit kom by implikasie daarop neer dat drie tale in heeltemal aparte domeine funksioneer: Engels op die dorp, Afrikaans by die werk en Ndonga/Kwanyama by die huis. Volgens die vraelysinligting is die taalgebruikers van die laer posvlakke ten gunste van Engels, maar aangesien dit vir die meerderheid 'n derde taal is waarin hulle nie oor die vaardighede beskik om dit in die werksituasie te gebruik nie, en waarin hulle min informele gespreksgeleenthede binne of buite die werksituasie kry, is die drie tale by die laer posvlakke van hierdie myn in konflik: Engels is die normtaal van die in-groep; Afrikaans, die werkstaal en Ndonga en/of Kwanyama het 'n sosiale en identifiseringsfunksie.

Hierdie talekonflik het tot gevolg dat diegene wat nie aan die drie-tale-vereiste kon voldoen nie, by die keuse van 'n myntaal, voorkeur aan hulle eie ongestandaardiseerde kode

verleen. Hulle wil nie Afrikaans verkies nie omdat dit nie die norm is wat die in-groep wil hê nie; Engels wat die in-groep verkies, kan hulle nie praat nie, en die enigste taal wat dan oorbly om te kies en waarmee die in-groep tevrede sal wees, is die moedertaal.

Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die feit dat die ondergeskikte groep in sulke gevalle verdeeld is. Die elite is meertalig en kan ten volle inpas in die sisteem, terwyl die gewone mense nie aan hierdie vereiste kan voldoen nie. Dit kan daartoe aanleiding gee dat die opvoedkundige, politieke en ekonomiese situasie van die laer klasse tot afskeiding lei deurdat daar geëis kan word dat aan 'n ondergeskikte taal gelyke status gegee moet word. In so 'n instrumentele taalkonflik tussen groepe sal identiteitsverskille al meer in fokus kom en 'n sentimentele taalkonflik tot gevolg hê wat taalgroeperings sterker na vore sal bring. Wedersydse vertroue lei dan skade en die moontlikheid van onderhandeling raak al moeiliker. (vgl. Das Gupta, 1975: 75).

Die dorpsituasie by Myn 6 is meer stabiel. Engels is die algemene gebruikstaal vir formele en dikwels ook vir informele interkulturele en interpersoonlike kommunikasie. Die taal het 'n nuttigheidswaarde binne en buite die werksituasie op die dorp en daarom weerspieël die taalkeuse

in die meeste gevalle by hierdie groep 'n instrumentele doel.

In die breë gesien en in terme van die geformuleerde doelstellings bo, behoort twee hooftale in die hiërargie van die myne (en in die land) benut te word. In die laer posvlakke van die werksituasie en as algemene omgangstaal, kan Afrikaans 'n instrumentele funksie vervul en interne kommunikasie verbeter. Op die middelvlak van die myne werk grotendeels Afrikaanssprekers en dit sal aan laer geskooldes van 'n verskeidenheid herkomste, nie net in die werksituasie kommunikasiegeleentheid gee nie, maar sal ook taalvaardighede aankweek wat in die breër gemeenskap van die platteland benut kan word. Die boonste posvlakke van die mynhiërargie is in baie gevalle Engelssprekers. Hulle kan die amptelike taal benut vir eksterne en internasionale kommunikasie, maar ter wille van interkulturele verhoudinge sou dit ideaal wees as ook hierdie groep (veral die Engelstaliges) na tweetaligheid sou streef (vgl. Whiteley, 1984: 69 - 70). * Engels gee toegang tot moderne tegnologie en internasionale kommunikasie, maar 'n inheemse taal soos Afrikaans, kan 'n besondere bydrae maak tot die ontwikkeling van 'n mynidentiteit en samehorigheid.

Vir alle werknemers hou so 'n vertrekpunt die moontlikheid van bevordering na hoër werksvlakke in. So 'n beleid sou ook 'n assimilasiemodel steun. 'n Assimilasiemodel streef

na een taal vir 'n land of, soos in hierdie geval, 'n myn. Taalverskuiwing moet egter vir meer as een generasie beplan word, en verder moet dit nie uit die oog verloor word nie dat taalverskuiwing makliker tussen taalfamilies plaasvind as wat dit tussen tale met baie onvergelykbare sisteme sou plaasvind. As werknemers dus een Westerse taal in die ideale omstandighede kan baasraak, sou dit ook makliker wees om 'n ander Westerse taal te leer bemeester.

Dit is ook so dat beplanning soms misluk omdat daar nie onderskei kan word tussen die werklike en die bedekte doelstellings wat as motivering vir taalbeplanning moet dien nie. In Namibië en op die myne word taalverandering as die bedekte doel nagestreef. Waar Afrikaans reeds gevestig is, moet dit verplaas word deur Engels. Die werklike doel is egter om nasionale eenheid en versoening na te streef en daarvoor sou Afrikaans 'n beter medium gewees het aangesien dit feitlik die hele spektrum van die Namibiese bevolking kon bereik het. Die werklike doel kan dus sonder die bedekte doel bereik word en daarom sal taalbeplanning om taalverandering te implementeer, nie noodwendig slaag nie (Rubin, 1984: 7 - 8). Rubin (a.w.) is van mening dat daar (soos moontlik op die myne en in die land) soms nie werklik 'n taalprobleem bestaan nie, "yet non-linguistic goals are aided by focusing on language problems".

5.4 Implementering

Tydens die implementeringstadium van 'n taalbeplanningsmodel moet verskillende strategieë gevolg word om deur finansiële en personeelbestuur by die voorafbepaalde doelwitte (soos in Hoofstuk 4 uiteengesit) uit te kom. Dit sal neerkom op die motivering van die bestuurders van die plan, maar ook ten doel hê om die ontvangers van die plan te motiveer. Daar moet opvolgwerk gedoen word en leermateriaal moet gekoördineer word.

Na aanleiding van die talesituasie op die verskillende myne binne die konteks van die taalgebruiksituasie in die land, behoort 'n meertalige beleid by alle myne geïmplementeer te word. Die benadering by die implementering van so 'n beleid sal egter by die drie verskillende myngroepe ook verskillende implementeringstrategieë impliseer want die kommunikasieprobleme lê by elke myngroep op 'n ander vlak.

By Myngroep 1 lê kommunikasieprobleme hoofsaaklik op die lokusievlak. Taalbeplanning behoort dus hoofsaaklik te konsentreer op die verbetering van taalvaardighede in die tweede taal. Uit die inligting wat op die myn verkry is, het dit geblyk dat die taalgebruiksituasies binne en buite die myn hoofsaaklik Afrikaans is en daarom sou dié taal die belangrikste objek van beplanning behoort te wees - veral in die laer vlakke van die werksmag.

By Myngroep 2 lê kommunikasieprobleme op die illokusie- en gesprekstategievlak, want werknemers kan slegs op grond van basiese taalvaardigheid in Afrikaans en/of Engels in 'n pos aangestel word. As werknemers dus met taal probleme ondervind, sal dit wees omdat hulle nie altyd die indirekte funksies van die tweede taal begryp of gesprekstategieë in die tweede taal effektief kan toepas nie, en dit kan dan die oorsaak van misverstande wees.

By Myngroep 3 is die konteks en die situasie waarbinne taal gebruik moet word, verantwoordelik vir die swak kommunikasie. Daar is kommunikasieprobleme, nie omdat die taalgebruikers slegs met taal probleme het nie, maar omdat sterk houdings rondom tale en kultuurgroepe gevestig is en gevolglik kan taalkursusse sulke probleme nie oorbrug nie. Deur taalbeplanning sal taalvaardigheid in die taal van 'n spreker se eie keuse en op grond van die situasie waarvoor hy dit nodig het, in aanmerking geneem moet word. Die gebruik van tolke sal beperk moet word ten einde taalhoudings in 'n mate te kan verander of aan te pas by dit wat vir die myn en die werknemers die grootste voordeel sal inhou.

Uit die feiteversamelingsdata het dit dus geblyk dat Myngroep 1 se werknemers hoofsaaklik 'n nuttigheidsdoel beoog met die verbetering van kommunikasievaardighede;

Myngroep 2 beoog kulturele integrering en by Myngroep 3 is dit integrerende doelstellings wat veral by die laer posvlakke die grootste voorkeur geniet.

In die mynsituasie (Myngroep 1) waar Afrikaans algemeen benut word, kan dié taal baie koste-effektief in informele gespreksituasies by moedertaalsprekers aangeleer word. Toepaslike kursusse wat die gebruiksituasie in aanmerking neem, kan bydra tot beter taalvaardighede, en beter taalvaardighede kan weer positiewe gesindhede bevorder. As werknemers 'n taal nodig het, en dit wil leer, en as die kursusinhoud geskik is vir volwassenes, kan dit taalvaardighede verhoog en sosio-ekonomiese opheffing tot gevolg hê. Dit kan dan 'n beter bedeling aanbied vir almal - die myn sowel as die individu. As alle kultuurgroepe met mekaar kan praat, sal dit beter menseverhoudinge stimuleer en nasionale eenheid bewerkstellig. Indien die werknemers toegelaat word om die taal te kies wat hulle nodig het, is dit 'n demokratiese proses en sal dit die heterogene bevolking dien.

Sou mense hulleself in die een Westerse algemene taal kan behelp, kan hulle ook in 'n vreemder taal (Engels) geletterd raak en dit kan lei tot die opheffing van die hele mens. Afrikaans by Myngroep 1 is dus nodig vir 'n beter bedeling met geleenthede vir almal.

By Myngroep 2 is twee tale in funksie. Afhangende van die nodigheid vir bepaalde situasies, kan bepaal word watter taal verfyn moet word om funksioneel en strategies doeltreffend te kan wees. Taalkursusse behoort dus nie basiese taalvaardigheid as oogmerk te hê nie, maar die fyner nuanses van die spreektaal moet deur middel van meer gevorderde taalgebruiksituasies aan werknemers tuisgebring word sodat daaruit taalkennis kan voortkom wat indirekte instruksies en opdragte makliker interpreteerbaar sal maak. Volgens Van Jaarsveld (1989: 448) kan sulke kulturele idiosinkrasië net by moedertaalsprekers aangeleer word. Die implementeerders van hierdie taalbeplanningsdoel kan dus net eerstetaalsprekers wees.

Myngroep 3 het drie tale in konflik. Hierdie konflik spruit voort uit sosio-politieke faktore wat deur die in-groep geïnisieer word. Daar heers by die verskeidenheid van kultuurgroepe allerhande vooroordele en stereotipes jeens mekaar. Dit is 'n moeilike taak om vooroordele en negatiewe stereotipes te verwyder. Taalbeplanning sal derhalwe die situasie waarvoor taal nodig word, in ag moet neem, maar sukses in kommunikatiewe vaardighede kan net volg as die negatiewe beeld wat alle kultuurgroepe van mekaar het, uit die weg geruim is. Doeltreffende kommunikasie by hierdie groep berus dus op die bevordering van beter menseverhoudinge.

Strategieë wat 'n kongruensie tussen verbale en nie-verbale gedrag implementeer (Van Jaarsveld, 1989: 148) is die enigste uitweg tot die oplossing van kommunikasieprobleme by hierdie myngroep. Werknemers van hierdie groep sal moet poog om 'n aangename gemoedelike atmosfeer te skep waarbinne kommunikasie kan plaasvind. Die taal wat vir die gesprek gekies word, behoort met die situasie en die verskillende perspektiewe en sienswyses van mense te korreleer en wedersydse vertroue moet gekweek word deur kennis van die verskillende kultuurgroepe te promoveer.

Optimale doelwitrealisering sal egter afhang van die aard van die strategieë wat vir die beïnvloeding van houdings aangewend gaan word. Om met sukses die kommunikasieprobleem op te los, sal dus nie net inhou dat die T2-spreker 'n klomp woordeskat gaan leer nie, maar eintlik sal die implementering van 'n taalbeplanningsmodel by hierdie myngroep moet daarna streef om kulturele grense deur taal te probeer oorbrug. Dit kan met Afrikaans gedoen word, maar moedertaalsprekers wat die "leermeesters" gaan wees, sal Afrikaans 'n hoflike taal moet maak; die taal suiwer moet gebruik en basiese strukture in die taalgebruiksituasie moet aanleer. Hoflike uitings moet met lyftaal en 'n vriendelike houding korreleer. Op so 'n wyse sal taalvaardighede verbeter en betekenisvolle kontak tussen wit en swart bewerkstellig. Verder moet die myn deurlopend die

kommunikasiekanale monitor om doeltreffende kommunikasie te verseker (vgl. ook Van Jaarsveld, 1989:447).

Kommunikasieprobleme by die myne behels dus nie soseer net taalprobleme nie. Eintlik behels dit taal, kultuur en sosiale omgewingsfaktore gesamentlik. Om net die een taal vir 'n ander te verruil, sal nie die kommunikasie verbeter nie, want dit sal nie die sosiale omgewing verander of die kultuurverskille uitwis nie.

5.4.1 Taalkursusse

Wanneer oorweging geskenk word aan die implementering van taalkursusse, moet drie aspekte in gedagte gehou word: die beskikbaarheid van personeel om dit aan te bied, die tyd wat daaraan afgestaan kan word en die moontlikheid van erkenning aan diegene wat die kursus deurloop het.

Instrukteurs sal goed opgelei moet word sodat die doel wat met so 'n kursus beoog word, nie deur hulle toedoen misluk nie. Volgens Gardner (1979:205) kan die aanleer van T2 gekonseptualiseer word as daar 'n kombinasie van positiewe houding en inset is. Albei faktore is nodig vir sukses. Dit kom daarop neer dat al sou 'n werknemer positief gemotiveerd wees en moeite doen om die kursus aan te pak, maar sy poging as gevolg van skofte of 'n swakgemotiveerde instrukteur gekortwiek word, kan hy as gevolg daarvan so

agter raak dat hy belangstelling verloor. 'n Aanbeveling sou wees dat die kursusaanbieding 'n herhalingsselement moet insluit om skofwerkers die geleentheid te gee om by te hou of dat kursusse gedeeltelik in werktyd aangebied moet word.

Volgens Jakobovits (1970) kan 'n basiese onderrigprogram binne 6 - 14 ure van intensiewe onderrig tot 'n redelike mate van taalvaardigheid lei. Hoe meer vloeiendheid vereis word, hoe meer tyd is natuurlik nodig, maar hy is van mening dat gesprek met Tl-sprekers binne 30 dae van intensiewe onderrig moontlik is.

Indien geskikte programme ontwerp kan word, kan dit by indiensneming as 'n vereiste gestel word dat applikante so 'n kursus moet deurloop alvorens die aanstelling bekragtig word.

Die mate waarin erkenning met goeie vordering gekoppel word, sal die entoesiasme bepaal waarmee volwassenes sulke kursusse gaan aanpak. As die poging nie voordeel vir volwassenes inhou nie, sal hulle ook nie leer nie.

5.4.2 Kursusmateriaal

Kursusmateriaal moet uit die verskillende situasies waarvoor taal benodig word, versamel word. Daar moet bepaal word wat die algemene kern van sulke kursusse moet insluit. Mense

met dieselfde taalbehoefte, moet in teikengroepe gegroepeer word. Elke groot groep kan weer uit subgroepe saamgestel wees - elk met meer spesifieke behoeftes. Die taalfunksies kan in die gesamentlike groep dieselfde wees en dan in die subgroepe kan daar gedifferensieer word deur telkens die woordeskat te rig op meer spesifieke onderwerpe uit die werksituasie. So sal een groep dan vaardiger raak om byvoorbeeld oor ondergrondse mynwerk te praat en 'n ander oor stootskrapers, maar as lid van dieselfde teikengroep, sal albei die subgroepe oor die ontspanningsklubs van die myn kan praat.

Ten einde groepe en subgroepe saam te stel en die kursusinhoud te bepaal, sal van vakkundiges gebruik gemaak moet word. Hulle kan help deur:

- 'n algemene omskrywing te gee van die tipe taal wat 'n voornemende spreker as deel van die teikengroep sal moet kan gebruik;

- die taalaktiwiteite waarmee hy te doen gaan kry, te omskryf;

- die situasies waarin hy taal gaan nodig kry, te lys;

- die onderwerpe waaroor hy moet kan praat, uit te soek

- en die taalhandelinge in terme van die onderwerpe te

bepaal (Littlewood, 1984: 83).

Dit kom daarop neer dat die kursusinhoude baie nou moet aansluit by die "actual communicative uses that the learners will have to make of the foreign language" (a.w.: 76).

Met betrekking tot die kommunikasieprobleme soos dit hierbo ten opsigte van die drie myngroepe uiteengesit is, hoef nie slegs op praktykgerigte werkstaalonderwerpe gekonsentreer te word nie, maar kan daar deur sulke kursusse juis ook aan sosiale taal aandag gegee word ten einde sosiale verhoudinge en kennis omtrent ander kultuurgroepe te verbeter. Dit is eweneens so belangrik as die taalvaardighede self.

Ofskoon dit hoofsaaklik die werknemers in die laer posvlakke van die myn is wat taalkommunikatiewe probleme het, kan daar op die tweetalige myne ook op die intermediêre posvlakke taalbehoefte bestaan - veral waar indirekte taalfunksies in 'n tweede taal oorgedra moet word. Sulke kursusse hoef dus nie beperk te wees tot die verwerwing van slegs basiese taalvaardighede nie.

Voorts is daar verskillende vlakke van taalvaardigheid wat met kursusse gedek kan word. Alle vaardighede (luister, lees, skryf en praat) hoef nie vir alle kursusse ingesluit te wees nie. Indien die behoefte slegs luister en praatvaardighede van 'n werknemer vereis, dan kan die kursus beperk word om net hierdie vaardighede aan te bied.

5.4.3 Spesifieke vereistes

Kursusinhoud behoort nie slegs tot taakgerigte vaardighede beperk te wees nie, maar moet 'n "wide angle approach hê". Dit hou in dat enige onderwerpe gekies kan word solank as wat die probleemstelling wat onderwerpe aanraak," (call) for the same kind of thinking for their solution, the same kind of procedural work learners will be required to use in their special field of specialization" (Widdowson, 1984:91). Die mense behoort die taal effektief te leer gebruik.

Die taal wat in die kursusse ingesluit word, moet ook voorsiening maak daarvoor dat werknemers hierdie taal wat hulle geleer het, kontinuerend in taalgebruiksituasies kan toepas. Die ideaal sal wees as die vakman en die helper dieselfde kursus kan volg sodat die taal wat geleer is, as 't ware prakties in die werksituasie "ingeoefen" kan word.

5.4.4 Metodiek

'n Analitiese metode van onderrig moet gevolg word. Dit kom daarop neer dat die T2-leerder van die begin af aan 'n verskeidenheid van grammatiese strukture blootgestel moet word. Hy moet dus taal as 'n gedragsvorm baasraak en nie enkele strukture deur drillmetodes repiteer nie.

Volgens Brumfit (1985:17) is daar dikwels "a conflict between the art of teaching and the science of understanding the nature of teaching". Enige minderwaardige instrukteur kan as gevolg van onkundigheid met betrekking tot die geskikte metode, 'n groot strewe laat misluk.

Gespesialiseerde taalonderrig wat volwassenes interesseer, kan taalvaardighede verbeter, maar indien al die groeppfaktore in aanmerking geneem word, behoort daar by die implementering van 'n taalbeplanningsmodel ook ernstige aandag aan nie-linguistiese en buitelinguistiese aspekte gegee te word.

5.5 Evaluering

Evaluering geskied in twee fases (RGN, 1986 : 34). Daar moet voortdurend op 'n geïntegreerde basis evaluering van al die fases plaasvind. 'n Analise moet van tendense gemaak word en 'n algemene kontrolesisteem en toetsing van die programme moet gedoen word ten einde te bepaal of die doelstellings bereik word sodat vroegtydig bepaal kan word of die program werk. Sou alles na wense verloop, kan uiteindelik 'n kumulatiewe beoordeling van die taalbeleid gedoen word in terme daarvan dat die doelstellings met die uitkomst geëvalueer moet word.

5.6 Samevatting

Indien daar met taalbeplanning by die myne (of in Namibië) 'n werklike taaldoel nagestreef word, kan taalbeplanning slaag. Indien dit egter so is dat taalkeuse slegs 'n politieke en bedekte doel voor oë het, is taal slegs die simptoom wat dui op dieperliggende sosiale en kulturele probleme en sal dit nie noodwendig die taalgedrag van sprekers beïnvloed nie. Volgens Whitely (1984: 68- 69) blyk dit uit die geskiedenis van die wêreld dat waar taalkundiges aan taalbeplanning meegewerk het en daar derhalwe 'n taaldoel nagestreef is, dit tot suksesvolle taalbeplanning gelei het.

Die motivering vir taalbeplanning op die myne het taalverryking ten doel beoog, maar uit die versamelde inligting wil dit voorkom asof taalbeplanning eerder taalbeleid sal moet implementeer (Paulston, 1984: 55). Die meeste werknemers by al die myne beskik oor 'n basiese vaardigheid in Afrikaans en taalvaardigheid in die amptelike taal sal nie soseer die kulturele en sosiale probleme oorbrug nie. Indien taalbeplanning vir die myne binne die Namibiese konteks gedoen moet word, sal dit 'n tweetalige beleid moet ondersteun wat die simboliese en die instrumentele funksies van taal vir werknemers beskikbaar stel. As 'n mynbestuur vasberade is om ontwikkeling in een spesifieke taal tot uitvoer te bring, maar hierdie beleid is

nie in lyn met die taalsituasie in die land nie, sal daar, soos wat by sommige myne reeds ondervind is, nie sprake van enige implementering van so 'n beleid kan wees nie.

SINOPSIS

In hierdie studie word aan die hand van 'n kort inleidende historiese oorsig bewys dat Afrikaans die oudste Westerse "Afrikataal" in Namibië is. Afrikaans is deur die loop van die negentiende en twintigste eeu deur Oorlams, die Basters, Kleurlinge en trekboere in die land gevestig. Moontlik omdat dit van die begin af nie die taal van blankes alleen was nie en omdat destabiliseringsfaktore ten gunste van die verspreiding en die vestiging van die taal gewerk het, is Afrikaans vandag die omgangstaal van meer as 80% van die bevolking.

Teen hierdie agtergrond is die taalsituasie op die myne in Namibië ondersoek ten einde aan die hand van die taalbeplanningsteorie voorstelle vir 'n taalbeleid te formuleer en voorstelle ter verbetering van kommunikasieprobleme wat op die myne ondervind word, aan die hand te doen.

Inligting oor die taalsituasie op die myne is deur middel van waarnemingsbesoeke, informele onderhoude, groep-besprekings en vraelyste bekom en aan die hand van 'n kommunikasie- en misverstandsmodel ontleed.

Die bevinding was dat kommunikasieprobleme by die drie myngroepe wat by die ondersoek betrokke was, op verskillende

vlakke lê. Hoe meer daar van Afrikaans in die werksituasie gebruik gemaak word, hoe minder ernstig is die kommunikasieprobleme, en omgekeerd. By Engelse myne waar die ongeskoolde en halfgeskoolde werksmag hoofsaaklik deur een kultuurgroep beman word, is vooroordele en stereotipering die hoofrede vir swak kommunikasie.

Kommunikasieprobleme kan slegs opgelos word indien linguistiese sowel as nie-linguistiese oorsake vir swak kommunikasie in ag geneem word. Op al die myne sou 'n meertalige beleid die beste oplossing vir die probleem bied.

Indien suksesvolle beplanning by enige van die myne nagestreef sou word, sou dit beteken dat taalkeuses gemaak moet word om binne die taalkonteks in die land te pas, maar ook om instrumentele sowel as simboliese oogmerke te bevredig. In so 'n situasie kan Afrikaans die instrumentele interne doel vervul en Engels die eksterne simboliese doel.

ABSTRACT

In this study it proved by means of a short historical review that Afrikaans is the oldest Western "African" language in Namibia. During the nineteenth and twentieth centuries Afrikaans was introduced, and established in the country by Oorlams, Basters, Coloureds and trekking farmers. Probably because of the fact that from the beginning Afrikaans was not exclusively a language of whites only, and because of destabilization factors aiding the spreading and establishment of the language, Afrikaans today is the lingua franca of more than 80% of the Namibian population.

The language situation at the mines was investigated against this background in order to formulate a language policy by using the language planning theory to arrive at suggestions for the solving of communication problems experienced at the mines.

Information about the language situation at the mines was gathered by means of observation visits, informal interviews, group discussions and questionnaires, and this was analyzed by using a communication and misunderstanding model.

The conclusion was that communication problems experienced by the three minegroups investigated, operate on different

levels. The more Afrikaans was used in the job situation, the less serious communication problems were experienced, and vice versa. At predominant English mines where the unskilled and semi-skilled workforce consists of mainly one cultural group, prejudice and stereotyping were the main cause of bad communication.

Solutions for communication problems would only be found if both linguistic and non-linguistic causes for bad communication are taken into account. At all the mines the best solution will be that of a multilingual approach.

If any of the mines strive for successful planning, it would mean that a choice of language would have to be made to fit into the linguistic context of this country as well as satisfying instrumental and symbolic needs. In a situation as such, Afrikaans could be used to fulfil the instrumental and internal needs, and English the symbolic and external needs.

BYLAE A

DIE TALE VAN NAMIBIË

Boesman :	Kung	*	(Hoofsaaklik Wes-Caprivi)
	Ander Boesmantale	*	
Nama/Damara:	Nama		
	Damara		
Herero:	Herero		
Owambo:	Ndonga		
	Kwanyama		
	Kwambi	*	Lees en skryf
	Mbalantu	*	Ndonga
	Ngondjera	*	
	Kwaluudhi	*	
	Kolonkhadi/Unda	*	
Kavango:	Kwangali		
	Mbunza	*	
	Shambyu	*	Lees en skryf
	Geiriku	*	Kwangali
	Mbukushu		
Caprivi:	Lozi		
	Fwe	*	Lees en skryf
	Subiya	*	Lozi
	Yeyi	*	
	Totela	*	
Tswana:	Tswana		
Afrikaans:	Oranjerivierafrikaans	*	Lees en skryf
	Rehoboth-afrikaans	*	Standaard-
	Van der Merwe-afrikaans	*	afrikaans

Engels:

Duits:

Ander Europese tale

Ander Afrikatale

(Suidwes-Afrika. 1989. Departement Ekonomiese Sake: Verslag van Statistiek van skole, 1985-1989).

* Nie lees- of skryftaal nie.

BYLAE B

DIE VRAELYS EN BEGELEIDENDE STUKKE

-
- | | |
|---|--------------------|
| 1 | BEGELEIDENDE BRIEF |
| 2 | INSTRUKSIES |
| 3 | VRAELYS |
-

1 BRIEF WAT DIE VRAELYS VERGESEL HET

Geagte Mnr/ Mev./Mej.

In samewerking met die Kamer van Mynwese en die Arbeidsbevoororderingsfondsbeheerraad word 'n projek geloods waaraan al die myne in Namibië gaan deelneem. Die doel van die projek is om te probeer vasstel in watter mate daar kommunikasieprobleme op die myne bestaan. Sou dit blyk dat taalvaardigheid 'n struikelblok tot suksesvolle kommunikasie is, word kursusse in Engels en/of Afrikaans beplan om hierdie probleem te ondervang.

Uit 'n lys name wat deur die werkgewer verskaf is, is u naam ewekansig gekies om deel te neem aan hierdie projek. U word versoek om asseblief hierdie vraelys so volledig as moontlik te voltooi. U kan daarvan verseker wees dat u identiteit onder geen omstandighede bepaal sal kan word nie. Alle inligting wat u verskaf, is streng konfidensieel .

U deelname aan hierdie studie is besonder belangrik en kan bydra tot die korrekte interpretasie van die probleem, en uiteindelik tot die oplossing daarvan.

By voorbaat baie dankie vir u aandag en deelname.

J.J.FOURIE (mev.)

(Hierdie brief is ook in Engels verskaf).

2 INSTRUKSIES VIR DIE INVUL VAN DIE VRAELYS
 1 Hierdie ondersoek is nie 'n eksamen wat u kennis toets
 nie. U moet asseblief net eerlik u antwoord gee.
 Beantwoord die vrae spontaan, sonder om te lank te
 dink.

2 Die volgorde waarin veelkeusige antwoorde aangebied
 word, weerspieël nie 'n voorkeurvorgorde nie.

3 Daar is geen beperking op die tyd wat u kan gebruik om
 die vraelys te voltooi nie.

4 Beantwoord asseblief elke vraag en voltooi elke
 stelling.

5 Indien u 'n antwoord wil verander, kanselleer die
 eerste antwoord soos volg:

Goed	Baie goed
X	X

6 Moet asseblief nie die blokkies regs van die kantlyn
 invul nie.

7 Baie dankie vir u deelname.

KAMER VAN MYNWESE/ARBEIDSBEVORDERINGSFONDSBEHEERRAADINDUSTRIËLE KOMMUNIKASIEPROJEKVRAELYSSEPTEMBER 1987

01 Vraelysnommer:

1	2	3

--	--	--

02 Myn:

1	
2	
3	
4	
5	
6	
7	

--

ENGLISH QUESTIONNAIRE IS AVAILABLE

A. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Vul die ontbrekende antwoorde in of merk u antwoord met 'n kruis (X)
asseblief.

1. Ouderdom:

Jaar		
Onder 20		1
20 - 39		2
40 - 60		3

☐2. Geslag:

Manlik	Vroulik

☐3. Huistaal:

1. Engels	
2. Afrikaans	
3. Ndonga	
4. Kwanyama	
5. Herero	
6. Nama/Damara	
7. Kwangali	
8. Tswana	
9. Duits	
10. Ander	

☐4. Geboorteplek:

Distrik: _____

☐

2

5. My hoogste skool- of professionele kwalifikasie

1. Ongeskoold
2. Sub A - st 2
3. St 3, 4 of 5
4. St. 6, 7 of 8
5. St. 9 of 10
6. St 8 plus tegniese opleiding
7. St 10 plus tegniese opleiding
8. Gegraduateer

--

6. Aantal jare op 'n myn werksaam:

1. Hier: _____
2. Elders: _____

--

7. In watter afdeling werk u?

1. Bestuur
2. Mynbou
3. Personeeldienste en administrasie
4. Mediese dienste
5. Ingenieurswese
6. Aanleg
7. Finansies
8. Sekerheid
9. Laboratorium
10. Geologie
11. Magasyn
12. Rekenaar
13. Verliesbeheer
14. Skakeldienste

--

3

8. Wat is die naam van u werk?

1		11	
2		12	
3		13	
4		14	
5		15	
6		16	
7		17	
8		18	
9		19	
10		20	

B. Taalvaardigheid, Taalbehoefte en Taalhouding

9. Hoe gereeld gebruik u die volgende tale in u werk?

	1	2	3	4
	Nooit	Selde	Gereeld	Baie gereeld
1. Duits				
2. Fanagalo				
3. Afrikaans				
4. Engels				
5. Ndonga				
6. Kwanyama				
7. Nama/Danara				
8. Herero				
9. Kwangali				

1
2
3
4
5
6
7
8
9

4

10. Hoe gereeld gebruik u Afrikaans en Engels om by die werk met die volgende persone te praat?

Afrikaans met:

1. Ondergeskiktes (Juniors)
2. Oorgesiktes (seniors)
3. Kollegas
4. Vreemdelinge

1	2	3	4
Baie gereeld	Gereeld	Selde	Nooit

	1
	2
	3
	4

Engels met:

5. Ondergeskiktes (Juniors)
6. Oorgesiktes (seniors)
7. Kollegas
8. Vreemdelinge

	5
	6
	7
	8

11. Hoe gereeld gebruik u buite u werkstyd Engels en Afrikaans om met die volgende persone te praat?

Afrikaans met:

1. U vrou/meisie
2. Vriende
3. Die winkelleienaar
4. By die hostel/huis

1	2	3	4
Baie gereeld	Gereeld	Selde	Nooit

	1
	2
	3
	4

5

Engels met:

5. U vrou/meisie
6. Vriende
7. Die winkeleienaar
8. By die hostel/huis

Baie gereeld	Gereeld	Selde	Nooit

	1
	2
	3
	4

12. In watter vorm kry u Afrikaans en Engels in u werk nodig?

1* 2

Ja	Nee

Engels: Om dit te

1. praat
2. lees,
3. skryf,
4. verstaan.

Afrikaans: Om dit te

5. praat
6. lees,
7. skryf,
8. verstaan.

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7
	8

6

13. Dui asseblief aan hoe maklik u die genoemde tale in die volgende situasie kan verstaan.

	1	2	3	4	5	
	Baie maklik	Maklik	Moeilik	Baie moeilik	Glad nie	
1. 'n Instruksie van 'n senior in Afrikaans						1.
2. 'n Instruksie van 'n senior in Engels						2
3. 'n Verduideliking van 'n kollega in Afrikaans						3
4. 'n Verduideliking van 'n kollega in Engels						4
5. Om 'n vorm in Afrikaans te voltooi						5
6. Om 'n vorm in Engels te voltooi						6
7. Om 'n Afrikaanse omsendbrief te lees						7
8. Om 'n Engelse omsendbrief te lees						8
9. Om tegniese sake in Afrikaans te bespreek						9
10. Om tegniese sake in Engels te bespreek						10

7

14. Hoe goed kan u die volgende tale praat?

	1	2	3	4	5
	Glad nie	Swak	Redelik goed	Goed	Baie goed
1. Duits					
2. Afrikaans					
3. Engels					
4. Fanagalo					
5. Ndogo					
6. Kwanyama					
7. Kwangali, ens.					
8. Herero					
9. Ander					

15. Hoe goed kan u die volgende tale lees?

	1	2	3	4	5
	Glad nie	Swak	Redelik goed	Goed	Baie goed
1. Duits					
2. Afrikaans					
3. ndonga					
4. Engels					

8.

16. Hoe belangrik is dit om op hierdie myn die volgende tale te kan praat?

1. Afrikaans
2. Engels
3. Fanagalo
4. Ndonga
5. Kwanyama
6. Duits
7. Kwangali

1	2	3	4
Onbelang- rik	Redelik belangrik	Belangrik	Baie belangrik

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7

17. Hoe belangrik is dit om in die hostel (waar van toepassing) die volgende tale te kan praat?

1. Ndonga
2. Kwanyama
3. Fanagalo
4. Kwangani
5. Engels
6. Afrikaans

1	2	3	4
Onbelang- rik	Redelik belangrik	Belangrik	Baie belangrik

9

18. Hoe belangrik dink u gaan die volgende tale oor 10 Jaar in hierdie land wees?

1. Engels
2. Afrikaans

1	2	3	4
Onbelangrik	Redelik belangrik	Belangrik	Baie belangrik

1
2

19. Is daar mense met kommunikasieprobleme op hierdie myn?

1	2
Ja	Nee

--

20. Indien ja, verduidelik asseblief wat u bedoel?

1
2
3
4
5

21. Hoe ernstig dink u is kommunikasieprobleme op hierdie myn?

1	2	3	4
Glad nie ernstig nie	Redelik ernstig	Ernstig	Baie ernstig

--

10

22. Watter een van die volgende kommunikasieprobleme kom moontlik op die myn voor?

1. Daar is nie 'n probleem nie	
2. Werknemers ken nie Engels nie	
3. Werknemers ken nie Afrikaans nie	
4. Werknemers kan net Afrikaans of net Engels gebruik	
5. Werkgewers ken nie Afrikatale nie	
6. Werknemers ken net hul huistaal	
7. Ander redes?	

☐	1
☐	2
☐	3
☐	4
☐	5
☐	6
☐	7

23. Het u 'n kommunikasieprobleem?

1	2
Ja	Nee
☐	☐

☐

24. Watter van die volgende kursusse sou u moontlik graag wou volg?

1	2
Ja	Nee
☐	☐
☐	☐
☐	☐
☐	☐

1. 'n Taalkursus in Engels
2. 'n Taalkursus in Afrikaans
3. Geletterdheidskursus
4. Nie geïnteresseerd in enige kursus nie

☐	1
☐	2
☐	3
☐	4

11

25. Gee hierdie myn tans voorkeur aan 'n bepaalde taal?

1	2
Ja	Nee

26. Indien wel, watter taal?

27. Hoe tevrede is u met hierdie taalsituasie?

1	2	3	4
Baie tevrede	Tevrede	Neutraal	Ontevrede

28. Rangskik die volgende tale om u keuse van 'n algemene taal vir die myn aan te dui.

1 = Eerste keuse

2 = Tweede keuse

3 = Derde keuse

4 = Vierde keuse

12

Vul asseblief net die nommer in die oop spasie in.

1. Fanagalo

2. Afrikaans

3. Engels

4. Ndonga

5. Kwanyama

6. Kwangali, en.

7. Herero

8. Duits

	1
	2
	3
	4
	5
	6
	7
	8

29. Gee redes waarom u 'n bepaalde taal in 28
u eerste keuse gemaak het.

	1
	2
	3
	4
	5
	6

BYLAE C

VRAELYSINLIGTING

Hieronder volg die verwerkte inligting soos wat dit by elke myn afsonderlik versamel is:

1 MYNGROEP 1: MYN 1

A PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1 Ouderdom:

Jaar

Onder 20	----	1
20 - 39	62,4	2
40 - 60	37,6	3

2 Geslag:

Manlik Vroulik

84,9	15,1
------	------

3 Huistaal:

1	Engels	1,1
2	Afrikaans	35,5
3	Ndonga	16,1
4	Kwanyama	9,7
5	Herero	1,1
6	Nama/Damara	18,3
7	Kwangali	11,8
9	Duits	1,1
10	Ander uitheemse taal	----
11	Afrikaans en Engels	1,1

12	Ndonga en Kwanyama	1,1
13	Afrikaans en Nama/Damara	3,2

4 Geboorteplek:

1	Oorsee	1,1
2	RSA	26,9
3	Namibië	66,7
4	Afrikaland	3,2

5 Hoogste skool- of proffesionele kwalifikasie:

1	Ongeskoold	14,0
2	Sub A - st. 2	10,8
3	St. 3 - 5	21,5
4	St. 6 - 8	25,8
5	St. 9 - 10	9,7
6	St 8 + Tegnies	7,5
7	St. 10 + Tegnies	5,4
8	Gegradueer	4,3

6 Aantal jare op die myn werksaam:

(Gesamentlik hier en elders)

1	0 - 5 jaar	21,5
2	6 - 10 jaar	32,3
3	11 - 15 jaar	14,0
4	16 - 20 jaar	3,2
5	Langer as 20 jaar	22,6

7 Afdelings betrek met die vraelys:

1	Bestuur	4,3
2	Mynbou	6,5
3	Personeeldienste	18,3
4	Mediese dienste	1,1
5	Ingenieurswese	26,9
6	Aanleg	17,2
7	Finansies	10,8
8	Sekerheid	4,3
9	Geologie	1,1
10	Magasyn	6,5
11	Rekenaar	1,1

8 Die amptitel is op versoek nie vermeld nie.

B TAALVAARDIGHEID, TAALBEHOEFTE EN TAALHOUDING

9 Taalgebruik in die werk.

	1	2	3	4
	Nooit	Selde	Gereeld	Baie gereeld
1 Duits	82,2	9,7	----	----
2 Fanagalo	90,3	5,4	3,2	----
3 Afrikaans	4,3	----	16,1	79,6
4 Engels	48,4	24,7	18,3	8,6
5 Ndonga	67,7	4,3	5,4	15,1
6 Kwanyama	61,3	8,6	12,9	15,1
7 Nama/Damara	68,8	3,2	5,4	21,5
8 Herero	51,6	25,8	9,7	11,8
9 Kwangali	67,7	7,5	11,8	10,8

